# Die Bevryding

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global.co.za
Webwerf:
www.nuweopenbaring.co.za

# Die bevryding

**In hierdie boek, die derde in `n reeks eindtyd openbaringe aan Louise Snyder, gaan ons dierbare Verlosser voort om ons bewus te maak van Sy groot verlossingsplan, asook die groot reinigingsproses wat ons as gelowiges sal moet deurmaak, sodat ons Hom, eerstens in die gees, en daarna met ons vleeslike oë, sal kan sien**

**In die vorige twee boeke, "Maak en Breek" en "Golgota", word die aanloop tot die eindtyd pragtig geskets, maar in hierdie boek word die kern daarvan behandel. Hierdie boeke is `n moet vir elkeen wat `n intense verlange na JaHshua/Jesus het en wat Sy koms persoonlik wil ervaar.**

**Hierdie is nie mense se woorde nie, maar JaHshua Self se woorde, gedikteer aan Sy nederige en gewillige diensmeisie, Louise. Haar geestelike vordering kan in hierdie boek persoonlik ervaar word deur die leser. Die mooiste is egter dat JaHshua dieselfde beloftes vir elkeen van ons gee wat erns met Hom het.**

**Die uitgewer**

# Hoofstuk 1

*12 Des. 2007 05:25*

Kyk, in MY wêreld is daar baie dinge wat EK gemaak het, maar niks is so verhewe soos die mens nie. EK het die mens die kroon van MY skepping gemaak en daarom aan hom alleen die geleentheid gegee om MY kind te word. Die skepping om julle dien as reiniging vir die siele van die gevalle engele sodat hulle weer by MY kan kom. Julle almal is dan weer op pad na MY julle Vader en Skepper. Dit is mos die sieleleer waarvan EK julle nou al 'n paar kere vertel het. Dit is dan ook die ware betekenis van die gelykenis van die verlore seun soos ook verduidelik is aan 'n ander skryfkneg van MY. Julle is almal uit MY uit en kan onmoontlik nie anders as om weer met MY te verenig nie. Dit is dan ook die terugkoms van die verlore seun in die Vaderhuis. EK het nou al baie lank tyd gegee vir die verlore seun om terug te keer tot die Vader en net sekeres het al teruggekeer. Die res van hulle loop nog daarbuite en geniet die lewe terwyl hulle eintlik besig is om om te kom van die honger. EK het herhaaldelike kere uitnodigings aan hulle gestuur, maar is deur hulle van die hand gewys. Dit het nou tyd geword dat EK al die ongenooide gaste van die straat af sal roep om na die bruilof te kom, aangesien die genooides te besig is met hulle huise, plase, osse, huwelike en so meer. Luister na MY Stem en kom as Ek jou uitnooi, omdat die deure al amper toe is. Wanneer die deure eenmaal toe is, sal dit nie weer oopgemaak word nie en almal wat buite is, sal omkom en versmag van die honger. Dit beteken dat hulle heeltemal geestelik sal doodgaan, omdat hulle dan nie geestelike voedsel sal vind nie. Die deure van My ark staan nog op 'n skrefie oop en dit beteken dat daar nog so 'n klein tydjie oor is om gered te word. My wederkoms is om die draai en voor daardie tyd kan daar nog enkeles in hierdie wêreldsee van mense gered word. Julle almal wat nou al in MY ark is, sal moet uitgaan na die strate en die armes uitnooi om MY bruilof by te woon. Dit beteken dat julle net na die armes van gees sal moet gaan, omdat die wat vol is van hulleself, glad nie wil kom nie, nadat EK hulle al herhaaldelik uitgenooi het. Hulle weier halsstarrig om na My

bruilof te kom, omdat hulle nie die nut daarvan sien nie. Hulle is te slim in hulle eie oë en wil nie hulleself ledig om deur MY gevul te word nie. Hulle sal dan nie toegelaat word wanneer hulle dan aan die deur kom hamer as die deur eers gesluit is nie en dit wil soveel sê as dat hulle die sal wees wat gaan sê: “Meester het ons nie in U Naam wonders gedoen nie?Het ons nie die armes gehelp nie?” Dit sal dan MY antwoord aan hulle wees: “Gaan weg, EK ken julle nie. Julle het in julle eie name wonders gedoen en wou nie met MY GEES vervul geraak het nie. Julle was te wys in julle eie oë. ” Nou nooi EK weer almal uit om na MY bruilof te kom wat voor die deur is. Kom na MY sodat EK julle met MY GEES vervul en julle een met MY kan word en julle ook toegang tot die bruilof kan verkry. Kom na MY, sodat EK jou tot ‘n waardige gas kan omskep en vir jou ‘n bruilofskleed kan gee. Niemand wat sonder ‘n waardige bruilofskleed is, sal toegelaat word by MY bruilof nie en dit beteken dat niemand een met MY sal word as hy nie na My streef nie. Die strewe na MY is deel van die bruilofskleed. Die liefde is die hooftooisel en al die ander versiersels van die bruilofskleed is geloof, hoop, vertroue en alles wat daarmee saamgaan. Dra die bruilofskleed elke dag sodat julle nie onkant gevang word as die Bruidegom ewe skielik SY verskyning maak nie. EK maak MY verskyning enige tyd by enige mens en sal dan besoeking doen aan elke een van julle op die bestemde dag deur MY bepaal. Gelukkig is jy as EK alles in orde by jou vind en jy ‘n waardige bruilofskleed aan het. Strewe na My en EK sal jou tooi met alles wat jy nodig het vir MY bruilof (wederkoms). Amen.

## Hoofstuk 2

*12 Des. 2007 05:52*

Tussen julle mense heers daar baie misverstande wat deur MY oopgekrap en verwyder moet word, omdat dit baie van julle weerhou om direk na MY te kan kom. Julle dink byvoorbeeld dat EK nie 'n Ewige God kan wees nie, omdat EK deur die mensdom gekruisig en gedood is. Baie van julle wat nou hier lees kan nou nog nie verstaan waarom EK MYSELF laat doodmaak het deur klein nietige mensies nie. EK het dit verduidelik in die boek "**Op Golgotha**", maar EK sal dit nou weer 'n keer duidelik maak. EK het as mens na hierdie aarde gekom om die mense van daardie tyd te bevry van hulle nood en angs wat geheers het, as gevolg van die misbruik van die tempel. Dit was een rede vir MY koms op daardie tydstip. Daar is nog baie ander redes ook. Die mense van daardie tyd het My gesien as 'n wraaksugtige God wat alles wat leef en beef oordeel met die ewige dood. Nêrens was daar iemand wat geglo het dat EK Liefde is nie. Hulle het 'n heilige vrees vir My gekoester, omdat die tempel dit ook so aan hulle weergegee het, om sodoende die mense oor te haal om hulle offergawes gereeld aan die tempeldienaars te oorhandig. Gereeld is daar vertel dat EK woedend is oor 'n daad deur iemand en dat hy dan baie moet offer om My weer gelukkig te maak. Dit was dan waarom die mense MY so gevrees het. EK moes dit kom regstel en MY Naam weer onder die mense in liefde kom vestig. EK wil nie hê dat mense My uit vrees moet aanbid nie. EK wil geheel en al oorgawe uit liefde uit hê. Dit is dan waarom EK as mens tussen hulle geloop het. EK het siekes gesond gemaak en die mense van hulle blinde vrees vir God genees, sodat die wat MY leer ken het, MY lief gekry het met hulle hele harte. Hulle liefde vir My was so groot, dat hulle later ook self hulle lewens vir MY gegee het, tydens die groot moord op My kinders in daardie tyd. Gewillig en sonder dwang het hulle vir MY gely en ook gesterwe. Dit is hoe EK almal wil hê - sonder dwang en sonder vrees. Met MY menswording op hierdie aarde het baie MY leer ken as 'n baie sagmoedige mens wat alles vergewe wat gedoen word teen My. Hulle was altyd onder die verkeerde indruk van MY en daarom moes EK hulle kom reghelp. Nou moet EK julle weer

kom reghelp, maar kom nie in die vlees nie, maar in die Gees, deur middel van My skryfknegte wat MY Woorde aan julle neerpen. Ek wil julle van al die misverstande bevry en deel julle hierdie brokkie mee. Tydens MY verblyf op aarde was daar 'n man wat baie diep onder die verkeerde indruk van God Elohim was. Hy was onder die indruk dat hy oombliklik met vuur verbrand sou word wanneer hy eendag voor HOM sou staan, omdat hy eendag 'n tyd, voordat EK by hom gekom het, sy verlowing met 'n meisie verbreek het, omdat hy gevoel het dat hy haar nie lief genoeg gehad het nie. Die meisie se ouers was gesiene mense onder die volk en het met behulp van die tempel aan hom vertel dat hy met haar sou moes trou, omdat die vuur van My wraak oor hom sou wees indien hy dit nie doen nie. Hy moes elke maand ontsaglike bedrae aan die tempel gee sodat "My vuur" net nog so 'n rukkie weg sou bly. Hy kon egter nie oorreed word om wel met haar te trou nie en hulle was diep gekrenk daaroor. Sonder dat die man My geken het, het Ek eenmaal na hom gestap en met hom begin gesels oor die "vuur" van God. Dit was vir hom 'n baie stekelrige sakie en hy was baie bang in sy binneste. EK het aan hom vertel dat die vuur van God maar net die reinste liefde was en dat dit nie 'n felle vuurvlam was wat uit die hemel op hom sou neerreën soos wat aan hom vertel is nie. Hy was aan die begin maar taamlik skepties en wou My glo, maar sy vrees was een teveel vir hom en hy het na maande se teistering in trane uitgebars en voor My voete neergeval. Hy was 'n baie gelowige man en het absoluut geglo dat Die God van Israel hom sou straf. EK het hom opgetel en sag met hom gepraat, omdat hy vertroosting nodig gehad het. Hy is in My arms na 'n sagte kol groen gras gedra waar Ek hom neergelê het. Nadat EK hom met koel water gelawe het, het hy bygekom en was verheug om te sien dat hy nie meer in die stofstraat gelê het nie. Hy het in My vriendelike gesig vasgekyk en EK het aan hom bekend gemaak dat EK die Verlosser van Israel was. Dit was alles aan hom bekendgemaak, net deur die gees en hy kon dit in My oë sien. Hy is vervul met 'n groot liefde vir MY en het daar opgestaan sonder 'n sweempie van vrees meer. Hy het na My gekom en My omhels wat My liefde aan hom nog meer bevestig het en hy is deur My van al sy misverstande bevry. Daar het geen vrees meer

hoegenaamd in hom agtergebly nadat EK met hom klaar was nie en met nuwe lewe kon hy voortgaan sonder enige twyfel. EK het My Naam in ere herstel by hom. Hy het besef dat My Naam net Liefde was en het verder daarop gebou, sodat hy later een van MY kosbare dissipels geword het. Daarom wil Ek ook MY Naam in ere by julle kom herstel, sodat julle MY ook nie meer uit vrees dien nie, maar uit liefde. EK is sagte tere Liefde wat nooit ophou nie en sal julle almal so aan My bors vashou soos daardie man uit MY tyd op aarde. Geeneen van julle sal deur My verwerp word, omdat daar misverstande oor My in jou is nie en daarom kom EK dit nou alles aan julle verduidelik. My kruisiging was dan ook so ‘n daad van liefde, omdat My kruisigers en pynigers dan ook deur My dood tot ander insigte gebring is. EK het hulle almal so liefgehad dat EK Myself in hulle hande oorgegee het om gemartel te word. Hulle het toe ook later besef dat EK liefde was en is. Hulle is almal deur My ook gedra, al was hulle verantwoordelik vir My liggaamlike dood. Baie van hulle het dan ook heeltemal omgeswaai en hulle harte aan My gegee. EK was sagmoedig, selfs tydens My marteling, en het niemand kwaai aangekyk nie en dit het al beroeringe in sekeres van hulle teweeggebring. Hulle is eers na My dood gered en oortuig van My Goddelikheid. Met ‘n nuwe uitkyk op die lewe en ‘n ander opinie oor My is hulle ook na My gebring, waar hulle voor My voete neergeval het en na My geroep het om vergifnis. EK het hulle almal vergewe en met My opstanding was hulle ook teenwoordig waar hulle My weereens om vergifnis gesmeek het. EK vergewe almal wat in ware berou na MY kom en so is hulle ook vergewe en gered deur My kruisiging. Dit was een van die redes vir My kruisiging. EK is deur hulle gemartel en gekruisig en het hulle daardeur ook gered, omdat hulle My sagmoedigheid raakgesien het. As julle getrou op My wag, sal EK alle misverstande vir julle opklaar en julle sodoende daarvan bevry.

Amen.

# Hoofstuk 3

*13 Des. 2007 04:54*

Julle lewe in ‘n tyd waar elke mens net na homself omsien. Die meeste mense gaan hulle gang sonder om eers twee keer te dink aan die mense om hom. Bure sal omkom van die honger sonder dat die een van die ander se lyding weet. Die illusie van “elkeen vir homself” is die volgende waarvan EK julle wil bevry. In MY skepping werk dit hoegenaamd nie so nie. Sekere spesies diere lewe wel op die oog af so en dit lyk of die diere hulle nie aan mekaar steur nie, maar in der waarheid ondersteun hulle mekaar baie sterk. Net omdat die een nie die ander te hulp snel as hy deur ‘n roofdier aangeval word, beteken nie dat hulle mekaar nie ondersteun nie. Vir die mens in sy blindheid lyk dit wel so. Neem nou maar ‘n trop Sebras met ‘n jagluiperd. Almal sal verwilderd rondhardloop en die hasepad kies sodra hulle besef hier is nou iets wat hulle wil vang en vreet, maar elkeen weet dat dit nou tyd geword het vir een om verder te gaan, en daarom sal hulle dadelik stil gaan staan nadat daar een gevang is. In die binnekant van daardie Sebras raak dit baie vinnig stil en sal hulle weer ongestoord verder vreet tot daar weer ‘n bedreiging kom. Dit lyk of hulle maar net te bly is om weer verder te vreet en dit lyk of hulle nie eers weer dink aan hulle verlore maat nie. In MY orde in MY skepping werk dit bietjie anders as die mens en daarom lyk dit of hulle maar net aangaan sonder om mekaar te help. Wat inderwaarheid gebeur, is dat die ander wat oorgebly het, sorg dat hulle nader aan mekaar kom, sodat hulle mekaar kan beskerm deur die verwarrende strepe op hulle liggame. ‘n Roofdier sal dan nie maklik kan onderskei tussen hulle nie. Die ander “ongelukkige” sebra sal dan verder gaan in die sielewêreld en hom verenig met ‘n ander diersoort sonder om eers bewus te wees van sy vorige bestaan. Ons sebratrop sal ook verder gaan, wetende dat hulle nie vir ewig sal lewe nie en hulle sal op die uitkyk wees vir die volgende roofdier wat op hulle afkom. Net omdat die ander nie daardie ongelukkige sebra te hulp gesnel het nie, beteken nie dat hulle nie bymekaar staan nie. Kom laat EK julle verduidelik hoedat hulle mekaar ondersteun. In die sebragroep is daar hingste en merries en ook vulletjies. As julle

kan onderskei tussen hulle op so ‘n groot afstand en tussen so ‘n mengelmoes sal julle agterkom dat sekeres tussen die vulletjies bly, die hele tyd. Selfs as daar bedreiging is, sal sekeres die hele tyd wees waar die meeste vulletjies is en sodoende probeer om hulle dop te hou en in ‘n mate te beskerm. Daar is dan ook ander wat net vervaard weghardloop, omdat dit nie hulle beurt is om na die kleintjies om te sien nie. Al kan hulle eintlik niks doen om die kleintjies te beskerm nie, en word daar tog ook kleintjies gevang, sal hulle tog op hulle poste wees om na die kleintjies te kyk. Die kleintjies hardloop ook wel deurmekaar rond en is tussen die grotes, maar daar is merries wat hulle met ‘n valkoog dophou. Daar is ook sekere ordes wat onder hulle heers om die voortbestaan van die spesie te verseker. Hulle is in hulle lae vlak baie meer besorg oor mekaar as die mens met sy vêr ontwikkelde verstand. Dit is waar die mens ondergeskik aan die diere raak. Die dier kan niks meer doen as wat EK aan hom gegee het om te doen nie, maar die mense het ‘n vrye wil en kan kom en gaan soos hy wil. Dit stel hom in staat om ander te kan help en uit te reik na sy naaste wat minder het as hy. Die mense is nie veel gepla om onder mekaar in te gaan en hulleself te verseker dat almal genoeg het nie. Dit is waarom sekeres baie meer het as ander en daar selfs mense is wat van die honger sterf. Julle sal nou sê dat julle nog nie iemand sien sterf het van honger nie, maar EK sê aan julle dat daar wel mense is wat van honger gesterf het. Hulle is tussen julle gewees en was te skaam om te kom vra. Daar is ook mense met ‘n broodgebrek wat net-net oorleef. Sulke mense sterf ook stadig maar seker, omdat hulle nie alles inneem wat hulle werklik nodig het om gesond te bly nie. Daar is baie van die laaste groep onder julle volk. Gaan uit in die strate en julle sal dit raaksien. EK sal julle oë oopmaak sodat julle diesulkes sal kan herken. As almal na mekaar kyk en mekaar ondersteun soos wat sommige diere doen, sal daar baie minder probleme wees. Daar is so baie gebroke huisgesinne met kinders wat absoluut niks het nie. MY kinders, gaan help julle naaste in die nood en julle sal sien hoedat EK julle seën sodat julle sonder gebrek weer en weer aan hulle kan gee. Gaan help jou eie volk en moenie jou brood aan die ander gee nie. EK het sekere mense op jou pad gebring sodat julle mekaar soos broers en

susters kan liefkry en bystaan. Kom vra MY en EK sal aan jou bekend maak na wie jy moet gaan sodat jy hulle kan help. Baie mense is trots en sal nooit kom vra nie. Hulle ken My dan ook nie sodanig dat hulle net op MY vertrou nie en het dan My hulp deur julle nodig. Julle moet hulle help en dan ook MY Woord aan hulle gee om te eet. Julle wat MY ken sal weet dat julle nie self na ander mense moet gaan om hulp nie. As jy wat hier lees self 'n gebrek aan iets het, moet jy MY self kom vra en Ek sal aan jou gee wat en wanneer jy dit nodig het. Moenie op ander staatmaak nie, Ek sal jou help. EK sal jou ook help deurdat EK iemand op jou pad stuur met dit wat jy nodig het, maar dit is nog steeds Ek wat jou help. Moenie jou lot by ander gaan bekla nie, kom lê dit aan My voor en EK sal weet wat om te doen. Gaan uit na ander wat MY nie ken en nie weet hoe om MY te vra vir dit wat hulle nodig het nie en help hulle sodat hulle MY ook kan leer ken en hulle op MY sal steun vir hulp. EK help werklik op die beste maniere en baie kan getuig van MY werksaamheid, waar hulle niks aan 'n ander gesê het van hulle gebrek nie, en iemand by hulle kom aanklop het met dit wat hulle op daardie oomblik broodnodig gehad het. Dit is waarom EK sê dat julle mekaar en My moet liefhê sodat EK alles ten goede kan laat meewerk. EK sal oral help waar EK gevra word en julle moet mekaar ook in liefde help. Wees geduldig is tye van siekte en armoede en EK sál uitred. Daar is niemand wat na julle omsien soos EK nie en die armoede wat baie keer onder julle heers is ook sorg van MY kant af vir julle siele. Om altyd alles te hê wat julle nodig het, is ook nie so goed vir julle siele soos wat julle dink nie, en daarom moet EK julle soms ook sonder dinge laat gaan, sodat julle geleer word en ook gereinig word. Kyk 'n bietjie terug op jou lewe en jy sal sien hoedat EK jou gehelp het tydens jou swaarkry, en jy sal 'n wonderlike getuienis kan lewer van MY hulp. As jy alles gehad het wat jy begeer, sou jy MY kom vra het vir hulp?Sou jy aan ander kon vertel hoedat EK jou gehelp het? Nee, jy sou op jou eie rykdomme staatgemaak het en MY nie eers geken het nie. Baie kan getuig hoedat EK hulle van die straat afgehaal het en gehelp het. Hulle kan van MY Grote Liefde getuig wat hulle omvou het en van hulle ander mense gemaak het. EK gebruik die wat hulle as werktuie in MY Hande gee om ander te help. Kom gee jouself

aan MY oor as ‘n werktuig sodat jy ook ander mense kan gaan help. EK het jou hande nodig om vir MY arbeid te verrig en jy sal ryklik daarvoor geseën word in MY ryk hierna. Dit belowe EK aan almal wat MY liefhet en MY en sy naaste wil dien. Wees diensknegte en moenie heersers wil wees nie. Wees nederig sodat EK jou kan gebruik, omdat hoogmoed jou bedorwe maak en EK niks met jou kan uitrig nie. Dit is al wat EK vandag aan julle wil sê. Dink hieroor na en kom na MY sodat jy ook ander om jou kan help.

Amen

# Hoofstuk 4

*14 Des. 2007 05:13*

Kom vra maar vir MY alles wat julle wil weet en Ek sal dit alles aan julle sê sodra julle MY Stem in julle binneste kan hoor. EK bevry elkeen van alle aardse vrees en elke ander ding wat pla en waarvoor jy nog nie ‘n oplossing gevind het nie. Gaan vra maar vir My skryfknegte, EK het al verskriklike dinge aan hulle bekend gemaak, wat hulle self nooit sou kon verdra het as hulle MY nie in hulle binneste kon hoor praat het nie. EK versterk hulle geweldig, net met MY nabyheid en alles word aan hulle verklaar. Selfs die geloofstryd wat nog voorlê is vir hulle niks. Dit is nie omdat hulle so goed is of so sterk van geaardheid nie, dit is omdat EK hulle krag gee daarvoor. Baie dinge is al aan hulle bekend gemaak wat betref die toekoms en hulle kan dit al dra, al is dit swaar. Nou waarom dan? EK, MY liewe kinders, is die antwoord op julle vraag. Geeneen van hulle sou dit kon vat nie, omdat dit baie swaar is, maar Ek het dit van hulle skouers afgeneem en dra dit vir hulle. Hulle het MY opgeneem en loop dan verder asof niks in die wêreld hulle sal kan onderkry nie. En in der waarheid sál niks hulle onderkry nie omdat EK, hulle PA en Verlosser, die hele tyd langs hulle stap en hulle saam met MY dra. Hulle besef nog nie eers dat EK hulle dra nie, hulle dink die heletyd dat EK hulle help met hulle swaar las en weet nie dat EK hulle al lankal SELF opgetel het nie. Dit is die rede dat hulle skynbaar sonder vrees nog die toekoms tegemoet wil hardloop. Maar diep in hulle harte skuil daar nog net een vrees wat nog oorkom moet word en dit sal Ons ook nog regstel. Dit is nog die maar die vrees vir die dood. EK sal julle vertel wat MY planne is om julle almal te genees van daardie vrees. EK sal aan julle wys dat die dood niks is wat gevrees hoef te word nie deurdat EK iemand uit die dood sal opwek en lewendig aan julle almal sal teruggee. My skryfknegte weet al wie hierdie persoon is en was baie geskok toe hulle dit hoor. Veral MY een skryfkneg was baie bang en hartseer, omdat dit haar eie seun sal wees. Sulke dinge kan hulle al dra sonder om inmekaar te sak van vrees. EK het haar al sodanig versterk dat sy dit alles in MY Hande oorgegee het en nie meer so vrees soos aan die begin nie. EK wil aan julle almal

iets bekend maak wat julle sal moet dra, omdat dit julle elkeen se las sal wees wat hy sal moet dra. Maar soos MY skryfkneg, sal julle dit ook met vreugde kan dra en verseker daarvan kan wees dat EK alles wat julle gewillig aan MY afstaan, weer sal terugkry. Alles wat julle aan MY gee, neem EK en vernuwe dit. EK herstel alles, sodat julle dit dan weer van MY terug ontvang en dit heeltemal anders en vernuwe is. Dit sal vir julle elkeen ‘n bron van vreugde gemaak word. Gee alles in MY bekwame Hande oor en EK sal jou verbly met iets nuuts wat EK in daardie plek aan jou gee. Dit sal dieselfde onderwerp wees wat julle eerste in MY Hande gegee het, maar net baie beter en nuut. Heeltemal oorgedoen en sonder foute. MY skryfkneg is ook al deur MY vertel dat haar seun vir haar nog groter vreugde gaan verskaf as nou. Hy sal ‘n ware profeet wees wat julle almal sal bystaan en julle sal almal nog oor hom juig, almal wat nou hier lees, want EK gaan hom teruggee sodat hy self kan kom getuig hoe ‘n Liewe Vader EK is, sodat julle MY nog meer lief kan kry en sonder enige vrees vir die dood, die geloofstryd tegemoet kan gaan. Dit is hoe EK julle van die doodsvrees gaan bevry, en wees bly hieroor, want dit sal vir julle almal tot groot seën strek, en julle sal alles kan verdra, omdat satan dan nie meer vir julle iets sal wees wat julle vrees nie. As julle voor ‘n keuse te staan kom, sal julle die regte keuses maak omdat julle nie meer bang sal wees nie. En julle gaan voor vreeslike keuses te staan kom! Baie van julle wat nou hier sit gaan moet kies tussen die lewe en die dood. Dien julle die Antichris, sal julle die aardse lewe kies en dien julle MY, sal julle die aardse dood kies. Dit sal voorwaar ‘n stryd wees soos daar nog nooit op aarde geheers het nie en niemand sal dit kan dra as hy nie eers vooraf deur MY versterk is nie. EK is julle krag en julle sterkte. EK maak julle voete soos die van herte, sodat julle te midde van groot wêreldberoeringe vlugvoetig oor alles sal kan spring en soos bokkies kan huppel, terwyl die wêreld om julle sal huil. Kom soek na MY Stem in jou binneste, soos wat EK al baie keer gesê het en jy sal ook deur MY versterk word. Dit sê Ek weer aan julle, en dink aan MY Grote Liefde wat julle herhaaldelik daarvoor uitnooi, sodat julle vol krag die toekoms in sal gaan.

Amen

# Hoofstuk 5

*14 Des. 2007 05:46*

Noudat EK julle vertel het hoedat julle van julle doodsvrees genees sal word, wil EK julle nog iets anders byvertel. Julle sal nie almal op MY nuwe aarde kan wees nie. Waarom nie? Omdat julle nie almal geskik is daarvoor nie. EK het in MY Groot raadsplan ‘n baie goeie rede daarvoor en die rede wat EK julle kan gee is dat net sekere kinders van MY die toets kan volstaan om daar te kom. Die toets sal wees in julle liefde vir MY. Baie van julle wat nou hier lees, het MY onbeskryflik lief en sal dan nie die nuwe aarde beërwe nie, omdat julle MY bo alles liefhet. Julle sal EK persoonlik kom haal en in MY arms na MY woning vir julle dra. Julle sal MY nog liewer kry in die tyd van die geloofstryd en sal nie meer ‘n begeerte hê om nog langer van MY “geskei” te wees nie. EK ken elkeen se hart en weet wat sy diepste wense is en in daardie tyd sal Ek dan ook kom, en almal wat wens om na MY te kom, sal Ek dan opneem en verlos. Die ander wat wel gaan agterbly, sal MY ook bo alles liefhê en hulle sal MY ook verwag, maar hulle sal nog nie die wens hê om deur MY opgeneem te word nie en sal dan verder gaan, nog steeds onder MY bewaring en vol moed en durf, omdat hulle op My alleen vertrou. Daar is nie fout met enige een van hierdie keuses nie. Altwee maak MY Vaderhart baie bly en julle sal almal hartlik deur MY geseën word. Dit is net dat party van julle al ‘n sterker begeerte sal hê as die ander om deur MY opgeneem te word. Lê alles in MY Hande en EK sal jou lei. Dit is nie verkeerd om op die nuwe aarde te wil wees nie, omdat dit ook ‘n ryk is wat EK vir julle berei het en Ek dit gaan gee aan almal wat MY getrou gebly het tot op die einde. Julle wat MY begeer uit die diepte van julle harte, sal ook kan kies of julle hier wil bly tot op die einde wanneer jou werk vir MY klaar is. Kies jy om na MY te kom, sal EK jou net eenvoudig kom haal en jou wegvoer na die plek wat EK spesiaal vir jou berei het. Daarom moet julle nie bekommerd wees en dink dat iemand verlore gaan, net omdat hy gesterf het tydens die geloofstryd nie. Daar mag nie sulke misverstande in julle heers nie en EK wil alles nou duidelik maak voordat die groot en deurlugtige dag van Jahweh aanbreek. Dit is nog iets waarvan

EK julle wil bevry - die misverstand oor die nuwe aarde en die wat deur MY voor die tyd opgeneem is. Wees egter nie bevrees nie, jy wat hier lees sál die regte keuse maak en EK sal jou ondersteun en jou gee wat jy begeer omdat jy MY liefhet en MY Aangesig soek.

Amen

# Hoofstuk 6

*14 Des. 2007 06:02*

Wees nie bang of verskrik nie, MY liewe kinders, want julle Vader en Verlosser sal julle nooit verlaat nie. Hy sal julle dra en behoed. Julle Vader, waarmee Ek een is, sal julle nie verlaat op ‘n tyd dat jy Hom die nodigste het nie. Almal om julle kan julle verlaat, maar Ek bly getrou en sal altyd by julle wees. My skryfknegte was al baiekeer bang dat EK hulle verlaat het en vol vrees roep hulle dan na MY en wanneer EK hulle antwoord, is hulle weer bang dat dit hulle eie stemme is wat antwoord. Dit is inderwaarheid net Ek wat die hele tyd teenwoordig is by hulle en elkeen van julle wat MY nog nie kan hoor nie. EK sal vir ewig by jou bly, as jy MY bo alles kies en liefhet. EK sal julle elkeen kom besoek en met elkeen van julle praat, sodra julle ryp genoeg is daarvoor. Vrees niks om julle nie, omdat Ek alleen groot is en EK jou dra en bystaan. Wat kan gebeur wat so erg is dat EK nie daarvan bewus is nie? Wat kan gebeur dat EK van julle wyk? Niks! Omdat julle MY nie kan sien nie, dink julle baie keer dat EK nie hier is nie. Niks is verder verwyder van die waarheid nie en EK sal dit weer en weer aan julle sê. Vrees niks! O, MY liewe kinders, as julle maar weet hoe lief EK julle het, sal julle alles net so neergooi en reguit na MY hardloop en in MY arms in spring. Weet julle dat elke aardse vrees en bekommernis julle swaar maak, sodat julle nie met vrymoedigheid tot in MY arms kan hardloop nie? Swaar laste kniehalter julle so, dat julle moeisaam die pad na MY stap. Die pad wat eintlik so lig as moontlik moet wees. Gooi alles af wat pla en hardloop! EK is nie vêr nie en sal jou vang voor jy moeg kan word. In MY arms sal jy dan verder gedra word en niks sal jou ooit weer uit MY arms kan haal nie. Satan is te bang vir My en elke probleem het EK al klaar oorwin. Wees wenners in MY, omdat EK alles al klaar gewen het. Geen verloorders word by MY toegelaat nie, omdat dit beteken dat hulle hulleself aan die verloorder se kant geskaar het. En wie is die verloorder? Niemand anders as satan self nie. Hy is die verloorder en is baie woedend daaroor. Kyk maar net na ‘n slegte verloorder en hou hom dop. Hy sal kwaad word en met woede op die wenner toeslaan as hy kan. Dit is presies wat die duiwel ook nou doen.

Hy slaan op julle toe, omdat julle wenners in MY is. Dit maak hom woedend en hy sal alles in sy vermoë doen om julle die onderspit te laat delf. Maar Ek is regverdig en staan julle ook by. EK los hom partykeer sodat julle getoets kan word, maar sal julle nooit verlaat en aan julle eie lot oorlaat nie. Dan kom daar ‘n dag dat julle heeltemal sonder smet is en dit nie meer nodig is vir toetse nie. Daardie dag is die dag dat EK heeltemal een met jou word en jy met MY verenig. Dit is die beste ding wat met jou kan gebeur hier op aarde. Dit is die wonderlikste gebeurtenis in iemand se lewe. Streef daarna sodat dit ook met elkeen van julle kan gebeur voor julle van hierdie aarde skei. EK help julle daarmee en hardloop julle tegemoet sodat die pad nie te ver vir julle raak nie. Dit moet julle lewe en strewe wees en enige iets anders moet ondergeskik wees daaraan. Almal van julle wat nou hier lees sal deur MY hulp een met MY word as dit jou begeerte is. Alles wat jy begeer, sal aan jou gegee word. Dit moet julle altyd onthou.

Amen.

# Hoofstuk 7

*15 Des. 2007 05:55*

Tussen al die mense op die hele aardbodem is daar een klein volkie wat My baie na aan die hart lê en dit is die Boervolk van Suid-Afrika. Julle is ‘n baie edele groepie mense wat opreg na MY soek. Deur al die eeue van julle bestaan het EK julle getrou bewaar. Deur al die swaarkry en seerkry het EK julle bewaar vir My, omdat EK geweet het wat julle doel op aarde is. EK het ‘n troue oorblyfsel beskerm, omdat EK die res van die wêreld wil wys hoe ‘n volk moet leef om MY waardig te wees. Julle is die voorbeeld wat EK wil gebruik sodat die wêreld MY kan leer ken en sien hoe getrou EK is. Dit is waarom julle hier is. Deurdat hulle julle lewe en strewe in Suid-Afrika ken en weet wat hier aangaan, sal hulle beslis ‘n wonderwerk van BO in julle redding sien. Dit sal dan die suiweres van hart aanspoor om hiernatoe te kom in die soeke na MY. Omdat hulle alreeds op soek is na MY, sal hulle dan deur julle uitredding deur MY, sien dat EK by julle is en hulleself hierheen haas om hulle by MY volkie aan die suidpunt van Afrika te skaar. Dit sal dan wees hoe EK MY Sionskind van regoor die wêreld bymekaar gaan roep. Weereens is dit julle lyding wat mense na MY trek. Binnekort gaan die bloed spat in hierdie land van julle en EK gaan julle uit ontsaglike gevare uitred en lei soos julle voorvaders uit Egipteland uitgelei is. Onthou hoedat die Egiptenare deur MY in die see verdrink het en Ek die Israeliete verder gelei het. Net so sal EK julle ook uitlei uit die wêreld met al sy probleme en Ek sal julle vergader, sodat EK self na julle kan kom en julle versterk vir die geloofstryd wat vinnig op pad is. Julle sal juig as julle weet wat EK in die volgende jaar vir julle beplan. Julle sal net by MY moet bly en op MY alleen vertrou, omdat net EK julle kan uitred. Vrees nie die hordes wat sal kom om julle te vermoor nie. MY Vaderhand is oor julle uitgestrek en Ek sal julle beskerm en bewaar net soos julle vaders by Bloedrivier. Dit is nou die dag voor die 16de en EK weet dat daar baie van julle is wat aan die gelofte met MY dink wat hulle aan MY gemaak het en Ek wil julle ‘n paar dinge daarvan sê. Die gelofte wat aan MY gemaak is, is al lankal klaar betaal deur die kerkie wat hulle vir MY gebou het. Die kerk is nie

vir MY iets waarin Ek bly nie, want julle harte is MY tempel, maar hulle het gedoen wat hulle aan MY beloof het. Ook wat die opvoeding van julle kinders betref, het hulle en julle gedoen wat daar belowe is. Die opvoeding van julle kinders mag nooit ophou nie en julle moet hulle gedurig van MY leer en ook die Slag van Bloedrivier aan hulle oorvertel net soos elke ander gebeurtenis wat plaasgevind het waarin EK groot gemaak word. Daarin is die gelofte afgelê. Julle weet dan ook wat die regte sabbat is wat vir My welgevallig is en daarom moet julle nie iets van die dag maak en dink dat dit 'n heilige dag is nie. Elke dag is net soos die ander vir My en wat EK wil hê is dat elke dag vir julle 'n sabbatdag moet wees deur jou werke en jou hart. Dan is daar nog 'n paar onduidelikhede in verband met die slag van Bloedrivier wat EK aan julle wil bekendmaak. Tydens die geveg het EK van MY engele uitgestuur tussen die hordes barbare in om hulle van kant te maak en die Boere by te staan. Die barbare het geskrik, omdat hulle MY in MY volle glorie gesien het en wou nie verder veg nie, uit vrees vir MY hemelskare wat hulle gesien het. EK het egter sekeres se oë gesluit gehou vir MY engele en hulle het dan die voorstes aangepor om te veg en in die laer te kom. Die voorstes het egter teruggedeins toe hulle MY engele kon sien en is dan ook deur die agterstes vorentoe gestamp tot in die hande van MY engele. Dit was dan ook waarom die klomp so onder mekaar baklei het. Die voorstes wou terugval, maar is deur die agterstes na vore gestoot en die voorstes was verbouereerd en het oor mekaar geval. Dit kon die Boere waarneem en was ook daardeur versterk, omdat hulle die eenheid tussen die barbare geken het. Die boere kon egter nie MY engele waarneem nie en het maar net voortgeveg. Die voorste linies is dan ook so afgemaai deur MY engele en nie die Boere nie, omdat daar baie dinge was wat teen hulle getel het. EK het elke man daardie dag so sterk in MY gemaak, dat hulle voortgeveg het en dit vir hulle gelyk het dat dit hulle self was wat die geveg lei. Maar EK het die geveg gelei en die oorwinning gegee. Dit sal nou ook weer so wees met die gevegte wat binnekort gaan uitbreek en EK sal weer die gevegte lei. EK sal aan julle die oorwinning gee oor elke vyand van MY en nie een van julle sal omkom nie. Dit sal vir julle die tweede slag van Bloedrivier wees waartydens julle MY weer sal vra vir die

oorwinning en Ek sal dit weer aan julle gee. Weereens sal die wêreld toekyk en dit nie kan glo nie. Hulle sal weet dat dit nie uit julle uit kom nie, aangesien julle te min en te swak sal wees om so ‘n oormaat vyande te kan verslaan. Dit sal dan ook die rede wees dat MY ander kinders in die ander lande hierheen sal kom. Hulle sal hulle by julle kom skaar, omdat hulle MY GEES hier bespeur. MY Sion sal dan almal bymekaar wees en EK sal dan self hier by julle wees en met julle kom praat en julle vir die komende tyd versterk. EK sal tussen julle wees soos die een tussen die ander. Julle moet MY nou al liefkry, sodat julle MY daar sal kan herken en sal weet wie EK is. Sonder die liefde sal julle MY nooit herken nie, omdat liefde liefde herken. Dit help nie net om op MY te vertrou nie, omdat die liefde eerste kom. Dink elke dag aanhoudend aan My en vrees nie die bose aanslae nie, omdat hulle magteloos teen MY is net soos by Bloedrivier. Maar julle sal ook moet veg in die gees soos in die vlees by Bloedrivier. Julle mag nie agteroor sit en niks doen nie. Sou die boere dit gedoen het, sou EK hulle nie verlos het nie. Voer self oorlog teen die bose in die gees deur MY die heeltyd aan te roep en die bose versoekinge te vermy. Glo, al kan julle nie sien nie. Hulle kon nie MY engele sien nie en tog is hulle deur MY engele gehelp en bygestaan. Dit sê EK aan die reine nageslag van daardie vegters by Bloedrivier. Lê geloftes aan MY in julle harte af en EK sal julle help en uitred. Die gelofte in die hart wat My welgevallig is, is die reine liefde vir MY en julle naaste.

Amen.

# Hoofstuk 8

*15 Des. 2007 07:25*

Laat Ek julle vertel van ‘n baie dapper Boervrou wat geleef het tydens die Groot Trek. Terwyl haar man gaan veg het tydens al die oorloë op daardie stadium tussen die boere en die ander nasies, moes sy met al haar kinders agterbly by die laer van Piet Retief. Hulle het elke dag huisgodsdiens gehou en MY dan geloof, ten spyte van die ontberinge wat hulle moes deurmaak. Sy en haar kinders was net klaar met huisgodsdiens, toe ‘n boodskapper daar opdaag en vertel dat die boere baie gewondes onder hulle gehad het. Sonder om te dink het sy haar medisyne tassie gegryp en saam met die boodskapper is sy toe weg om te gaan help met die gewondes. Haar geloof in MY was baie groot en sonder vrees het sy ingespring en haar naaste gaan dien ten spyte van die gevare waarvan sy geweet het. Hulle is deur ‘n horde barbare omsingel en sy het net bly bid en MY genade op hulle afgesmeek. EK het haar gebed verhoor en MY engel gestuur om haar en die boodskapper te verlos. Terwyl hulle so deur die barbare omsingel was, het daar skielik in hulle midde ‘n hele aantal Boere verskyn wat begin veg het en die barbare is met groot spoed almal verdelg. Daar het ontsettende verwarring geheers onder die barbare, omdat hulle nie gesien het waar die Boere nou ewe skielik vandaan gekom het nie. Hulle het in die middel van die kring verskyn sonder dat iemand hulle sien aankom het. Die vrou en die boodskapper het hulle egter nie gesien nie en kon nie verstaan waarom die barbare hulleself uit die voete probeer maak nie. Met vrees op hulle gesigte het hulle probeer wegkom, maar kon nie. Die boodskapper en die vrou het hulleself probeer verdedig, maar sou nooit die barbare kon oorwin nie en daarom was dit vir hulle vreemd dat die swartes die hasepad wou kies. Sy het dadelik geweet dat Ek uitkoms gestuur het en het My gedank vir die uitredding en verlossing. Sy het ‘n hele aantal Boere se lewens gered op daardie dag deur haar onbaatsugtigheid en ook deurdat Ek haar die gawe van genesing gegee het. Deur haar gebede aan My is baie se lewens gespaar. Menige Boer wat daardie dag onder normale omstandighede sou gesterf het, is wonderbaarlik genees, danksy MY GEES wat op

haar was. Dit sal ook julle deel wees, as julle MY altyd aanroep en liefhet ten spyte van slegte omstandighede om jou. Daar gaan nog baie soortgelyke gevalle voorkom in die tyd wat kom, maar vrees nie, omdat EK Die Een is wat bevry.

Amen.

# Hoofstuk 9

*16 Des. 2007 05:22*

Laat julle harte altyd bly wees en wees vrolik in julle binneste. Glo dat EK by julle is. Wat kan daar dan wees wat julle nog ongelukkig maak? Elke ding wat julle ongelukkig maak, sal soos mis voor die son verdwyn as Ek met julle is. Kom tot die besef daarvan, MY liewe kinders, dat EK julle nooit kan verlaat nie. Dit is ‘n baie groot probleem by baie van julle waarvan EK julle wil bevry. As EK met julle is die hele tyd, kan niks verkeerd gaan nie. Alles wat dan met julle gebeur, sal dan net so wees soos wat Ek dit beplan het. Gee alles aan My oor en EK sal dit vir jou regmaak. Sonder dat jy ‘n vinger hoef te verroer, sal Ek dinge uit jou hande neem en dit vir jou ten goede laat meewerk. Vrees niks, MY liewe kinders en gaan julle weg met selfvertroue, omdat Ek met julle is. Daar is baie van julle wat nou hier lees wat nog steeds nadat julle gebid het, bekommerd bly en al sê julle dat julle alles in MY Hande oorgegee het, glo julle dit nog nie werklik nie. EK sal al julle probleme tot niet maak soos wat julle almal al van kan getuig. Maar elke keer as daar ‘n nuwe probleem sy kop uitsteek, is julle weer van voor af bang en bekommerd. Moenie wees nie, MY kinders! As julle geestesoë kon oopgaan en julle om julle kon sien, sou julle houtgerus die lewe deurgegaan het. Maar nou sien julle niks en dink dat EK nie by julle is nie. Hou aan om MY te vra om jou tot die besef te bring dat EK altyd naby is en glo dit. EK sal julle help om dit te besef, deurdat My GEES iets in jou binneste sal aanraak en jy MY bewustelik sal voel om jou en in jou. EK sal niemand aan sy lot oorlaat nie en sal julle oor elke hindernis help. Julle is te vergelyk met klein kindertjies wat bang is om ‘n donker kamer in te gaan. Hoe baie kere moes jy nie al jou bang kindjie sê dat daar niks te vrees is nie? Herhaaldelik moes jy hom/haar aanpor om die donker kamer sonder vrees in te gaan, terwyl jy geen vrees self het nie, want jy weet dat niks met hom/haar sal gebeur nie. Dit is hoe julle ook is. Hoe meer EK julle sê dat julle nie bekommerd hoef te wees nie, hoe meer vrees julle. Vrees bring die dood nader, MY lieflingskinders, en maak dat die satan ‘n houvas op jou kry. Dit is sy grootste wapen en hy gebruik dit altyd. Dit is waarom daar

soveel “rillers” te kyke op die TV is. Hoeveel kinders en selfs grootmense is nie daardeur onherroeplik geskaad nie en sal nooit regkom behalwe deur MY nie? Enige vrees is sleg vir julle siele en julle moet dit oorwin deur MY hulp en bystand. Dink dag en nag aan MY en julle sal niks vrees nie, want julle sal MY dan die hele tyd by julle voel en niks sal julle dan meer kan bangmaak nie. EK het alles al oorwin. Van die lelikste satan tot die grootste probleem wat julle ontstel en daarom sê EK: ”Laat julle harte nie ontsteld word nie!” Die oomblik wanneer jy jou hart ontsteld laat word, dryf jy MY GEES na agter en trek jy die dood nader na jou en daaraan kan EK niks doen nie, omdat dit jou eie vrye wil is. En nou sê EK weer aan julle; dien MY gedurigdeur en julle sal nie vrees ken nie, MY kinders. Vrees sal vir julle iets onbekends wees en julle sal altyd bly wees, omdat satan julle dan nie meer kan ontstel nie. Die oomblik dat jy alles net so in MY Hande oorgegee het, sal alles vir jou reggemaak word op die regte tyd. Maar as jy MY gevra het, moet jy geduldig wees, want EK weet wanneer dit die regte tyd is om jou uit te red. Dit is baie keer goed vir jou siel om ‘n bietjie van ‘n probleem te hê, omdat EK jou geloof toets, of omdat jy iets moet leer. Dit is nie te sê dat jy nooit ‘n probleem sal hê nie, omdat dit alles uit MY Hande kom om jou te leer, maar as jy op verkeerde weë wandel en van MY afvallig begin word, sal al die probleme wat na jou kant toe kom, jou eie skuld wees. Alles wat op jou pad kom terwyl jy MY dien, is dinge wat EK toelaat, om te kyk of jy dit vir MY gee en om jou te leer om dit in MY Hande oor te gee. Vrees nie die toekoms nie, want dit is alreeds deur MY bepaal, nog lank voor jou geboorte en niks wat jy doen kan dit verander nie. Los alles net so vir MY en gaan jou gang met vrolikheid van gees. Dit is iets wat julle nou moet leer en EK sal julle dit leer deur ‘n paar dinge op jou weg te bring sodat jy kans kan hê om dit te beoefen. Wees net vir MY lief en dink altyddeur aan MY. Onthou, EK stap langs jou, voor jou, agter jou; Ek is bo en onder jou en nog die beste van alles, EK is binne jou en vorm ‘n beskermende lig om jou. Die bose herken daardie lig en MOET vlug, hulle kan nie anders nie. Dit is waarom EK sê dat julle gedurig aan MY moet dink want dan sal jou geestesoë oop gaan en jy sal self sien dat EK met jou is, MY liewe kind wat nou hier lees. Raak bevry van alle vrees. Dit sê EK aan julle wat op hierdie dag aan MY sal dink en MY wonderwerke sal besing. Amen

# Hoofstuk 10

*16 Des. 2007 06:04*

Laat julle hart nie ontsteld wees nie. Glo in MY, glo ook in God. Dit was die woorde wat Ek vir MY dissipels gesê het, ‘n klein rukkie voordat EK gevange geneem is. Die vraag binne party van julle is die eenheid tussen My en MY Vader en GEES. Dit is vir baie van julle ‘n baie tere puntjie en niemand verstaan dit nog reg nie. Selfs MY skryfknegte verstaan dit nog nie goed nie en daarom is dit vir MY noodsaaklik om dit weer ‘n keer aan julle te verduidelik. Verbeel julle hier is ‘n man van vele talente. Hy kan kos kook, goed teken en is ‘n bobaas tuinier. Maak dit van hom drie verskillende mense as ons sê dat hy ‘n kunstenaar, ‘n kok en ‘n tuinier is? Nee, dit is nog steeds een man met verskillende talente. Nou, EK is Liefde, Wysheid en Krag. Maak dit van MY drie Gode? Is EK, omdat EK Liefde is, iemand anders as wanneer Ek Wysheid of Krag is? Nee, EK is nog steeds dieselfde liefdevolle Vader. Hoe kan ‘n man drie verskillende mense wees as hy ‘n pa, ‘n oupa en iemand se wederhelfte is? Dit is onmoontlik en kan nie gebeur nie. Net so is EK julle Vader, Verlosser, Broer en Vriend tegelyk, maar nog steeds is EK ELOHIM ook. Die Enigste ELOHIM wat bestaan. Geen driehoof is EK nie. EK is Liefde, omdat alles deur MY Liefde onderhou word, EK is Wysheid omdat alles bly bestaan in die beste orde en EK is Krag of Mag, omdat niks MY skepping kan vernietig nie. Dink nie aan MY as hierdie God wat op drie trone sit nie. Dit is iets afgrysliks en moet MY ook nie altyd as drie afsonderlike Mense sien nie. EK is EEN. Al MY eienskappe is bymekaar en kan nie geskei word nie. Niemand kan drie mense wees, net omdat hy van uiteenlopende dinge iets af weet nie. Vrees MY nie as drie Gode wat elkeen SY straf op jou gaan laat neerreën nie, want EK is EEN en niks kan MY skei van MY ander eienskappe nie. Dit noem EK GEESTE en daar is baie eienskappe of GEESTE wat EK het, maar EK is nog steeds EEN. Dit moet julle nou begin verstaan en alles wat nog onduidelik is, sal aan julle duidelik gemaak word, die oomblik met julle eenwording met MY. Glo net hierdie woorde van MY en raak bevry van hierdie misverstand wat om MY heers. Amen

# Hoofstuk 11

*16 Des. 2007 06:32*

Sonder dat julle dit weet het EK julle elkeen wat nou hier lees, nog nooit vergeet nie en julle is nie vir MY vreemdes wat op pad na MY is nie. Julle is al “ou bekendes” vir MY. Geeneen van julle kan daarop roem dat julle nog nooit iets verkeerds gedoen het nie en daarom moet julle so na MY soek om MY te vind. Sou julle heeltemal rein gewees het, sou julle MY al lankal geken het en nie nou so ernstig na MY gevra het nie. EK ken julle al vandat EK julle baie jare gelede geskape het en julle het nie eers tot lewe gekom met julle eerste asemteug hier op aarde nie. Dit weet julle darem nou al teen hierdie tyd, maar daar is ‘n paar dinge wat EK weer wil sê. EK sal julle sê dat julle almal MY engele was wat van My afgedwaal het en dat julle MY baie bedroef het tydens die groot sondeval van die engele. Hier word nie gepraat van die sondeval van die engele met die dogters van die aarde nie. Hier word gepraat van die gevalle engele nog lank voor die skepping van enige materiële aarde. Baie jare gelede het julle afvallig van MY geword en het agter die leuengees van satan aangeloop en MY daardeur baie bedroef. Maar elkeen is vry om te doen wat hy wil en kan daarom sy eie keuses maak. Dit het EK julle ook toegelaat en elkeen van julle het sy keuse gemaak. Daar is baie van julle wat nou hier lees wat die regte keuse gemaak het en nooit van My afvallig geraak het nie. Julle is dan nou weer hier op die aarde as liggeeste om julle broers in die nood by te staan. Omdat julle nooit van MY afvallig geraak het nie, staan julle outomaties nader aan My as al die ander en kan die weg na MY vir hulle duidelik maak deur My Lig in julle. Dit is dan waarom julle hulle moet kom uithelp in hierdie verskriklike duister tyd van die aarde se bestaan. Hier kom nog ‘n groter duisternis en net die wat lig het, sal kan voortwandel tot in MY Vaderarms waar Ek julle sal dra tot in Die Vaderhuis. EK sal julle almal dra en help omdat die wat MY al ken, ook nog self nie genoeg krag daarvoor het nie. Sodra julle een met MY word, sal julle genoeg krag besit, omdat EK julle die hele tyd aansê wat om te doen. MY kinders, julle wat die lig het, wees verseker daarvan dat jy eens uit MY gegaan het om jou broers hier te kom help, sodat hulle weer kan

terugkeer na MY, vanwaar hulle eerstens uitgegaan het en vanwaar hulle MY weer verlaat het ook. Dit is julle ligwesens se plig om die gevallenes weer op te help en julle sal dit net met MY hulp gedoen kry. EK alleen kan help en red en sal niemand laat verlore gaan nie, omdat EK julle almal liefhet. Kom soek My Aangesig en EK sal aan jou bekend maak wie jy was en wat jou doel hier is. Dit sal in alle nederigheid moet geskied, omdat satan die hoogmoed gebruik om julle af te takel en onbruikbaar vir MY te maak. Kom vra MY in alle nederigheid of EK nie ook met jou sal praat nie en EK sál met jou ook praat. Maar dit moet 'n begeerte in jou hart wees om MY Stem te hoor en nie net omdat jy die toekoms wil weet nie. Dit is heel onaanvaarbaar vir My en EK voorspel nie die toekoms soos 'n fortuinvoorspeller nie. EK het al die gevare daarvan aan 'n ander skryfkneg openbaar en sal nie weer verder daarop uitwei nie. EK wil julle slegs versterk en daarom wys EK julle 'n paar dinge. EK weet ook wie wat kan dra en daarom wys EK net dit aan die een wat EK kies om dit mee te deel. Kom soek My Aangesig en niks sal meer vir julle onbekend wees nie. Julle sal alles verstaan en vrede daarmee maak, sodat selfs die grootste duisternis vir jou helder daglig sal wees. Dit is My wil dat sekere dinge aan julle geopenbaar word en hoe meer julle geestelik groei, hoe meer sal julle kan verdra en sal dit dan aan julle duidelik gemaak word. Glo net hierdie woorde van MY en wees nie bevrees nie. Dit sal alles vir die beste wees, al is dit iets baie ontstellends wat aan julle bekend gemaak word.

Amen.

# Hoofstuk 12

*17 Des. 2007 06:31*

Julle almal wat MY Woord lees en dit aanneem sal ryklik deur My geseën word en julle sal nie kan glo wat EK julle sal gee, net omdat julle My Woorde dadelik geglo het nie. Vir die gelowige het Ek 'n baie spesiale iets berei en die ongelowiges sal baie spyt wees wanneer hulle sien dat EK julle so seën met iets wat hulle ook met hulle hele hart sal begeer, maar nie kan kry nie. Daarom sê EK dat julle moet glo sonder om te twyfel en dat julle elke woord van My moet opeet soos brood met heuning besmeer. Vat nie MY woorde ligtelik op nie, want die een wat dit doen, sal ook ligtelik deur MY opgevat word. Hoe groot moet die teleurstelling wees wanneer jy sien dat EK jou broeders om jou met aandag betrag en met aandag luister na wat hulle sê en jy voel dat jy sommer net daar is. Dit sal vir jou vreeslik wees en daarom maan EK dat jy nie MY woorde ligtelik moet opvat nie. Alles wat EK sê beteken vir julle geweldig baie en EK sê nooit net 'n ding om jou te laat lekker voel nie. EK bedoel elke woord wat Ek sê en julle moet dit glo. Julle glo My woorde, maar baie daarvan word nie te ernstig opgeneem nie. Luister met aandag na wat EK julle wil inskerp en dit sal vir julle oneindig baie beteken. Die dinge waarvan EK aanhoudend praat, word aan julle vertel omdat dit nou die regte tyd daarvoor is en nie omdat EK julle wil bangmaak nie. Hoe sal dit wees as EK julle niks vooraf sou sê nie en julle ewe skielik deur die swart hordes oorval word. Hoe sal julle staande kan bly terwyl ander om jou val? Die geloofstryd wat nog voorlê, is nog baie erger as wat julle nou te wagte staan in julle land en julle sal dit nooit maak en kragtig vir My kan opstaan, as EK julle nie voor die tyd sodanig versterk dat julle die stryd met moed kan ingaan nie. My kinders, julle lewe aan die einde van tye! Glo dit nou. Daar is nie meer 100 jaar vir die aarde oor nie. Moenie dink dat dit sal gebeur in volgende geslagte nie. Dit gaan nóu begin gebeur en elkeen van julle wat nou hier lees sál dit deurmaak. EK gee nooit tye nie, maar EK sê nou vir julle dat julle solank julle wapenrusting moet deurgaan en kyk of daar nie iets kort nie, want die geveg is op hande. Trek jou wapenrusting nóu aan, want die vyand is al hier en julle kan nie nog langer wag nie.

EK sal julle red uit alle gevare, maar die een wat sonder sy wapenrusting onkant gevang word, sal nie deur MY beskerm kan word nie, omdat hy nie wou hoor nie. Luister na wat EK sê en gee aandag. Doen wat EK julle sê, sodat julle bevry kan word van al die aardse bande. Luister, MY kinders, EK maan julle tot gehoorsaamheid en vra dat julle MY in alle dinge moet vra voor julle iets doen. Baie dinge lyk reg, maar is heeltemal verkeerd. Baie keer is die tyd daarvoor net nie reg nie en daarom moet julle luister na MY stem, sodat julle presies kan weet wat julle te doen staan. Dit maan EK julle; wees getrou op julle poste, luister na MY woorde en volg My na. Weeg MY woorde in jou binneste af en laat dit swaar bevind word, sodat jy gered kan word en die grootste van alles - wees vir My lief met jou hele hart en siel en alles binne jou en jy sal nooit verkeerd gaan nie.

Amen.

# Hoofstuk 13

*17 Des. 2007 07:36*

Kom sit op MY skoot, wil EK julle almal nooi. Wees rein, sodat jy op My skoot kan sit, terwyl die wêreld om jou draai en swaai soos ‘n dronkaard. Solank jy by MY sit, kan niks jou onderkry nie en jy sal veilig en geborge voel, al raas almal om jou en met jou. My kinders, kyk na ‘n klein seuntjie wat by sy pa sit. Kyk hoe gelukkig lyk hy. Hy voel vir niks bang nie en sal nie vrees as iemand op hulle afkom nie, omdat hy weet dat sy pa hom sal beskerm. Dit is wat EK ook met julle sal doen wanneer julle by MY kom sit. Al verskil is, dat julle aardse vaders julle nie so kan beskerm soos wat EK julle kan beskerm nie. Julle sal niks hoef te vrees as julle by My sit nie. Wees bly dat EK julle uitnooi om by MY te kom sit, aangesien daar baie weeskinders om julle is wat na die aanraking van ‘n pa smag. Julle word deur My uitgenooi, sodat julle krag kan kry en ‘n stukkie brood ter versterking van jou gees. Gaan diep in jou hart in en soek My daar. Wanneer jy MY daar gevind het, moet jy MY vra om ook jou op MY skoot te tel en te vertroetel en jy sal nie kan glo hoe sterk jy dan sal voel nie. Die wat nie op My skoot wil sit nie, sal baie hartseer wees omdat hulle dan afgeskeep voel en nie die krag sal hê om voort te gaan nie. Kom MY kinders, moenie op julle laat wag nie. Los alles net so en hardloop na MY. Alles wat EK hier aan julle sê beteken net die volgende; soek na MY met jou hele hart, die hele dag. Roep na MY en EK sal na jou kom. Trek My met geweld na jou die hele dag en vra My om by jou teenwoordig te wees vir ewig. Bid sonder ophou en vra na MY. Begeer My met jou hele hart, sodat EK by jou kan kom woning maak en die hele tyd by jou kan wees. Ja, EK is orals teenwoordig, maar waarvan EK praat is die bewuste teenwoordigheid in jou binneste. Julle almal moet glo dat EK hier by julle is, maar Ek wil hê dat julle My die hele tyd in jou binneste voel. Dit is nie so maklik nie en daarom sê EK dat julle MY dit moet kom vra en EK sal MYSELF aan julle openbaar en julle sal voel hoedat Ek hier in jou binneste is. Dit is nie net woorde in die wind nie, maar die waarheid en daar is al mense wat heeltemal verstaan wat EK nou hier vir julle sê. Hulle voel MY al bewustelik in hulle binnekant en weet dat EK die hele tyd daar

is. Elkeen van hulle kan voel hoedat hy/sy op My skoot sit en vertroetel word en dit is die plekkie waarheen hulle die hele tyd heen vlug. Hulle sit gedurigdeur op My skoot en word deur My vertroetel en kan die dag ingaan met krag, want hulle weet dat EK daar is. Hulle hoef niks te vrees nie, want EK maak hulle sterk vir die dinge wat kom. EK nooi julle nou weer uit om na MY te kom sodat EK by jou kan kom woning maak en jy MY bewustelik kan voel. Glo net en moenie MY Woorde ligtelik opneem nie.

Amen.

# Hoofstuk 14

*18 Des. 2007 05:57*

Telkemale het EK elkeen van julle wat nou hier lees uit ontsaglike gevare gered en beskerm, sonder dat julle eers daarvan bewus was. Neem nou maar ‘n voorbeeld van MY skryfkneg. EK het haar gister van ‘n gewisse dood gered waarvan sy nie eers bewus was nie. Ja, sy sit nou hier stom van verbasing terwyl sy tik en was nie eers bewus van skynbare gevare op haar pad nie. Sy het na haar ouers gegaan en daar was sy besig om vir hulle tee te maak. Die kragprop was nat en daar was water op die kas gewees. Die elektriese stelsel was foutief sonder dat sy eers daarvan geweet het, maar sy het sonder om te skok vir almal tee gemaak en haar gang gegaan sonder om te skok. Dit en nog baie ander dinge kon gister met haar gebeur het en sy was nie eers van die gevare om haar bewus nie. Hoeveel male het EK julle nie uit gevare gered waarvan julle nie eers weet nie? EK red sonder ophou sodat julle na MY kan kom terwyl julle nog lewe. Daar is baie mense wat al hulle lewens afgelê het en nou aan hulleself moet werk in die hiernamaals en baie spyt is dat hulle nie harder gewerk het toe hulle nog ‘n liggaam op aarde gehad het nie. Hulle swoeg en sweet aan die anderkant om iets te kan bereik wat julle in ‘n dag kan bereik hier op aarde. Die gestorwenes soek baie langer na MY en kan MY nie so maklik vind soos julle nie. Daar moet eers baie dinge met hulle gebeur om hulle te reinig en dan kan EK eers na hulle kom terwyl EK na julle kom terwyl julle gereinig word om julle by te staan. EK is genadig aan almal en sal hulle aan die anderkant ook help, maar hulle het hulle kanse hier op aarde baie verspeel en kan daarom nie bereik wat julle hier kan bereik, net deur ‘n enkele daad van liefde nie. Die liefdesdade versamel vir julle baie lig en die oomblik van dood is dan helder verlig vir julle terwyl daar baie is wat in diepste van duisternis sit en versmag sonder ‘n enkele liggie om hulle te laat beter voel. Daarom sê EK dat julle julle aardse lewens nie moet verspeel deur verkeerde dinge te doen nie, en dat julle liefde moet bewys aan julle naaste en eerstens aan MY. EK sal julle van krag voorsien, sodat julle kan doen wat Ek julle sê. Moenie dink dat Ek net praat nie, MY kinders! EK maan julle om te luister

na wat EK aan julle probeer sê. Wees getrou en doen My woorde wat Ek aan julle gee. Dit sal julle siele verryk, sodat julle verder kan gaan in lig en nie duisternis nie. EK beskerm julle hier op aarde sodat jy nog langer kan leef om aan jou siel te werk en nie om te verspil nie. Baie min mense verstaan dit en nadat EK hulle van 'n gewisse dood gered het waarvan hulle bewus is, is hulle maar te bly dat hulle voort kan jol sonder 'n enkele gedagte aan MY. Dit is nie die rede dat EK julle beskerm en red nie. Arbei dag en nag aan jou siel, sodat jy die hoogste kan bereik hier op aarde. Onthou, jy kry nie weer 'n kans om dinge te kom regmaak nie! Daar is nie iets soos reïnkarnasie waartydens jy weer aarde toe kan kom omdat jy tydens jou vorige lewe alles verkwis het nie. Daar is net een kans wat aan almal gegee word om dinge reg te maak met MY. Al wie weer na die aarde kom, is die ligwesens wat hiernatoe kom om hulle broers en susters by te staan en na MY te lei. Dit is nie vir hulle lekker om weer na die aarde terug te keer nadat hulle eers by MY was nie, en dit kos baie liefde van hulle kant af om weer 'n liggaam aan te neem en na die stinkende aarde terug te keer. Dit word net gedoen deur MY groot genade wat EK aan julle almal wil bewys, deurdat EK engele in menseliggame stuur om julle op die regte pad te help. Dit is geen reïnkarnasie nie, dit is onbaatsugtige hulp van MY kant en van hulle kant af. Gaan oordink hierdie stuk wat EK vir julle gegee het en weet dat Ek julle nog uit baie groot gevare sal red omdat EK julle liefhet en julle attent maak op julle geestelike lewe.

Amen.

# Hoofstuk 15

*18 Des. 2007 06:40*

Elke een van julle is kosbaar in My oë en Ek wil elke een van julle by die hand vat en in My tuin in lei. Dit sal vir elkeen van julle 'n wonderlike ondervinding wees en sodra julle verstaan wat EK bedoel, sal julle dit meer en meer van My vra totdat julle in 'n ander sfeer leef, al is julle in 'n aardse liggaam. Dit het My skryfkneg nou net beleef en sy is heeltemal bevry van haar aardse liggaam, al leef sy nog hier op aarde. Dink aan My sonder ophou en EK sal julle soos klein kindertjies oor die growwe terrein van julle eie binneste help. Julle is almal soos klein kindertjies wat nou eers leer om te loop en sal nie self regkom nie. EK sal julle by die handjies vat en julle aanspoor om na MY te kom, net soos wat jy met 'n eenjarige doen wat nog sonder selfvertroue probeer loop. EK het haar by die hand gevat en met haar gepraat en sy het na My gestap sonder om te wankel, omdat EK haar bygestaan het. Hoe praat jy met 'n kleintjie wat leer loop? Met sagte woordjies en met 'n vriendelike stem wat aanmoedig. Net so het EK met MY skryfkneg gepraat en haar aangemoedig totdat sy in My arms in kon loop. Sy het later nie eers besef dat sy self loop nie en EK moes dit aan haar sê. En tot haar groot verbasing het sy besef dat sy werklik al self kan loop. Dit klink vir julle baie vreemd en julle weet nie waaroor hierdie stuk handel nie, maar Ek het 'n doel met alles en ook hiermee. EK wil julle almal so na MY trek en julle leer om self te loop na MY, julle Vader, wat julle nooit sal verlaat nie. My skryfkneg het baie sleg gevoel en sonder geloof. Sy het gevoel dat sy niks werd is nie en dat sy dit nooit tot by MY sal maak nie. EK het haar egter aangesê om op MY te konsentreer en baie hard aan MY te dink, al word sy moeg. Sy het dit gedoen en later gevoel dat sy nie meer kan nie. Op daardie oomblik het EK haar tegemoet gekom en haar handjies gevat terwyl sy soos 'n klein kindjie na MY geroep het. EK het haar met liefde na MY getrek en haar met Vaderliefde aangemoedig tot sy om haar kon sien en kon besef dat sy werklik na MY op pad was. Op daardie oomblik het EK haar alleen laat stap en dit ook aan haar gesê, wat sy met verbasing toe besef het. EK het aan haar pragtige dinge gewys en sy voel so versterk

daardeur. Ook het Ek aan haar gesê dat sy hierdie oefening gereeld moet herhaal, totdat haar geestelike oog heeltemal geopen word. Dit sal EK vir elkeen van julle doen en julle sal ook na MY stap terwyl EK julle handjies vashou, MY kleine kindertjies. Gee julleself heeltemal aan My oor en vrees niks, want EK alleen is met julle. EK sal julle veilig lei en julle nooit los nie. Selfs al los EK jou dat jy besef jy loop self, is EK nog steeds die hele tyd in jou nabyheid en jy sal MY kan aanraak as jy net jou hand uitsteek. Dit is om julle te leer om julle geestesoë oop te maak, sodat julle alles om julle kan waarneem soos wat dit is. Dit sal ook die eenwording met My bespoedig, as julle julleself baie daarin beoefen. Dit word aan elkeen van julle gesê, omdat julle nog klein in die geloof is. Julle is nog heel onvolwasse in die geloof en moet daarom deur MY aangemoedig word om tot geloof en liefde oor te gaan. Gee jou handjie sodat EK jou kan vashou en oor die klipperige gebiede kan help en jy deur My gedra kan word. EK het haar opgetel die oomblik toe sy met volle oorgawe aan My begin aanstap het na MY en in MY arms in kon spring. Leer dit ook vir julle kinders dat hulle nie moet dink omdat hulle liggame groot word, hulle self groot is nie. Julle is nog almal baie klein en moet deur MY opgepas en versorg word. Niemand is al in staat om die werklike vaste voedsel te eet nie en dit sal nog ‘n tydjie wees voordat MY skryfkneg, wat alreeds hierdie groot stap gedoen het, dit self kan eet. Dink net altyd aan My en vra dat EK hierdie gebeurtenis in jou lewe ook volbring.

Amen.

# Hoofstuk 16

*19 Des. 2007 06:08*

In en om My wese is dit helder lig. EK wil julle van die duisternis bevry en julle in hierdie lig van MY inlei. Vertrou net dat dit die waarheid is en dink diep na oor My met jou hart, nie jou verstand nie. Jy sal MY weldra daarbinne vind. EK is in jou hart, MY kind en Ek wag om gemeenskap met jou daar te hê. EK sal jou by jou hand tot op MY berg lei en daar sal Ons bymekaar wees terwyl EK jou lering gee. Almal wat dit graag wil beleef, sal deur My daar gebring word. Kom na MY met jou hele hart, siel en gees en konsentreer baie hard binne jou hart. Fokus net op MY, Jahshua, julle Liefdevolle Vader en jy sal MY begin aanskou sodat jy sal besef dat EK werklik binne jou hart is. EK sal jou daarheen lei waar jy met MY een sal wees en waar EK met jou sal speel. Dit sal ‘n ondervinding wees wat jy nooit sal vergeet nie. Terwyl EK jou leer, sal jy presies weet wat om jou aangaan en jy sal in die gees lewe terwyl jy in die vlees leef. EK wil met julle een wees en help julle op so ‘n manier om nader aan MY te kom, sodat die eenwording met MY vinniger sal geskied. Moenie vrees nie, MY liewe kinders, dis EK wat in beheer is, Jahshua, Jahweh, julle liefdevolle Verlosser. Dit is EK wat julle so na MY roep en elke een wat dit begeer om so deur MY geleer te word is welkom om na MY te kom. Kom in die gees na MY terwyl jy net aan MY dink en konsentreer hard. Sekeres onder julle sal ervaar dat julle vermoeid word om so te konsentreer, maar hou net aan, MY kinders. EK sal julle daardeur dra sodat julle MY ook kan aanskou in julle harte. EK wil so met elke een van julle verkeer en elke een leer en versterk vir die tyd wat kom. Gaan nou en bid sonder ophou. MY kinders, bid beteken nie net om met MY te praat in jou hart nie. Dit beteken ook om op MY te fokus en te konsentreer totdat jy in die gees by MY is. Julle sê baie keer dat julle in die gees êrens is. Dit is so wanneer jou hart op ‘n plek is waar jy nie met jou liggaam kan wees nie. Dit is ook wat EK van elkeen wat hier lees wil hê. Laat jou hart by MY in die gees wees terwyl jou liggaam op aarde take verrig. Hierdie is ‘n geskenk wat EK aan almal sal gee wat MY in die opregtheid en liefde in sy hart soek.

Amen.

# Hoofstuk 17

*19 Des. 2007 06:55*

Vir die van julle wat nou niks van die vorige hoofstuk verstaan het nie wil EK sê; wees nie bekommerd daaroor nie. EK sal julle nog oral lei waar julle heen wil gaan, maar nie weet hoe om daar te kom nie. Volg MY net met jou hart en wees vir MY lief sonder ophou. EK sal niemand verlaat wat iets nie verstaan nie. Julle dink en voel soms dat julle heeltemal nikswerd is omdat dit voel of jy nie geestelik groei nie. Niks is verder van die waarheid verwyder as juis dit nie. Elkeen is baie kosbaar in MY oë omdat EK elkeen gemaak het soos wat EK hom/haar graag wil hê en EK weet tot wat elkeen in staat is. As jy voel dat jy nie geestelik groei nie, is dit juis 'n aanduiding van groei omdat jy besef dinge is nie soos wat jy dit graag wil hê nie. Jy doen dan selfondersoek en vind miskien iets wat verkeerd is. Dan kom jy na MY en kom smeek MY om hulp. Is dit nie hoe dit moet wees nie? Dis nie te sê dat elkeen dieselfde moet wees, sodat jy jouself aan ander kan meet om te sien hoe ver jy al gevorder het nie. Elke mens is verskillend van die ander en sal anders deur MY geleer word. MY woorde wat uitgaan sal dieselfde bly, maar in elkeen se hart gaan EK anders te werk. Moenie bekommerd wees as jy nog nie MY stem in jou binneste kan hoor nie! Soek net aanhoudend na MY en jy sál MY op die regte tyd kan hoor. EK werk net op 'n ander manier met jou en sal jou nooit vergeet nie. Nie een van MY kindertjies sal vergete agterbly nie. Glo MY woorde en kom soek na MY sodat EK jou alles kan leer. EK het julle so lief en hiermee wil EK hierdie hoofstuk afsluit.

Amen.

# Hoofstuk 18

*20 Des. 2007 05:43*

Ek staan by Jahshua en HY sê dat ek en HY moet speel. Ons moet resies hardloop. Ons staan in die vorm van ‘n agt en HY staan aan die bopunt en ek aan die onderpunt. Dit is net ‘n denkbeeldige agt en daar is nie merke op die grond nie. Ons begin gelyk hardloop maar Jahshua hardloop so verskriklik vinnig dat ek HOM nie kan sien nie. Toe ek by die kruising van die vorm van agt kom, het Jahshua al seker meer as ‘n miljoen keer omgegaan. HY hardloop so vinnig dat ek net ‘n soliede lyn sien wat ‘n plat vlak vorm waarop ek aangesukkel kom. HY sê dat HY die weg is waarop ons moet gaan en ek sien dat HY letterlik die weg gemaak het, deur van ‘n denkbeeldige vorm ‘n soliede vlak te maak.

**Jahshua dikteer:**

EK is die weg, die waarheid en die lewe. Wie op My wandel sal sy doel bereik en veilig in MY Vaderarms te lande kom. Kom ons staan net so ‘n bietjie stil by die weg. Wat beteken dit as EK sê dat EK die weg is? Dit beteken dat jy geen ander pad kan stap as die pad wat EK vir jou berei het nie. “EK is die weg” wil soveel sê as dat EK die paadjie is waarop jy moet loop om tot by MY te kom. Hoe wandel jy op MY? Deur nie af te wyk van die riglyne wat EK jou gegee het nie. Wandel in MY spoor en EK sal jou sekerlik nie laat verdwaal nie. EK het vir jou ‘n duidelike pad uitgelê deur MY wel en weë op aarde en dit is opgeteken in die Bybel en baie ander geskrifte van MY ander skryfknegte wat in vorige eras gelewe het. Doen net wat EK gedoen het en niemand kan verkeerd gaan nie. As julle in liefde handel, net soos wat EK in liefde gewandel het op aarde, sal julle alles kan doen wat Ek ook gedoen het en EK het julle beloof dat julle nog groter dinge as Ek hier sal doen. Wandel net op MY en alles sal vir julle duidelik gemaak word. Julle sal skielik sien hoedat die pad vir julle verlig en duidelik word sodat julle voort kan gaan sonder om te wankel. Kyk na MY lewe op aarde, dit het net uit liefde bestaan. Lewe julle ook so en julle sal nie verkeerd gaan nie. Solank julle in die liefde wandel en handel moet julle weet dat

julle op die regte weg is, maar sodra hoogmoed, liefdeloosheid en so meer op jou weg begin kop uitsteek, moet jy begin rondkyk en jy sal sien dat jy van MY weg af is. Dit is soos ‘n atletiekbaan waarop al die atlete hardloop. Almal begin by die beginpunt en hardloop op ‘n vasgestelde baan. Wyk een van die atlete af en begin sy eie koers inslaan, kwalifiseer hy nie vir die prys nie en kan hy nooit by die wenstreep uitkom nie. Hou vol op die regte baan en jy sal ook kom waar jy moet. Jy sal die prys van MY ontvang omdat jy op die regte pad gebly het en nie omdat jy eerste daar was nie. Voor jou het derduisende hierdie selfde wedloop gehardloop en op die regte baan gebly. Hulle het die resies voltooi en is almal deur MY opgeneem en tot wenners gemaak. Dink maar aan al MY dissipels. As hulle van MY baan afgewyk het, sou hulle nooit mense in MY Naam kon red nie en sou hulle self verlore gegaan het. Maar hulle het op die regte weg of baan gebly wat LIEFDE heet en wat EK self is. MY kinders, bly fiks vir die wedloop deur elke dag julle krag van MY te kom vra, sodat julle die wedloop kan voltooi. Daar buite lê die wolwe en jakkalse op loer en kyk hoedat hulle julle krag kan verslind en julle sal alles verloor as julle nie gedurig vir MY kom vra vir hulp nie. EK gee die krag wat julle nodig het om die wedloop te voltooi verniet aan julle en vra net julle liefde aan MY. Doen net dit wat EK van julle vra en julle sal nie van die weg afwyk nie.

Amen.

# Hoofstuk 19

*20 Des. 2007 06:43*

Jahshua sê dat ek in die verte moet kyk en sê wat ek sien. Ek sien ‘n aanloopbaan en ‘n Boeing vliegtuig wat aangevlieg kom. Uit die vliegtuig se dak begin pragtige vlerke te vorm en later verander die hele vliegtuig in ‘n pragtige spierwit arend. Die arend land reg voor Jahshua se voete en Jahshua sê ek moet kyk wat eet die arend. Hy eet brood uit SY hande uit. Dit is ‘n groot arend wat omtrent by Jahshua se knieë kom. HY vra my wie die arend is en op daardie tydstip kyk die arend reg vir my. Ek sien dat dit ek is en kyk om my heen en sien baie soortgelyke arende in die lug sweef. Hulle kyk ook vir my en ek sien dis bekendes wat ook vir Jahshua liefhet en dien. Jahshua sê vir my dat ons prooi vir HOM moet gaan vang en ek sien dat ek as arend aangevlieg kom met iemand op my rug. Ek sit die persoon voor Vader se voete neer. Die persoon lê doodstil en Jahshua raak aan die persoon en die persoon begin beweeg. HY sê ek moet gaan tik wat HY vir my gewys het.

**Jahshua dikteer:**

Die wat op MY wag kry nuwe krag. Hulle vaar op met vleuels soos die arende om hulle prooi na MY te bring. Hulle eet MY Brood uit My Hande en sal nooit moeg of mat raak nie. Hulle verrig MY werk op aarde sonder vrees, omdat hulle roofvoëls vir MY is. Hulle vang mense vir MY en bring hulle na MY waar Ek hulle weer tot lewe wek. Geen wêreldse roofvoël is hulle nie. Hulle is van hemelse afkoms en daarom is hulle nie deel van hierdie aarde nie. Hulle is op die aarde, maar nie van die aarde nie. Dink net aan MY dissipels op aarde. EK het hulle vissers genoem en bly het hulle uitgegaan, volkome met MY krag vervul, en gaan visse vang vir MY, hulle Koning waarvoor hulle so lief was. Nou stuur Ek julle ook om vis te gaan vang vir MY en EK vra dat julle na MY sal kom, sodat EK julle tot arende kan maak wat hoog bo alle wêreldse gemors uitsweef. Sweef daarbo sodat julle met wyd oopgesperde oë julle prooi van bo af sal sien en net soos ‘n arend sal julle dan op hulle neerduik om hom/haar

sagkens op te tel en na My te bring. Julle sal in alle liefde handel en niemand daardeur skaad nie. Dit is hoe EK julle wil uitstuur, MY geliefde kinders en EK wil julle inderhaas uitstuur omdat die tyd ontsettend min is. Haas julle na MY sodat EK julle van bo kan wys wie julle volgende prooi moet wees. Julle sal net die bring wie EK julle aanwys. Glo net dat jy ook vir MY ‘n arend kan wees en kom verklaar jouself bereid om op die vleuels van die Wind uit te gaan, op soek na prooi. Bring hulle vir MY, sodat EK hulle tot lewe kan wek en hulle saam met julle kan vlieg. EK het julle lief, MY kinders en wil aan elkeen van julle MY vlerke toerus sodat julle julle werk vir MY kan doen. Dit is julle taak op aarde om julle broers en susters te kom help en by te staan in die tyd wat kom. Julle sal hulle op julle rûe dra en hulle na MY bring waar hulle deur MY gehelp sal word. EK sal hulle tot lewe wek en hulle sal MY herken en bly wees dat julle hulle gevang het. Vertrou alles net aan MY toe en wees vrolik en sonder vrees soos ‘n arend. Styg uit tot hoog bo alles en vertrou net op MY om julle aan te wys wie julle vir MY moet “vang”. Dit is julle taak hier op aarde, MY kinders, wat deur MY aan julle opgedra is en wat julle moet verrig sonder om bang te wees. Het jy al enige vrees in die oë van ‘n arend gesien? Nee, sy oë is wakker en altyd na bo gerig as hy onder sit en altyd na onder gerig as hy daarbo vlieg. Hy is altyd op soek na iets om te eet en van dit dan na sy kuikens wat op hom wag. Maar anders as die aardse arend, wat sy prooi deurboor met sy skerp naels, sal julle sagkens met julle prooi te werk gaan en hulle na MY bring waar hulle nie opgevreet sal word nie, maar tot lewe gewek sal word met liefde. Julle oë moet sag wees en met liefde moet julle te werk gaan. Net soos wat Ek in die vorige hoofstuk gesê het, is die weg wat julle moet volg, die liefde vir MY en julle naaste. Dit sal julle oë (geestesoë) skerp maak om te sien en julle oë sal soos die arend se oë uiters goed wees. Dink oor hierdie stuk brood na en kom bied jouself aan as ‘n arend vir MY.

Amen.

# Hoofstuk 20

*20 Des. 2007 07:21*

Jahshua vat my na ‘n pragtige watervalletjie en sê dat ek in die poeletjie van die klippies moet uithaal. Ek haal ‘n mooi bloupers klippie uit en toe hy in my hand is, word dit ‘n klein skoentjie. Dit is nie ‘n tipe skoen wat jy kan dra nie en lyk meer na ‘n skoenlees as ‘n skoen. Die volgende klippie wat ek moet uithaal is ‘n pragtige appelkoos-oranje kleur en die klippie word ‘n handjie. Dit lyk soos die moffies wat kleintjies dra wat nie vingers het nie. Dit het net ‘n duim en dan kom die ander vingers in een holte in. Die volgende klippie wat ek moet uithaal is weer persblou en dit word ook ‘n skoen. ‘n Stewel. Die volgende klippie is toe weer appelkoos-oranje en word ‘n hoed. Ek haal nog ‘n appelkoos-oranje klippie uit en dit word bruin vlerke in my hand. Ek sien die mofffie-handjie verander in ‘n hand met volmaakte vingers wat iets kan doen en Jahshua sê vir my dat HY ons bekwaam maak om vir Hom te werk. Voor ons vir HOM werk, lyk ons hande soos die moffiehandskoen en kan niks vir Hom doen nie, maar as jy na HOM kom, sal HY jou hande geskik maak vir SY arbeid.

Later vra Jahshua vir my watse skoene ek aanhet en ek kyk en sien dat ek sulke mokassins aanhet. HY vra my of ek daarmee kan veg. Ek sê nee. HY vra my waar die stewel is wat ek gehad het en ek hou hom in my hand vas. Jahshua sê dat ek die stewel moet aantrek en die volgende oomblik het ek hom aan (Dit was ‘n klein skoentjie soos ‘n baba s’n, maar pas my perfek). Hy vra my waar die ander skoen is en ek soek, maar kry hom nie. Jahshua sê dat ek aan my linkervoet moet kyk en daar het ek die skoentjie aan. HY sê dat HY ons in staat stel om vir HOM te veg en as jy net die bereidheid het, sorg HY vir alles wat jy verder nodig het om vir Hom te veg.

**Jahshua dikteer:**

Trek die skoene van bereidheid aan julle voete sodat julle hierdie aardbodem kan platloop sonder dat julle deur die wêreldse dorings gepla word. In Efesiërs word daar van die wapenrusting gepraat wat julle aan moet hê sodat julle vir MY kan veg. Waar

sal julle die wapenrusting kry? By MY alleenlik. Kom EK verduidelik vir julle hoe dit werk: Julle moet die bereidheid hê om vir MY die werk te verrig en Ek sal aan julle gee wat julle nodig het. Dit is so maklik soos wat dit klink. Kom na MY en bied jouself aan sodat EK jou kan uitreik met die wapenrusting wat jy nodig het. As jy jouself aan MY bied, sal EK sorg dat jy beskerming geniet deur jou “kleredrag” waarmee EK jou sal tooi. Dit sal ‘n wapenrusting wees waardeur niemand sal kan deurdring nie. EK sal jou alles gee as jy jouself net kom aanbied vir die stryd wat voorlê. Die helm van verlossing sal EK jou gee sodat jou hoof onbesoedel deur die wêreldse dinge bly. EK het jou verlos deur MY bloed wat vir jou gevloei het op Golgota en jy sal MY verlossing op jou hoof ronddra. Die borswapen van geregtigheid sal jy ook van MY ontvang wanneer jy jouself aan MY oorgee. As jy by MY bly, sal geen ongeregtigheid die oorhand oor jou hê nie en jy sal nie voor die ongeregtigheid hoef neer te buig nie. Met ander woorde, jy sal rein bly in jou hart, want MY geregtigheid sal jou hart beskerm teen die valse en onedele werke. Jou lendene sal met MY waarheid omgord wees en getrou sal jy die waarheid van die onwaarheid kan onderskei. EK sal jou geestesoë sodanig open dat jy die waarheid van die leuen kan onderskei en jy sal voort kan wandel terwyl jou lendene deur die waarheid beskerm word. In jou hand sal jy die skild van die geloof vashou en sonder die geloof sal jy definitief nie kan bly staan nie, omdat die bose aanhoudend hulle pyle op julle laat reën en jy nie sal kan keer nie. Wees vol geloof in MY en EK sal jou skild wees. Hou MY vas en Ek sal voor jou inbeweeg sodat die bose pyle jou nie tref nie. Maar EK kan nie voor jou gaan staan as jy MY nie ten volle vertrou en diep in MY glo nie. EK is jou skuld en jou redding en sal jou teen alle aanslae van die bose beskerm. Hetsy dit aanslae op jou lewe is, of versoekings of van watter hoedanigheid ookal. EK SAL JOU BESKERM DAARTEEN! Nou moet jy MY ook in jou ander hand vashou, want Ek is die tweesnydende swaard. Die tweesnydende swaard is die woord en EK is die Woord, nie waar nie? Hou aan MY Woorde vas en jy het die skerpste en sterkste wapen wat jy ooit sal kan kry. Klou aan MY met al jou mag en jy sal nie hoef bang te wees dat die vyand hom op jou sal wreek nie. EK staan dan reg voor jou, jy hou MY dan in elke hand vas,

EK beklee dan jou lendene (want Ek is die Waarheid), EK is Geregtigheid, en EK is ook die skoene wat jy moet aantrek om op MY weg te wandel. EK is selfs die paadjie waarop jy moet loop, want EK is die weg! Dit is hoe die wapenrusting gedra moet word. Wees vir MY lief en vra MY om jou daarmee te klee en EK sal die res vir jou doen. Al wat jy moet doen is om die skoene van bereidheid aan te trek en Ek trek vir jou die res aan. Wat jy alleen moet doen, is om MY uit die diepte van jou hart lief te hê en die bereidheid sal dan ook vanself volg. Julle sal met bereidheid soos arende en vissers uitgaan en MY werk verrig en sonder om te struikel sal julle dan die wedloop volbring en veilig van die slagveld af kom. Ek sal julle die krag vir alles gee en julle sal net MY liefde in julle nodig hê om al hierdie dinge te kan doen. EK bevry julle van alle aardse bande, sodat julle sonder enige laste, vir MY die hemele kan invlieg en julle prooi na MY kan bring. EK bevry julle van alle aardse vrees sodat julle vir MY die gevegsfront kan betree en sonder ‘n skrapie anderkant kan uitkom. Gaan haal jou gewonde makkers daarbinne uit wat nie MY wapenrusting aangehad het nie en bring hulle vir MY.

Amen.

# Hoofstuk 21

*21 Des. 2007 06:12*

Tussen julle en om julle is daar baie slange en julle kan dit nie sien nie, omdat julle geestesoë nog heeltemal toe is. EK lei julle veilig daardeur sonder dat een aan julle kan raak. EK is die EEN wat lei en julle veilig anderkant bring. Vertrou net op MY en gee alles in MY Hande oor en niks sal julle kan skaad nie. Nie eers ‘n bos vol slange nie. MY kinders, EK weet van alles om julle en sal nooit dat die bose om julle, naby julle kom nie. Daar is van julle wat al ‘n slegte gevoel gehad het as hy naby ‘n plek of persoon kom en dit is asof jou nekhare rys en jou maag saamtrek. MY kinders, dit is MY GEES in julle wat hierdie waarskuwings aan julle rig. Luister altyd daarna en moenie ‘n plek ingaan as jy dit baie duidelik voel nie. EK beskerm julle ook op so ‘n manier deur julle voor die tyd te waarsku teen alle gevare van watter aard ook al. Die bose haat julle met ‘n geweldige passie en sal julle vermink en vernietig as hulle dit kon doen, maar die wat op MY wag, sal nie deur die bose oorrompel kan word nie. Al probeer hulle vir ewig. Kyk na die “Dogter van Sion”. Hoeveel maal het EK hulle nie gewaarsku nie. Hulle sou al lankal verdelg gewees het, as EK hulle nie veilig deur die bos gelei het nie. Hoeveel maal het satan in al sy boosheid nie fel op hulle probeer neerkom nie en hy kon nog nooit slaag om hulle van hulle doel af te kry nie. Daar het al baie satans in die vorm van mense by die hekke ingestap en is net so vinnig weer daar uit, omdat MY GEES hulle gewaarsku het en hulle geluister het! Dink net ‘n bietjie hieroor na - julle is MY kinders van die lig en julle skyn in die wêreld (wat satan is) se oë. Dit grief die wêreld, want hulle wil voortgaan met hulle onheiligheid in die duisternis, omdat hulle dink dat niemand dit kan waarneem nie. Maar EK beskerm die gelowige wat MY liefhet en laat MY lig helder skyn sodat hulle verlos kan wees van die bose. Die bose haat julle en sal julle op enige manier en elke oomblik aanval. Oral waar julle is. Maar EK is orals teenwoordig en sal almal wat MY liefhet beskerm en dra. Niks sal hulle oorkom nie en veilig sal hulle aan die hemelse kus land - sonder enige letsel en sonder enige probleme. EK is met julle, MY kinders en bring aan julle die goeie boodskap dat die tyd nie meer

vêr is nie. Dit is nie meer lank nie en ons is amper daar. Die pad wat julle nog moet stap is kort, maar buitengewoon swaar. Swaar in die opsig dat daar baie dinge in hierdie laaste entjie gaan gebeur wat almal se lewens heeltemal deurmekaar gaan jaag. Maar die wat op MY wag en MY liefhet sal nooit langs die pad omkom nie en sal veilig deur MY gelei en gedra word tot aan die kus van MY ryk. Vertrou maar net op MY en loop reg agter MY aan met jou hande in myne en niks sal jou kan skaad nie.

Amen.

# Hoofstuk 22

*21 Des. 2007 06:48*

MY hele skepping bestaan nie net uit die aarde nie. Julle is bewus van baie ander planete om julle. MY Hand is groot en die foto's wat julle daarvan sien is nie hoe dit regtig lyk nie. Dit is maar net hoe julle dit met julle aardse oë waarneem. Gaan kyk maar na die planeet Jupiter. Volgens die foto's is Jupiter die planeet wat die hele tyd storms en orkane het, wat menslike verblyf daarop onmoontlik maak. EK wil julle egter sê dat daar die pragtigste mense op woon. Baie van julle wat nou hier lees het al hiervan gelees in My ander skryfknegte se geskrifte waarin EK dit al baie male verduidelik het. Ter wille van julle wat dit nog nie gelees het nie, sal EK dit weer herhaal. EK is die Skepper van die heelal en by MY is geen beperkings nie. Niemand kan 'n streep trek en sê dat My Mag net tot hier gaan nie. EK kan alles doen wat EK wil en EK wil dat daar ook mense op daardie planete moet wees. Waarom dan nie? Wie gee die wetenskaplikes die reg om te beweer dat daar geen lewe op daardie planeet is, net omdat dit vir húlle onmoontlik lyk om daar te kan leef nie? Is hulle oë so goed dat hulle alles kan deurvors en deursien? Die feit dat hulle glo dat daar nie lewe op is nie, bewys dat hulle oë nog bottoe is. MY kindertjies, vir julle wat glo, wil EK alles wys en sal dit ook doen sodra julle geestesoë heeltemal oop is. Vertrou net en luister verder. Op die planeet Jupiter is daar nie so 'n verskeidenheid van lewe soos op hierdie aarde nie en die lewe daar is baie meer beperk as hier. EK gee byvoorbeeld vir hulle net een tipe voedsel om van te leef en hulle eet net dit. Daar is niks anders wat eetbaar is vir hulle nie. Mens en dier eet dieselfde voedsel. Dit is baie meer geestelik as hier op aarde, in die sin dat hulle nie sulke liggame soos julle het nie. Hulle het ook hulle sorge daar en dit is glad nie 'n beter plek as die aarde nie. Maar vir die mense wat daar woon, is dit 'n baie lekker plek, net soos die aarde (MY skepping, nie die aardse nie) vir julle 'n lekker plek is om op te woon. Die Jupiter-bewoners het ook ander gewoontes as julle en is nie so hartlik en gasvry soos wat MY kinders hier op aarde is nie. Elke een gaan maar net sy gang en lewe voort. Die planeet het ook dag en nag, maar dit vat baie langer vir die

planeet om om te wentel en sy baan om die son te voltooi as die aarde. Die jare is daar dan baie langer as díe van die aarde. Geeneen sal dit daar kan oorleef sonder ‘n baie dik sambreel nie, sou julle daar kón kom wat natuurlik heeltemal onmoontlik is. Die son se strale is baie fel daar, nie omdat die planeet naby die son is nie. Inteendeel, die planeet is verder van die son af as die aarde van die son af. Die planeet het nie die beskermende osoonlaag en atmosfeer wat EK in MY Wysheid om hierdie aarde geplaas het om julle te beskerm nie. Sou een van julle daar kon kom, sou julle dadelik deur die skerp en giftige strale van die son verteer gewees het. Daarom is daardie mense ook toegerus met ander velle as julle en kan hulle maklik die hele Jupiterdag buite bly sonder om eens geskaad te raak. Die nagte is ook heelwat anders as hier by julle, al kan hulle ook die sterre waarneem. Die nagte verskil van julle s’n, deurdat hulle nie slaap soos julle nie. Hulle gaan hulle gang en is die hele tyd besig. Sonder om te rus bly hulle ook die hele tyd besig, omdat hulle liggame verskil van julle s’n. `n Sekere tyd word daar gerus en dan word die werk gestaak, maar die ruspouses is van korte duur. Selfs hulle huise is anders as julle s’n ingerig, omdat hulle nie probleme met die son en koue ondervind nie. Die bewoners van Jupiter is baie groter as julle en sal julle heeltemal oortref wat hulle krag aanbetref. Hulle is ook op hulle pad na MY en weet van My, maar weet ook dat hulle nie as My kinders gered kan wees as hulle nie die weg van die vlees gaan soos EK en soos julle nie. Die mense van Jupiter weet ook van al die strewe op hierdie aarde en is nie altyd lus om hulle gemaklike bestaan op te gee vir die swaar lewe op die aarde nie. Al werk hulle meer as julle en rus minder, is hulle werk veel ligter. Sonder My sal hulle nooit tot die besluit kom om hierheen te kom nie en dit is net My inwerking wat hulle dan daartoe dryf. EK dwing geeneen van hulle nie, maar hulle kan MY ook lief kry en wil daarom dan alles los om MY hier te kom vind. As hulle eers die besluit gemaak het om hierheen te kom, word hulle dan hier gebore as mensekinders op aarde wat hier tussen julle rondloop en ook op pad is na MY. Kyk om julle heen. Kan julle sien wie van watter planeet af kom, wie ligwesens is en wie nie van die aarde is nie, sonder om eers die mens te ken? Julle kan mekaar nie uitken nie, maar EK kan en het julle

almal lief. EK het My lewe vir julle almal gegee en wil almal na MY trek sodat julle gered kan word. Die ligwesens is hier op aarde geplaas sodat hulle die wat van ander planete afkom en nie van hier is nie, kan bystaan, omdat hulle nog baie swak is teen die bose verleidings. MY kinders, leef nader aan My, sodat julle ander kan help in liefde, wat alles opgegee het om MY hier te kom soek. Julle wat MY alreeds gevind het, moet in deernis en liefde en baie geduld die ander help wat MY nog nie kan raaksien nie, omdat hulle baie sal verloor as hulle MY nie vind nie. Gee jouself vir die diens van jou naaste en wees nederig van hart, al weet jy dat jy van BO is. Strewe net vir MY en EK sal julle help met julle werk en julle sal die ander mense na MY kan lei, sodat EK hulle tot lewe kan wek.

Amen.

# Hoofstuk 23

*22 Des. 2007 06:30*

Om julle is baie "Christene". Hulle is op die oog af pragtige mense met 'n sterk geloof in MY. Hulle help ander mense en lyk of hulle, hulle naaste liefhet, soos wat EK julle beveel het. Maar as die sware tye gaan kom, gaan hulle ware kleure tevoorskyn kom. Sê nou maar iemand raak aan hulle rykdomme. Hulle sal in 'n woedende vretende monster verander omdat sy besittings "syne is waarvoor hy hard gewerk het". Is dit nie so nie? Ken julle nie ook sulke "liewe" mense nie? Liewenheersbesies, is wat EK hulle noem. Hulle is pragtig van buite af, maar van binne is hulle heel anders as jy hulle van naderby bekyk. MY kinders, pasop vir sulke mense en wees op die uitkyk daarvoor om nie deur hulle aangeval te word nie. EK sal aan julle wys wie sulke mense is in die Gees en julle moet hulle liefs vermy. Wees egter nie bang vir hulle nie, want hulle beland maklik op hulle rûe en sal julle nie kan skaad nie. Hulle verloor maklik hulle vashouplek aan MY, omdat hulle nie regtig in MY was nie, maar meer op MY. EK is net vir hulle 'n gerieflike sitplek en hulle sal maklik weer wegvlieg en op 'n ander plek gaan sit as hulle hulle vlerke sprei. Vinnig sal hulle MY verlaat en hulle in hulle besighede instort sonder om weer aan MY, hulle vorige sitplek, te dink. Dit is nie 'n vaste geloof in MY nie, MY kinders en hulle sal nie kan staande bly in die groot geloofstryd wat kom nie. Die dag as EK met MY reiniging kom, val hulle op die grond sonder krag en probeer regop kom. Dit is dan vir hulle 'n buitengewone swaar las en hulle gooi MY heeltemal weg. Maar EK is genadig en terwyl hulle ly, word daar dan ook van hulle "eie ek" ontslae geraak en word hulle reiner, omdat hulle besef dat hulle ook vol sonde is. In MY groot genade sal hulle dan almal omskep word in iets beters wat vaster in MY groei en nie meer soos 'n gogga is wat vinnig wegvlieg nie. Groei in MY vas sodat julle nie kan afval nie, MY geliefde kinders. EK weet wat nog in die toekoms vir julle voorlê en sal julle vashou sodat julle nie val nie, mits julle nie soos die wêreldse Christen net op MY sit, omdat EK 'n gerieflike sitplek is nie. EK is die rots waarop julle moet bou. Bou op MY, moenie op los sand julle tuistes maak nie, want as die storms gaan kom, en

glo MY, dit is nie vêr nie, gaan almal wat op die los sand sit, weggespoel word. EK het julle lief en waarsku julle voor die tyd.

Amen

*(Liewe lesers, hier volg die volgende wat ek vanoggend gesien het voordat Vader hfst. 23 aan my gedikteer het. Vader het gesê dat ek nou maar kan praat en aan almal vertel. )*

*"Ek is by Jashua en HY sê dat ek op sy kleed moet kyk. Daar sit 'n rooi gogga soos 'n "ladybird". Ek moet van naderby na die swart kolletjies op sy rug kyk. Dit is reghoeke met goue kruise op. Bybels. Vader vra my of dit iets goeds of slegs is. Ek weet nie, want rooi is gevaar maar 'n ladybird is ook 'n nuttige insek. Vader wys my sy gesig en mond van naderby en vra of ek daarvan sal hou om in sy kake te beland. Ek sê nee, dan is dit nie iets goeds nie. Die gogga val af en lê op sy rug en skop. Toe hy omgedraai word, het die Bybels en van die rooi afgeskuur en sit daar rooi en wit strepe op sy rug.*

***Betekenis**: Mense wat met die Bybel onder die arm rondloop sodat almal kan sien dat hulle Christene is. Maar hulle is verskeurende roofdiere wat ander opeet. As die swaar tye kom waar hulle op hulle rûe lê, vergeet hulle van My en My woord. Hulle eie ek word dan kleiner as hulle so sukkel en hulle word gereinig. Daarom die rooi en wit strepe. Die rooi op sy rug is 'n aanduiding van ydelheid en eie ek. Ek sê toe vir Vader dat hy steeds 'n ladybird wat verskeur, bly. Vader sê dat hy in iets beters sal verander as hy heeltemal van homself vergeet het. Ook die feit dat hy op Jahshua se kleed sit, wys dat hy kamstig aan HOM vashou, maar as die reiniging kom, val hy af en lê op die grond en skop en sukkel om regop te kom. Hy was nooit vas aan Jahshua nie. Raak maklik afvallig. "*

*Ek sal later vir julle die ander dinge stuur wat Vader vir my gewys het in verband met die ander hoofstukke. Julle sal nie glo hoeveel dinge Vader my in die afgelope week gewys het nie. Dit is nie net oor hierdie hoofstukke nie. HY sê aanhoudend vir my ek moet in die Gees na HOM kom en sê dat ek die heeldag so by HOM moet*

*bly. Maar dis baie moeilik vir my op hierdie stadium, want ek is maar mens. Ek weet dat ek sterker sal word met die tyd omdat Vader vir my so gesê het. Ek moet gereeld oefen om in die gees te bly. Ek kan ook nog nie mooi sien nie en dit vat baie lank om duidelik te kan onderskei, maar Vader sê dat ek met baie liefde aan HOM moet dink. HY wil dit vir ons almal gee. Ek het ook ondervind dat uiterse gehoorsaamheid baie belangrik is. Ek het gister nie dadelik opgestaan toe Vader my wakker gemaak het nie en het weer aan die slaap geraak. Toe ek daar wakker word, vlieg ek uit die bed en vra om vergifnis. Vader het gesê dat ek vergewe is, maar dat ek sal voel hoedat satan my sal aanval weens my ongehoorsaamheid. Hy kom dan kwaai op mens neer, omdat hy dink hy't dan 'n reg. Hy sit mos sy poot in die deur as jy die deur vir hom oopmaak deur jou ongehoorsaamheid. Vader beskerm mens teen hom, maar laat ook toe dat mens so leer, nê. Ek kan net vir julle ook sê dat daar niemand soos Vader is nie. Die eerste paar dae het HY met my gespeel en gemaak soos jy met 'n kleintjie van so jaar of twee speel. Gister het HY bietjie ernstiger geword soos wat jy met bv. 'n vierjarige maak. Toe ek vir HOM vra waarom HY dan vandag ernstiger is, het HY gesê dat ek groter word. Maar HY is nog steeds die ene liefde en die uitdrukking in SY oë is so mooi dat ek dit nie kan beskryf nie. Ek het HOM nog nie eers mooi gesien nie en weet dat ek seker nie eers 'n mikroskopiese deeltjie van SY Liefde kan sien nie, maar ek is oortuig van SY groot liefde vir ons. Ek is nog maar baie blind en sal later beter kan onderskei. Groete en liefde aan julle almal daar. Louise.*

# Hoofstuk 24

*23 Des. 2007 05:45*

Vader wys my ‘n klomp berge en die berge is baie donker. Swart om presies te wees en dit lyk glad nie mooi nie. Maar daar anderkant in die verte sien ek ‘n pragtige helder berg wat amper soos ‘n pêrel lyk. So “metalliek”. Die son kom op en die berge word helder verlig. Die ander berge se lelikheid word duideliker maar die pêrelberg blink so pragtig in die son dat ek na my asem snak. Daar val ‘n pragtige druppel op die berg en die berg verander in dieselfde kleur as die druppel. Mens kan dit eintlik nie ‘n kleur noem nie, omdat die druppel soos vloeibare glas lyk wat in al die kleure blink, skitter en skyn soos die mooiste kristal. Die berge rondom smelt weg terwyl die pêrelberg in die grootste en mooiste diamant verander wat vreeslik mooi skitter. Vader sê dat ek binne in die deursigtige berg moet inkyk. Daar op sy rug lê ‘n pragtige seuntjiebaba. Hy lê kaal en skop en lag tevrede. Dit lyk soos my eie baba van 8 maande. My hart is ‘n diamant wat al die reënboogkleure uitstraal en dit val op die baba. Hy lag tevrede en jy sien net twee tandjies wat onder uitsteek. Hy probeer met sy handjies om aan die kleure wat op hom val te vat en maak geluidjies. Op sy voorkoppie is VADER se Naam geskryf. Ek moes die babatjie optel en met hom gesels en hom leer.

**VADER dikteer die volgende aan my:**

Julle is die berg Sion wat EK liefhet en wie EK in MY arms dra sedert ewigheid. Julle blink soos ‘n pêrel waarop die son skyn omdat daar liefde by julle te bespeur is. Liefde, MY kinders, gee lig en EK is Liefde. EK gee lig aan almal wat na MY soek. Hulle sal MY sien en vir MY skyn te midde van ‘n duister wêreld. Sorg dat julle elkeen wat hier lees na MY woorde luister, want die smeltkroes is baie naby en almal wat nie deel van MY Sion is nie, sal deur MY GEES tot niet gemaak word. MY kinders, die einde van die aarde is in sig en EK wil julle almal weereens waarsku dat julle baie naby aan MY kom en by MY kom skuil, sodat EK MY GEES in oormaat op julle kan uitgiet, sodat julle soos die berg sal verander in sprankelende diamante wat net vir MY skitter. Wees

nie bang as die wêreld om jou smelt nie. Klou aan MY vas en wees gerus. As jy MY liefhet, is jy deel van MY berg, maak nie saak waar op aarde jy is nie. Dra MY net in jou hart en EK sal julle ook hier na MY berg bring. Saam sal julle dan skitter en daar sal vir MY ‘n klein kind gebore word, rein en sonder smet. ‘n Klein kindjie wat My van geboorte af sal liefhê. MY GEES sal op hom skyn en in hom wees en in vrolikheid sal hy voortleef op die nuwe aarde, waar al MY troue knegte wat vooruit gegaan het na hom, sal kom en hom sal leer van MY GEES. Hy sal nie moeite hê om dit te verstaan nie, omdat hy vervul van MY GEES sal wees. MY kinders, EK wil hê julle moet mooi gaan kyk na wat EK hier bedoel en dink hieroor na, omdat dit baie belangrik is en EK julle hierdeur wil leer om dinge in die gees te bekyk.

Amen.

# Hoofstuk 25

*23 Des. 2007 06:40*

Jahshua dra my in SY arms en ons loop deur 'n verskriklike grys vlaag wind, amper soos wat ek dink dit in die middel van 'n tornado moet lyk as jy daar kon loop. Die wind is ontsettend en waai alles in sy pad summier plat. Maar ek en Jahshua loop daar rond sonder dat daar eers 'n haartjie verroer. HY vra my of ek deur die wind geaffekteer word en ek sê nee. HY sê dat ek net in SY gesig moet kyk. Ek is glad nie bang nie. Toe is ons skielik op 'n stuk pragtige groen gras en HY speel met my op die gras. Ek sit op SY skoot en HY sê MY dat dit binnekort in my lewe so gaan wees soos die tornado en dat daar verskriklike dinge gaan gebeur. HY sê dat dit die dinge in die land gaan wees wat baie erg gaan word maar dat ek net in SY gesig moet kyk en niks sal gebeur met my nie. HY sal my krag gee.

**VADER dikteer aan my die volgende:**

Wees nie bevrees, MY kindertjies. Soos wat EK MY skryfkneg op die arms gedra het, so sal EK elkeen van julle dra terwyl die woeste stormwinde om julle slaan. Veilig in MY arms sal EK julle dra, sodat julle hare nie eers deurmekaar waai nie. EK gee julle die vertroosting sodat julle kan weet dat EK met julle is, want die tyd is nie meer lank nie en julle sal met 'n skielike slag besef dat die dinge begin het. Moenie bang wees nie. EK is met julle. EK behoed julle en bewaar julle, sodat julle niks sal oorkom nie. Om julle sal dood en verwoesting wees, maar kyk nie daarna nie, anders sal julle nie kan staande bly nie. Kyk reg in MY Aangesig vas en glo onwrikbaar en julle sal heel anderkant uitkom. EK sal julle vergader en by julle wees waar EK in julle midde sal rondwandel en met julle sal speel en julle leer. Merk MY Woorde, MY geliefde kinders, EK sal tussen julle rondloop en julle versterk soos wat julle mekaar sien. Maar eers sal die ontsettende "wind " kom en sal alles in sy pad verwoes, behalwe MYNE wat op MY vertrou. EK sal julle krag gee om alles te verdra wat op julle pad kom en sonder vrees sal julle verder gaan. Maar die groot ding wat julle moet hê is LIEFDE. EK is LIEFDE en as julle LIEFDE

het, dan het julle MY, nê? Nou waarom sal julle dan vrees as julle die Skepper van die wind het wat julle ronddra en wat die wind gebied? Niemand wat deur MY gedra word, hoef enigiets te vrees nie en sal veilig aan die ander kant uitkom waar hy gelukkig soos ‘n kind met MY sal speel. Dit is MY Woorde aan julle wat binnekort in die yslike wind gaan loop, saam met MY wat julle dra.

Amen.

# Hoofstuk 26

*25 Des. 2007 06:58*

Ek sien dat ek in ‘n woestyn staan en daar groei absoluut niks nie. Dit is net sand waar jy kyk. Vader sê dat ek moet kyk wat gebeur en skielik is daar spuitfonteintjies wat orals opkom en in die lug in spuit. Die water loop eers nie baie vêr nie en word deur die grond opgeslurp maar later vloei die water die woestyn vol. Daar kom toe oral groenigheid op en later sien ek blommetjies en gras. Die gras word groter en ryper en later is dit ryp koring, gereed om geoes te word. Vader gee my ‘n sekel en sê dat ek die oes moet afhaal en ek begin werk, maar dit is verskriklik baie om te af te haal en ek is alleen. Orals is net duine en duine vol koring. Vader sê dat ek moet roep na mense om te kom help. Ek roep, maar daar kom niemand nie. Ek sien in die verte iemand aankom, maar hy lyk nie juis gewillig om te help nie. Toe roep Vader self en skielik is daar baie ander wat kom en my help. Daar lê koring op ‘n vloer en skielik is daar ‘n vlaag wind wat dit in die lug inwaai. Die kaf waai weg en net die suiwer koringkorrels bly oor. Vader sê dat ek later alles sal verstaan.

**Vader dikteer:** Hoe lieflik is die voete van hom wat die goeie boodskap bring en geseënd sal sy handewerk wees. EK stuur MY woord die wêreld in sodat almal dit kan hoor. Dit is nie moeilik verstaanbaar nie en niemand kan sê dat hy dit nie geweet het nie. EK roep almal om te kom en te drink uit MY fontein van lewende water. Daar is egter baie min wat wel kom drink, maar MY fontein hou aan loop totdat dit nie meer geabsorbeer kan word nie. MY kinders, niemand kan sê dat hy nog nooit van MY gehoor het nie en almal het MY al op ‘n manier waargeneem. EK het almal al geroep, maar bittermin reageer op MY woord. Nou het EK egter MY fonteine van lewende water heeltemal laat uitspuit, sodat hulle die hele woestyn benat en dit deur middel van MY openbaringe aan julle. Drink, sodat julle kan groei soos die gras en blomme. EK sal MY arbeiders onder julle almal instuur sodat hulle julle na veiligheid kan bring. EK sal nie een koringkorrel verlore laat gaan nie. Luister net na MY woorde en MY stem en julle sal ook in MY huis vergader word. EK sal julle

dan almal as arbeiders kan uitstuur om te help met die insameling van die res van die oes. Die oes is baie en die arbeiders is min en die tyd is kort. Daar is nie meer baie tyd oor voordat die groot dag aan sal breek en die stoppels verbrand sal word nie. EK sal MY wind van reiniging onder julle instuur sodat alle onreinheid weggewaai sal word en julle as suiwer voor MY Aangesig sal wees. Gee julle self oor, sodat EK julle in veiligheid kan bring en julle reinig, omdat die voëls van die hemel julle sal oppik as julle nie na MY in veiligheid gebring word nie. Wees versigtig waar jy jouself heen begewe, omdat die roofdiere daarop uit is om julle van MY te roof, net soos wat die voëls van die hemel MY koringkorrels wil oppik. MY kinders, julle het nie 'n idee hoe listig satan en sy bendes is nie en met elke misstap van julle, al is dit die kleinste ou misstappie in julle oë, sal hy julle bloeddorstig aanval en alle lewe uit julle uitsuig. Daarom is dit absoluut noodsaaklik om vir lewe en dood aan MY vas te hou en MY nie te los nie. Laat MY toe om jou in veiligheid te bring en moenie hardkoppig weier om gereinig te word nie, omdat daar niks onsuiwer by MY geduld word nie.

Geen swart roet kan naby MY kom nie en EK sal julle reinig as julle net gewillig is. Die reiniging geskied met sagte liefde en EK laat nie een van julle verlore gaan tydens die reiniging nie. Wees net geduldig in tye waarin jy swaar kry en wéet dat dit EK is wat reinig sonder om te stráf. EK straf julle nie, EK reinig julle van al julle sondes en vra dat julle, julleself daaraan oorgee en by MY alleen te kom skuiling soek. Die oomblik dat jy by MY kom skuiling soek, is die reiniging ook verby en het EK geslaag in die reinigingsproses. Jy is dan skoon soos 'n blom in die oggenddou en niks kan jou meer besmet as jy gewillig by MY bly nie. Jy kan dan in MY arbeidsveld ingaan en MY oes insamel en na MY skuur bring waar EK MY oes sal reinig. MY kinders, werk want die tyd raak min. Gaan verrig arbeid in MY veld sodat julle broers nie verlore sal gaan nie. Kom as EK julle roep en julle sal die vrugte daarvan pluk, want EK betaal 'n buitengewone groot loon vir julle arbeid in MY velde. EK gee die ewige lewe aan elkeen wat hom as arbeider aan MY kom bereidstel. Gee alles in jou vermoë en EK sal jou buitengewoon groot daarvoor beloon en jy

sal nooit spyt wees nie, want EK is die beste werkgewer wat jy ooit sal kry. Julle sal juig as julle weet wat julle loon sal wees. Al wat jy sal moet doen, is om jouself bereid te verklaar en EK sal alles aan jou gee, sodat jy jou werk vir MY kan verrig. EK is Liefde en wil geeneen van MY kinders verlore laat gaan nie en sal daarom, almal wat bereid is, in diens neem, sodat die oes so gou as moontlik kan afkom voor die einde van hierdie verlossingsperiode aangebreek het. Dink daarom na of jy bereid is om in die son vir MY te gaan arbei en kom gee jouself ook aan MY gewillig oor om vir MY te werk. Die werk is 'n bewys van naasteliefde, omdat jy weet dat jou naaste nog vassit in die wêreldse gemors en jy hulle daar wil gaan uithelp. EK sal julle in alles bystaan en julle sal nie moeg of mat raak nie. Tot op die einde sal julle werk en julle sal vreugde in julle arbeid vind en al kom die diewe en die rowers, sal julle met moed en sonder vrees voort arbei, omdat julle deur MY beskerm word. Dink na oor jouself en as jy bereid is om vir MY te kom werk, sal EK jou versterk sodat jy ook die land kan instap en begin.

Amen.

# Hoofstuk 27

*25 Des. 2007 8:00*

Ek loop langs Jahshua en die volgende oomblik vat HY my in ‘n diep gat in. Die gat loop vertikaal in die grond in af. Dit is donker daarbinne en ek sien dat daar verskillende kamers is. Die eerste kamer is effens verlig omdat die lig, wat van bo-af kom, dit bietjie meer helderder maak. Maar dit is soos sterk skemer in die eerste kamer. EK sien orals sit mense in die grootste armoede en vergaan. Hulle is baie vuil en vol sere en sit net voor hulle en staar. Hulle klere is gehawend. Ek vra vir Vader waarom HY hulle nie hier uithaal nie en Vader sê dat hulle self moet wil uitkom. HY dwing hulle nie. HY haal net die uit wat uit wil kom. Vader gee my ‘n kalbassie met water en sê dat ek dit moet gee aan die wat wil hê. Ek vra wie water wil hê, maar niemand antwoord eers nie. Net een man vat ‘n klein slukkie en sit weer terug teen die muur. Ons loop toe al dieper in die kamers in en daar lê nog mense rond. Hulle lyk erger as die eerste kamer se mense en sit nie meer nie, hulle lê. EK vra toe weer wie water wil hê en niemand antwoord nie. In elke kamer waarin ons gaan, lyk die mense slegter en in die diepste kamer waarin ons kom, is daar net mense wat al halfpad ontbind het. Sekere ledemate het glad nie meer vleis aan nie. Hulle lyk heeltemal dood. Daar is totale duisternis in die grot en net Jahshua verlig die weg sodat ek kan sien. Vader vat my toe na ‘n kamer waar daar iemand op sy sy lê en hy prewel die hele tyd: ”water, water”. Amper onhoorbaar. Ek vat die kalbassie na sy mond en Vader sê dat ek hom eers net ‘n klein slukkie moet gee. Hy vra nog en ek gee hom weer. Hy begin regop sit en lyk al beter. Ek vra hom of hy nie hier uit wil kom nie en hy sê dat hy wil. Ek help hom op en vat sy hand. Hy sê dat hy nie die uitgang kan vind nie en ek sê aan hom dat Jahshua ons sal lei. Jahshua loop voor en ek hou SY hand vas. Die man hou weer my hand vas en so loop ons toe tot buite.

**Vader dikteer:** Daar is nood en dood om julle en julle sien dit nie raak nie. Die geestelike nood is iets afgrysliks en my skryfkneg is nou tot in haar siel geskok. Dit is ‘n aaklige gesig en net die wat lewendig is, sal die nood kan raaksien. MY kinders, daar sit

derduisende mense in die gat van die dood vasgevang en hulle besef dit nie. Hulle sit vasgevang in satan se fyn net waarin hy hulle gevang het. Hulle is salig onbewus daarvan en wil nie die water hê wat EK hulle deur julle aanbied nie. Selfs die mense wat “gelowige Christene” is, weet nie dat hulle nog in die gat sit nie. Deur nie MY woord aan te neem nie, bly hulle net daar waar hulle is en besef nie eers hulle omstandighede nie. EK kom by hulle en bied hulle die lewende water aan en sonder om eers notisie te neem, weier hulle om te drink. Wat gaan van hulle word as EK MY nie oor hulle ontferm nie? EK kan daaraan niks doen nie. Nie omdat EK te onmagtig is daarvoor nie, maar omdat EK niemand dwing nie. EK nooi uit en as iemand nie die uitnodiging aanvaar nie, sal EK hom nie dwing nie. Dit is sy eie keuse. Aanvaar hy die uitnodiging, dan kan hy uit die gat kom en deur MY bevry word, maar as hy weier, moet hy maar bly waar hy is. Dit is nie wreed van MY nie, MY kinders, omdat EK die hele tyd aanhou om MY water aan hulle te bied en hulle net gewillig ‘n slukkie moet neem. EK bevry die wat bevry wil word en het julle wat alreeds bevry is, nodig om weer in die gat af te daal, maar hierdie keer deur MY gestuur en met MY aan jou sy, sodat jy MY water aan hulle kan gee. Julle sal nie kan glo hoe sleg die siele daaruit sien nie. EK weet wie water wil hê en wie nie en daarom stuur EK julle net na die wat na MY water vra. My kinders, julle moet julleself bereidwillig verklaar om in die gat af te daal en die mense daaruit te gaan haal. Daar is baie min wat dit wil doen, maar EK belowe dat EK julle sal bystaan, sodat julle die uitgang sal vind en nie self daar in die duisternis verdwaal nie. Kom haal julle krag en lig by MY, want net EK het genoegsame lig om die pad daarbinne vir julle te verlig. Wees net gewillig, omdat EK julle ook nie dwing om MY werk te verrig nie. Julle sal wel deur My gelei word en niemand sal afvallig word of deur bose geeste beset word nie. EK beskerm julle en sal julle help sodat julle, julle naaste kan help om uit die duister gat uit te kan kom. Maar hou jou oog op MY en jy sal nie verdwaal nie. Hou MY hand vas en jy sal ander uitlei. Hoe kan jy iemand uitlei, as jy nog nie self die lig van MY ontvang het nie? Kan een blinde ‘n ander een lei? Kom na MY sodat EK jou kan lei en jy sal ander kan lei. Maar jy moet nederig genoeg wees om bereid te wees om weer in die diep gat in af te gaan, ter

wille van jou naaste wat nog daar vasgevang sit. EK is die Een wat bevry en julle sal MY help as julle bereid is om MY te help. Wees MY troue arbeiders en EK sal julle nooit verlaat nie.
Amen.

*(Liewe lesers, dit laat my dink aan Jahshua wat ook na die diep put van die aarde neergedaal het om ons hier te kom verlos deur SY verblyf op aarde en die kruisiging. My hele wese ruk nou nog na dit wat ek gesien het. Louise)*

# Hoofstuk 28

*25 Des. 2007 21:00*

Jahshua praat met my en ek sien ‘n man aan my regterkant aangestap kom. Dit is ‘n baie groot man en Jahshua sê dat dit Dawid is. Ek moet saam met Dawid gaan, want hy moet my iets wys. Ek wil eers nie, maar Jahshua sê dat HY ook saam sal gaan. Dawid tel my op en loop baie vinnig en gee sulke lang treë, sommer bo-oor die see en berge tot ons by ‘n hoë berg kom met ‘n baie mooi uitsig. Ek kyk af na onder, maar daar is net mis wat die dal onder ons bedek. Die mis klaar op en ek sien ‘n groot stad wat daar onder op ‘n vlakte lê. Dawid sê dat dit die “stad van Dawid” is. Hy vra my of ek die “ster van Dawid” kan sien. Ek sien bo-op die stad is die ster van Dawid - amper soos ‘n brandmerk oor alles. Hy sê dat ek moet oplet na die kleur van die ster. Die ster is pikswart en Dawid sê dat die stad sy heerlikheid verloor het, omdat Vader nie daar is nie. Ook is SY volk nie meer daar nie. Hy wys aan my die Suide van Afrika en ek sien dat die ‘Ster van Dawid’ oor Suid-Afrika “gebrandmerk” is en ek sien dat die ster blink soos ‘n pêrel. Dawid sê dat Vader se volk hier is en dat Vader se Gees hier is, daarom blink die ster so. Hy wys my in die weste ‘n hart wat klop en sê dat almal daar vergader sal word. Hy sê dat die hart die vergaderplek van die liefde is en dat ons Vader se groot liefde is en daarom sal HY ons by die hart vergader. Ek sien dat die hart daar in die pragtige hart verander wat ek in ‘n vorige gesig (huwelik met Sion) gesien het. Daar vind die huwelik met Vader tussen SY volk ook plaas.

*26 Des. 2007 06:20*

Jahshua vat my weer na die berg waarop ek gestaan het saam met Dawid en HY wys my die stad van Dawid met die swart Dawidster op. In die lug bo-oor die stad hang ‘n vraagteken. Vader sê dat dit beteken die mense wonder nog of dit Vader se volk is wat daar bly of nie. Hy wys my toe weer die Suide van Afrika waar ek ook die Dawidsteken gesien het, maar wat hierdie keer blink. Vader sê dat SY ware volkie hier is en dat HY vir ons wat hier is, sal kom. HY sê ook dat HY hierdie wete nog altyd in my binneste gegee het, vandat ek klein was.

**Vader dikteer:**

EK het julle, MY volk, nog altyd met liefde getrek. Met koorde van liefde het EK julle na MY getrek sodat julle almal van jongs af geweet het dat julle MY uitverkorenes is. EK sal julle ook nou dit wéer sê, omdat EK julle liefhet en julle nie sal laat gaan nie, al het julle in julle blindheid baie foute gemaak en vreeslik teen MY gesondig. EK sal julle uitred uit alle gevaar en sal julle nie verlaat in julle uur van nood nie. Klou krampagtig aan MY Woorde van Verlossing vas en julle sal die son sien skyn na jare se onweer. Moenie bekommerd wees oor die planne van die hordes nie, omdat EK MY nie aan hulle steur nie. Doen net wat EK doen. Sien julle dat EK bevrees is of bekommerd? Baie van julle kan aanvoel dat daar bose planne gesmee word, maar EK wil julle gerusstel. Vrees nie en bly in MY. Gee alles in MY hande oor en EK sal met hulle afreken. Luister na MY stem as EK julle iets beveel, omdat daar 'n tyd gaan kom, en dit is nie meer vêr nie, dat julle nie meer so rustig soos nou gaan kan lewe nie. Julle sal openlik aangeval word, maar niks oorkom nie, omdat EK met MY reddende regterhand na julle sal kom en julle uit alle gevare uit red. Daar was 'n vrou met die naam Liesbet Pieterse. In die tyd van oorlog het sy alleen by haar huis gebly, omdat haar man gaan veg het. Dit was in die tyd van die Bosoorlog. Hy was weg vir 'n paar maande en sy het alleen op hulle plaas gebly waar sy die boerdery moes hanteer. Sy was nog baie jonk op daardie stadium en moes plaaswerkies doen en die werkers opdragte gee. Op 'n dag het sy agtergekom dat die plaaswerkers snaaks optree en het nie geweet wat om daarvan te maak nie. Hulle was laks en wou nie werk nie. Sy het toe maar self ingespring en dinge gedoen, aangesien hulle ook toe sommer van die werk af weggebly het. Sy het dit in haar hart aan MY opgedra en aangegaan met haar dagtaak. Op 'n dag bemerk sy dat alles doodstil is op haar plaas en voel aan dat daar bedreiging is. Sy vat toe die geweer en besluit om te gaan ondersoek instel. By die groot tabakskuur is sy skielik van agter af oorval en die aanvaller het probeer om die wapen van haar af te neem. Sy plan was om haar van kant te maak en die huis op sy tyd te beroof. Maar hy het nie geweet dat EK haar bygestaan het nie en was baie

verbouereerd toe hy skielik ‘n reus van ‘n man gewaar wat op hom afkom. Hy het omgedraai en weggehardloop. Telkens het hy omgekyk en gesien dat hy nie van hierdie man af kan wegkom nie. EK het direk agter hom gebly, sonder om aan hom te raak. Hy kon die gesig van ‘n baie kwaai man waarneem wat die hele tyd reg agter hom gebly het. Vir hom het dit gelyk of die man wat hom agtervolg, vlieg. EK het hom so gejaag tot hy in die teerpad gekom het en sonder om te kyk is hy reg voor ‘n aankomende voertuig in wat hom platgery het. Dit was die einde van Liesbet Pieterse se vyand en daar was baie stories in omloop oor wat daar nou regtig gebeur het. MY kinders, dit is maar een van die miljoene kere waar EK een van MY kinders uit groot gevaar uitgered het en daarom sê EK; vrees niks. EK is in beheer en sal nie een van MY kinders laat omkom aan hulle hande nie. Hulle het julle al baie sleg behandel en vertrap. Daar sal nou ‘n einde aan gemaak word deur MY, julle Verlosser en Vader. Gaan julle gang en onthou, EK alleen is in beheer, al dreig hulle dat die spoeg so spat.

Amen.

# Hoofstuk 29

*26 Des. 2007 10: 45*

Ek sien Jahshua sit op ‘n groot rots en ek staan op die grond. HY sê dat ek na HOM moet kom en ek is die volgende oomblik in SY arms. Ek vra HOM om een met HOM te word en HY sê dat ek hom gedurig moet kom opsoek en in die gees na HOM moet kom, dan sal dit bespoedig word. HY en ek sit kruisbeen teenoor mekaar en Jahshua hou SY hande in die lug en ek myne. Ons hande is palm teen palm. Die volgende oomblik word my hande een met Jahshua s’n en jy kan nie die hande sien nie, omdat daar ‘n wasigheid om is. Dit is ‘n blinkende wasigheid. Jahshua sê dat dit die begin van die eenwording met HOM is.

Ek onthou ook ‘n paar dae gelede dat Jahshua my na my hande laat kyk het en ek sien my hande lyk nog sag en jonk. Die volgende oomblik lyk my hande soos iemand s’n wat baie hard kan werk. Grof en sterk. Vader sê dat HY my hande vir HOM sterk maak om vir HOM te werk.

**Vader dikteer:**

EK maak elke een wat na MY soek sterk, sodat hy MY werk in MY wingerd kan gaan verrig. Elke een wat werklik wil, sal deur MY gebruik word, omdat daar min arbeiders is en die oes gereed om afgehaal te word. As julle MY werklik bemin, sal julle deur MY aangeneem word en julle sal nooit spyt kry nie, omdat EK julle tot arbeiders omskep, al het julle nog nooit vir MY gewerk nie. Julle sal MY dien in elke opsig en julle hande sal een met MY word, omdat julle dan net sal doen wat EK julle sê om te doen. Met ander woorde, julle wil sal MY wil word. Niks sal meer deur jouself gedoen word nie en jy sal rein wees en sonder smet, omdat jy nie meer jou hand sal slaan aan ‘n verkeerde ding nie. Strewe na die eenwording met MY en julle sal dit bereik wat MY skryfkneg bereik het. Deur baie volharding en uithouvermoë sal julle die eenwording met MY verkry en niks sal julle dan van MY af kan weglok nie, omdat jy dan met MY verenig is. Kom klim op die rots en kom sit by MY, sodat EK ook jou hande een met MY kan maak. Dit beteken, kom na MY, gee jouself heeltemal aan MY oor en verloën jouself, sodat jy vir MY welgevallig kan wees.

Deur jouself te verloën, sal jy jou liggaam afsterf en MY daardeur dien, omdat jy dan nie meer doen wat jou liggaam aan jou sê om te doen nie. Jy sal dan net doen wat EK jou gee om te doen. EK maak die wat op MY wag en na MY kom vol lig, sodat jy die lig kan uitdra na jou naaste wat in die diepste van duisternis nog gebonde sit. Wees net getrou aan MY, sodat EK jou kan vervul met MY Gees en jy heeltemal een met MY sal word. Solank jy MY wil doen, kan niks verkeerd gaan nie, al word jy met klippe bestook deur blindes wat MY Woord nie verstaan nie. Wees nie bevrees nie, EK sal nie een van julle, wat na die eenwording met MY soek, vergeet nie en julle sal almal met MY een word. Dit hang ook af van jouself. Hoe meer jy na MY soek en MY bo alles en almal stel, hoe vinniger sal dit gebeur, want EK suiwer en reinig julle, sodat julle skoon sal wees om MY GEES heeltemal te kan ontvang. Los alle onsuiwerhede en volg MY na. Dit is die goue reël en die hoofreël is natuurlik Liefde.

Amen.

# Hoofstuk 30

*27 Des. 2007 06:40*

Ek is saam met Jahshua naby die see en HY wys my die son wat op die oppervlak van die see weerkaats. HY sê dat HY die son is en die see, die mense. Jahshua wys my hoedat die see die weerkaatsing van die son opbreek dat dit nie ‘n ronde sirkel is nie. Die son se vorm word die hele tyd deur die beroering van die see misvorm en verbreek. Jahshua sê dat dit net so gaan met SY woord wat HY na die aarde stuur. Dit word altyd verdraai en verkeerd verkondig, maar in die water dring die sonstrale tog deur en gaan diep in. Die woord van Vader bereik, ongeag die verdraaide vorm, tog die mense se harte. Daar kom ‘n groot walvis en swem deur die weerkaatsing van die son en breek dit op in miljoene stukkies wat oral weerkaats. Vader sê dat al kom daar vertalers wat SY woord heeltemal verkeerd weergee, die son (SY woord) ook die mense tref, omdat die miljoene klein stukkies tog op iemand weerkaats en hom tref. Vader sê dat die satan nooit SY woord heeltemal kan vernietig nie en dat die Woord weer na sy oorspronklike vorm bly terugkeer. So keer Vader weer terug met die openbaring van die suiwer leer en die mense sal dit tog kry, al probeer satan ook wat.

**Vader dikteer:**

In MY tyd op aarde het die mense ‘n heel verwronge idee van MY gehad en min mense het nog in ‘n liefdevolle Vader geglo. Satan het MY Beeld heeltemal probeer opbreek en mense het nie meer geweet wie EK was nie. Maar EK het na die aarde gekom om MY Beeld weer hier te kom herstel, sodat MY lig in die mense, wat van goeie wil was, se harte kon skyn. Selfs die wat nie van goeie wil was nie, is deur MY lig getref en omvorm tot die mooiste mense, net soos wat die lig op iets weerkaats en dit pragtig maak. Julle is ook weer na baie jare aan die neus gelei en het hopeloos verkeerde leerstellings in julle gehad. Niemand het meer die suiwer waarheid geken nie en almal het verkeerde vertalings gelees en was ook onder die verkeerde indruk van MY. EK het egter weer teruggekeer in die vorm van MY nuwe

openbarings en sal MY Beeld ook weer hier kom herstel. Baie van julle wat nou hier lees, het altyd gedink dat EK straf en half ongenadiglik op iemand neerkom, omdat daar so baie siektes in die omloop is. Julle het gedink as iemand kanker kry of 'n ander gevreesde siekte, dit die straf is wat EK hom oplê vir een of ander sonde. Dit is 'n verkeerde stelling, omdat EK niemand oordeel nie. MY Woord oordeel die mense, omdat hulle nie na MY Woord luister nie. Dit is nie EK wat hulle straf nie. EK het nie gekom om die mense te oordeel met MY nuwe openbarings nie, maar om hulle die regte weg aan te wys. Die satan het al klaar weer sy kloue in MY openbarings ook probeer slaan en daar word baie onwaarhede oor MY skryfknegte versprei wat direk uit die satan se bek kom. Hulle is mense net soos julle, wat MY net baie ernstig kom soek het. EK het hulle gebruik nadat hulle hulleself gewillig verklaar het. EK het hulle nie gedwing nie. Dit was uit groot liefde vir MY dat hulle hulleself vir MY diens aangebied het. Daar kan niks verkeerd uit hulle pen uitkom nie, aangesien hulle MY dien en baie liefhet. EK dikteer en hulle skryf net neer. Hoe kan hulle verkeerde dinge neertik as hulle net na MY stem luister? EK sê nie dat hulle volmaak is nie, maar hulle probeer so na aan MY leef as moontlik en EK is die hele tyd in hulle nabyheid. Hulle wil net MY wil doen en sal dit doen solank hulle by MY bly. Elke een wat by MY bly, sal die waarheid van MY ontvang, maar sodra hy weg van MY gaan en sondes doen wat direk teen MY opdragte ingaan, sal EK MYSELF ook onttrek van hom/haar en EK sal nie MY Woord aan hom/haar gee nie. Wanneer EK by MY knegte is en hulle MY gehoorsaam, sal hulle niks verkeerd meer doen nie en dit geld vir enige ander persoon ook, nie net MY skryfknegte nie. Hulle hele wil is net om MY te dien en hoe kan hulle dan verkeerde dinge doen as hulle net MY wil doen? Elke ding wat hulle doen word eers aan MY gevra en EK sal nooit die verkeerde antwoord aan hulle of enigiemand anders gee nie. Al probeer die satan ook om MY beeld af te kraak deur MY skryfknegte sleg te maak, sal MY Woord tog seëvier en dit sal tog mense wat van goeie wil is, in die hart tref, net soos die strale van die son nog steeds die water deurdring, al word die beeld van die son op die oppervlak van die see opgebreek. EK het julle onvoorwaardelik lief en stuur julle daarom weer MY

Woord vanuit die hoogte, sodat julle die regte beeld van MY kan hê. Hoe kan 'n mens iemand liefhê wat net straf uitdeel? Dit was die beeld wat baie van MY gehad het en EK het dit kom regstel deur MY nuwe openbaringe aan julle te stuur. As julle dit aanneem, sal julle MY liefkry soos MY skryfknegte MY liefgekry het en dit sal vir julle die grootste seëninge bring. Wees net vir MY lief en EK sal julle nooit die verkeerde ingee nie, al probeer die wêreldsee alles om MY Woord af te takel. Die reine Brood sal aan MY ware kinders herhaaldelik gegee word en hulle sal daardeur gevoed word, sodat hulle kan groei tot pragtige bome wat vir MY sal vrug dra, al word die son langs hulle opgebreek in derduisende stukkies. Hulle sal groei, omdat hulle MY liefde in hulle harte dra. EK sal elke een wat MY liefhet se geestesoog open om MY te kan sien in die helderste kleure en die lig sal nooit weer vir hulle opgebreek word nie, omdat hulle die suiwere waarheid in hulle binneste ronddra. Glo net dat dit EK is wat deur MY skryfknegte tot julle spreek en julle sal almal MY liefde daardeur ondervind en leer ken.

Amen.

# Hoofstuk 31

*28 Des. 2007 07:32*

Ek is baie ontsteld in my binneste en dit voel of my siel innerlik ruk. Vader sê die volgende aan my: ”Kyk na MY, MY kleintjie. EK sal jou nooit verlaat nie. EK sal jou nooit ‘n swaar las gee wat EK weet jy nie kan dra nie. EK sal jou nie versaak nie. ”

**Vader dikteer:**

Almal van julle het nog ‘n swaar pad wat voorlê. Sommiges het al die pad begin aandurf en voel baie keer te swak om verder te gaan. EK wil julle almal versterk soos wat EK MY skryfknegte versterk. Kom na MY met al jou hartseer en EK sal dit vir jou verbeter. Julle almal het reiniging nodig en sal deur MY gereinig word, al is dit nou eers in die hiernamaals. Maar salig is die wat nou al deur MY gereinig wil word, omdat hulle die lewe hierna rein sal ingaan en nie dan nodig het om skoon te kom nie. EK reinig diegene wat EK liefhet en wil hulle styf teen MY bors hou, sodat hulle alles sal kan verdra. MY kinders, julle is nog vol aardse vuil en smet en moet skoon kom daarvan. Dit gaan gepaard met baie hartseer en verdriet, maar EK wil jou help dra aan jou laste. Wees nie bang dat jy dit nie sal kan dra nie, want EK maak jou sterk daarvoor. Jy sal alles kan dra wat EK jou oplê, omdat EK jou las met MYNE vervang en jy net MY las hoef te dra. Dit beteken dat jy MY voor jou oë moet hou en na MY moet kyk, dan sal alles vir jou draagbaar word. EK sal niemand wat MY liefhet ooit verlaat nie, want EK het almal lief en weet ook wat in elkeen se binneste aangaan. Julle word nie verniet deur MY gereinig nie en sal as oorwinnaars anderkant uitkom. Wees maar net gerus en laat al jou sorge en hartseer in MY hande oor en EK sal dit vir jou in die grootste vreugde denkbaar verander. Jy sal bly wees as jy skoon in MY ryk kan instap sonder dat jy eers gereinig moet word. Die wat die reiniging probeer vryspring hier op aarde en halsstarrig probeer aangaan asof daar niks reiniging nodig is nie, sal ‘n baie swaar pad in die hiernamaals hê om te loop. Dit is ‘n baie langer pad as nou hier op aarde en die reiniging sal dubbeld so swaar wees. Gee jouself eerder nou aan

MY oor sodat EK jou kan suiwer en jy sal binne MY ryk kan gaan met die grootste vreugde. EK wan al die koring uit en sal julle ook van julle vuilheid en onreinheid suiwer. Wees net tevrede met wat EK op jou pad bring, want EK weet wat nodig is om jou te suiwer en te reinig. Dit geskied in die grootste liefde denkbaar en dit is nie ‘n straf vir jou sondes nie, maar ‘n skoonmaak van al jou onsuiwerhede waarvan jy nog nie weet nie. Glo net dat dit EK is en die bose nie.

Amen.

# Hoofstuk 32

*28 Des. 2007 8:26*

Ek is saam met Jahshua by ‘n groot dam en HY sê dat Ons op die bodem moet gaan kyk wat daar aangaan. Ons loop op die bodem en daar lê groot goed rond soos klippe en ander gemors wat mens op die bodem van ‘n baie groot dam aantref. Die water het ook ‘n vieslike vuilbruin skynsel en dit maak my nogal bang. Jahshua vat my na die sluis toe en ek sien ‘n magtige hoop water wat daar uitval. Dit is ‘n ontsettende klomp water en HY wys my dat jy in die gees daar kan loop. Die water is nog steeds vuil, maar die groot gemors het in die dam agtergebly en lê op die bodem. Jahshua wys my verder hoe die water deur verskillende prosesse gaan om gesuiwer te word tot dit onder in ‘n pragtige rivier wat rustig vloei uitkom. Die water in die rivier is silwerskoon en Jahshua skep vir my ‘n glas daarvan. HY vra my of ek dit sal drink en HY hou die glas teen die lug sodat ek dit kan bekyk en onsuiwerhede kan soek. Die water is silwerskoon en sonder enigiets wat daarin ronddryf. Ek drink die water en dit is heerlik soet. Jahshua sê vir my dat dit is hoe SY volk vir HOM is. HY moet ons volk ook deur sulke reinigingsprosesse vat om silwerskoon, drinkbaar en rustig aan die anderkant uit te kom.

**Vader dikteer:**

Ja MY kinders, julle is vir My soos ‘n groot hoop waters waarin daar allerhande dinge is wat nie daar hoort nie. EK kan julle nie “drink” nie en sal julle eers moet suiwer soos wat EK elke een afsonderlik ook moet suiwer. Al die probleme in julle land is deel van MY suiweringsproses en julle sal tot op die laaste gesuiwer word sodat Ek julle kan “drink”. Waarom dink julle dat EK julle oorgegee het in die hande van ander nasies sodat hulle met julle kan maak wat hulle wil? Dit is om julle te reinig van julle vuilheid wat geheers het in julle harte. Daar was wette wat julle verbied het om sekere dinge te doen en almal wat dit wel gedoen het, het dit in die duisternis gedoen. Dit was verkeerd in MY oë, maar julle ander wat daaraan onskuldig was, het nie eers geweet van jou buurman se onheil nie. Daardie vuilheid het Ek ontbloot en julle

kan nou almal sien wie die is wat met ander nasies oortree het in die duister, toe dit nog onwettig was. Hulle doen dit nou openlik en sal deur MY op die bodem van die dam gelaat word, sodat Ek net met die kan aangaan wat ten minste suiwer in daardie opsig gebly het. Tussen die wat oorgebly het, is daar weer ander verkeerde dinge wat tussen hulle geheers het, waarvan die buurman ook nie geweet het nie. Hoeveel maal was daar gesinne waarvan die pa van die huis homself telkemale tot in die afgrond ingesuip het en dan sy vrou en kinders aangerand het? Baie keer is niemand eers daarvan bewus nie en dit sal Ek ook uitbring en suiwer. Daar is baie sulke dinge in julle volk wat EK vir julle een vir een kan uithaal, maar dit is nie nou MY plan nie. Wat EK by julle wil tuisbring is die volgende: EK SIEN ALLES! EK WEET VAN ALLES EN HOOR ALLES. ! My kinders, EK weet van die dinge wat teen julle gedoen word ook, en sal dit nie ongestraf laat verbygaan nie. Bly by MY, sodat EK julle kan suiwer en julle in die skoon rivier kan opeindig en EK julle kan opneem in MY ryk. MY Sion moet vir MY rein wees, omdat EK nie ‘n onrein bruid vir MY tot vrou kan neem nie. Lewe rein met julle huweliksmaats. Lewe rein met julle kinders en lewe rein met julle bure. Wees nie bevrees vir die reiniging nie, omdat EK die wat deur al die prosesse gaan, nooit sal verlaat nie. Julle almal wat dit wil deurgaan sal skoon anderkant uitkom waar julle in rustige vrede met mekaar sal leef en met MY in julle midde. Die groot suiwering gaan een-van-die-dae begin en dan moet julle net op MY vertrou om julle heelhuids anderkant uit te bring. Die ander nasie dink dat die GOD van Abraham, Isak en Jakob nie meer bestaan nie en dat EK julle vergeet het, maar hulle sal met ‘n baie groot skok tot die besef kom dat hulle al die jare verkeerd was. My kinders, EK sal julle uit die hande van die bose red en deur al die dinge wat julle gaan moet deurmaak, sal julle gereinig word tot op die laaste druppel en julle sal helder aan die anderkant uitkom. Kom skuil by MY sodat Ek jou kan dra in MY Vaderarms en jy sal niks oorkom nie. Dit sê EK, die Vader van Abraham, Isak en Jakob aan die nageslag van Israel.

Amen.

# Hoofstuk 33

*28 Des. 2007 20:24*

Ek sien Jahshua staan op ‘n baie hoë berg en HY vra my of ek by HOM wil kom staan. Ek is die volgende oomblik by HOM op die berg en HY vra my wat ek sien. Ek sien ‘n dorre laagte en ‘n stad. Dit lyk soos ‘n ou stad uit die Bybelse tyd. Daar is net een groen boom in die stad. Die groen boom word uit die stad gehaal en op ‘n ander plek wes van die stad verplant. Terselfdertyd slaan die stad aan die brand aan die oostekant. Jahshua vra my of ek weet wat dit beteken en ek sê ek vermoed dit het betrekking op die aarde en die mense wat HY gaan kom haal en na die nuwe aarde neem. Jahshua sê dat ek nog baie onryp is om al die dinge te verstaan wat HY my wys. Ek verstaan dit gedeeltelik met my hart en teveel met my verstand. HY sê dat ek meer liefde vir HOM moet hê, dan sal ek alles beter verstaan.

**Vader dikteer:**

Julle is MY kinders wat EK weer gaan kom haal en wegvoer na MY nuwe aarde wat EK vir julle gaan berei. Julle sal bly wees as julle weet wat EK vir julle gaan doen en julle sal alles in die stryd werp om dit te kan bereik wat EK julle op die hart druk. Wees nie dom nie en luister na MY stem as EK julle iets aansê om te doen, omdat EK alleen weet waarom EK dit sê. Wees getrou sodat jy deel kan wees van MY groen boom wat verplant gaan word voor die einde van die aarde aanbreek. Die stad wat agter gaan bly gaan tot as verbrand en almal wat nie daar uit wil kom nie, sal saam met die stad tot niet gaan. MY kinders, die stad beteken die wêreld en wêreldse begeertes. Lê dit af en kom na MY, sodat julle rein gemaak kan word en julle nie saam met die onreine stad verbrand word nie. Die wêreldse mense wil weereens nie luister na die roep van MY boodskappers nie en sal soos die stede van Sodom en Gomorra verbrand tot elke onreinheid vernietig is. Julle moet julle by MYNE kom skaar en EK sal julle uitred in die dag van nood. EK sal julle nie aan julle lot oorlaat soos die wat nie na MY stem wil luister nie. Julle sal julle in MY arms bevind die oomblik dat die aarde begin brand en met vreugde sal julle die

lewe hierna ingaan en wag op MY nuwe aarde wat EK vir julle gaan berei. EK sal julle na ‘n plek neem wat EK spesiaal vir julle berei het en wat vir julle wag. Julle sal dan daar vertoef totdat Ek klaar is met die voorbereiding van die nuwe aarde. EK sal aan julle wonderlike dinge toon en julle sal geluksalig leef terwyl julle die nuwe aarde inwag. Gaan MY tegemoet in julle liefde en Ek sal julle bewaar, sodat julle ook op MY nuwe aarde kan wees. Daar is wel sekeres onder julle wat nie op MY nuwe aarde gaan wees nie, maar julle sal julle nageslag op die nuwe aarde kom leer en in MY Wysheid inwy. Dit sal vir ‘n ieder en elk wonderlik wees, maak nie saak waar jy op daardie oomblik is nie. MY oorvloedige seëninge sal op almal rus. Streef net na MY, sodat jy salig kan wees en MY kan beërwe en jy sal vreugde vind in jou lewe op die nuwe aarde of in die ryk wat EK berei het vir die wat vooruit gaan. EK sal MY groen boom op die regte plek plant waar hy gelukkig sal wees met MY saam met HOM.

Amen.

# Hoofstuk 34

*29 Des. 2007 06:07*

Ek staan saam met Jahshua op ‘n grasveld en HY wys my weer ‘n dam. Maar dit is ‘n aaklige dam. Die water is pikgitswart en daar dryf dooie mense op en daar is verskriklike vuilis in die dam. Daar is mense in die dam wat nog lewe en hulle hou aan roep om hulp. Ek moes invlieg (as arend) om hulle te gaan uithaal en bring hulle toe uit. Hulle staan daar eenkant en bibber. Hulle is vreeslik vuil en daar kleef sulke swart goed wat amper soos paddaslyk lyk aan hulle. Hulle wag op Jahshua en toe HY naderkom, val hulle almal op hulle knieë neer en bid en huil deurmekaar. Jahshua gooi ‘n kommetjie vol bloed oor hulle en hulle is skielik spierwit aangetrek. Hulle staan ook sommer regop en loof en prys HOM. Hulle word toe weggevat na ‘n plek wat spesiaal vir hulle reggemaak is. Die dam begin opdroog en daar word ‘n baie groot hoop sand op die dam gegooi sodat daar nie eers meer sprake van ‘n dam is nie.

**Vader dikteer:**

Die wat nog in die wêreldse vuil sit en graag daar uit wil kom, sal deur MY daar uitgehaal word, sodat hulle nie saam met die ander in die vuil water verdrink nie. EK sal die wat na MY roep nooit vergeet nie, al is dit die sagste geroep. Julle sal almal deur MY begenadig word, al word julle op die laaste oomblik gered. Daar is baie mense wat tot op die laaste in die vuil water van die wêreldse dam sal staan en dan sal EK MY arende instuur om hulle daar uit te gaan haal. EK sal hulle reinig en hulle vat na die ryk wat EK spesiaal vir hulle berei het, waar hulle gelukkig sal wees. EK sal elkeen reinig wat na MY kom en nie een sal deur MY verwerp word nie, omdat Ek genadig is. Gaan die wêreld in en help die wat gehelp wil word, maar los die wat nie julle hulp wil hê nie. EK sal aan julle uitwys wie dit is wat gehelp wil word en die res van die mense moet julle los. Daar is ‘n rede daarvoor. Die tyd is min en as jy die tyd verkwis deur mense wat nie gehelp wil word nie, te probeer help, sal daar ander verlore gaan wat wel gehelp wil word. Gee net aandag aan MY stem en Ek sal julle die

regte weg aanwys. MY bloed is vir almal wat MY verlossing wil aanvaar gestort, maar vir die wat dit verwerp, sal dit ook nie gebruik word nie. Hulle sal dan nie deur MY bloed verlos en gereinig word nie, omdat dit vir hulle geen nut het nie. Kom MY kinders, gaan in opdrag van MY net na die wat EK julle aanwys, of op julle pad bring en los die ander wat MY verwerp. Julle kan nie sien wat in iemand anders se hart aangaan nie, maar EK kan en sal daarom nie tyd aan hulle spandeer nie. Daar is baie kere al uitnodigings van MY kant na hulle gestuur, maar hulle weier halsstarrig om na MY te kom. Daarom sal EK nou net na die gaan wat na MY roep. Al is die roep ‘n fluister, sal EK kom en red, want EK is Verlossing vir selfs die grootste sondaar wat MY kom soek. Moenie sleg voel oor die wat in die dam agterbly nie, want hulle is reeds dood en wil nie tot lewe gewek word nie. Dit is hulle keuse. Red liewer die wat nog ‘n laaste bietjie asem oor het om na MY te roep. Dit sê EK nie uit ongenadigheid nie maar weens liefde vir elke sondaar wat na MY wil kom.

Amen.

# Hoofstuk 35

*29 Des. 2007 07:03*

Ek is weer op ‘n grasvlakte en Jahshua sê ek moet in die verte kyk wat daar oor ‘n heuwel aankom. Ek sien dit is ‘n man wat vinnig aankom en reguit na Jahshua loop. Hy is vreeslik bly om HOM te sien en Jahshua druk hom vas terwyl die man sê: ”My Jahshua!” Jahshua wys my dat daar nog mense oor die bult kom en ook reguit na HOM kom en HY omhels almal en verwelkom hulle daar. Ek sien bekendes onder hulle. HY sê: “Kom MY kinders, EK vat julle na julle ryk. ” Die mense loop saam met Jahshua tot by ‘n muur met ‘n poort. Die deure van die poort swaai self oop toe hulle daar naby kom. Dit is deure van liefde. Die man wat eerste daar was, gaan saam met Jahshua in en daar is uitroepe van lof terwyl almal na alles kyk. Daar staan ‘n tafel wat met koningskos gedek is en elkeen kry ‘n kroon.

**Vader dikteer:**

Julle wat vir MY op aarde gaan ly, sal ‘n eie spesiale plek in MY koninkryk kry. EK sal julle almal by die hand vat en binne-in lei. Julle sal verstom en bly wees omdat julle vergoed sal word vir elke bietjie lyding wat julle deurgemaak het. EK sal julle gee wat julle nooit verwag het nie en julle sal julle in MY verbly, want EK het julle buitengewoon lief en sal julle alles gee, net omdat julle vir MY gely het en MY bely het. Vrees nie die bose nie, want hulle kan julle nie uit MY hand uitruk nie. Die bose sal waaragtig probeer, maar sal niks met julle kan uitrig nie. MY hand is die hele tyd daar om julle te beskerm. Gee alles aan MY oor en moenie aan jou aardse lewe vasklou nie, omdat dit vir jou niks werd is nie. Julle sal almal die ewige lewe beërf en by MY kan wees vir ewig. Daar sal ‘n man wees wat julle voorgaan in julle ryk en hy sal ook MY voorloper op aarde wees. Hy sal julle vooruitgaan en eerste by MY wees. EK sal hom met buitengewone krag ondersteun, omdat hy ‘n baie swaar pad het om te loop vir MY. Hy sal MY wederkoms vooruit gaan. Hy sal verkondig dat die tyd baie min is en die mense sal hulle vir hom vererg. Hy sal baie siele na MY lei maar self sal hy omkom aan

die hande van die slegte mense wat MY haat. Hulle sal egter sy siel niks skade kan aandoen nie en voor almal sal hy hom by MY kom skaar in die hiernamaals. Hy sal julle almal aanspoor om nie moed te verloor nie en hy sal julle met buitengewone krag, wat hy van MY ontvang het, bystaan. Gee ag op sy woorde, want hy spreek wat EK aan hom sê om te spreek. Hy sal nie uit homself uit spreek of werk nie, omdat hy self te swak en te nietig is om die werk wat EK hom opgelê het, te volbring. Hy is noual tussen julle en baie ken hom, maar weet nie wie hy is nie. Hy sal egter stil wees tot op die tyd dat EK na hom sal kom en hom van sy opdrag vertel. Hy sal MY met ope arms tegemoet kom en MY as sy enigste aanvoerder aanvaar. Hy sal MY aan almal verkondig en sy werk sal buitengewoon groot wees. Hy weet nog self nie van sy groot werk vir MY nie en sal ook niks voor die tyd te wete kom nie. EK sal hom egter self kom sê wat hy moet doen en hy sal dit met die grootste liefde in sy hart vir MY en vir sy naaste doen. Luister na sy woorde as julle hom herken en wees verseker – MY Gees is in hom. Julle sal MY aan sy woorde herken en wee die een wat hom verwerp, want hy sal MY verwerp. Julle wat egter saam met hom vir MY sal stry, sal die grootste loon denkbaar beërf en julle sal saam met MY vir ewig in die grootste geluksaligheid leef. MY voorloper sal die ryk heel eerste ingaan en julle sal agter hom aankom terwyl julle deur MY gelei word. MY kinders, werp alles in die stryd, sodat julle daar kan kom en wees verseker van MY liefde vir julle. EK sal julle nooit verlaat nie en julle sal krag van MY ontvang om julle missie te voltooi. Die wat dan nie vir MY sal sterf nie, sal die nuwe aarde beërwe en ook daar sal hulle gelukkig saam met MY kan lewe. EK is orals en daar is nie ‘n regte plek en ‘n verkeerde plek nie. Solank jy net daar is waar EK is.

Amen.

# Hoofstuk 36

*29 Des. 2007 16:40*

Ek is weer op dieselfde berg waar ek saam met Jahshua na die stad gekyk het. Ons kyk weer na dieselfde stad. Daar waai 'n ligte briesie en die son skyn warm. Jahshua sê dat ek moet oplet dat dit net die boom in die stad is wat roer in die wind. HY sê dat die wind SY sagte liefde is en dat niks behalwe die enigste boom daardeur geroer word nie. HY sê dat die boom ons is wat HOM baie liefhet en die geboue die is wat HOM nie liefhet nie. Hulle bemerk nie eers SY liefde en genade nie en is onaangeraak daardeur. Daar kom 'n bui reën en maak alles nat. Na die reën kom die son uit en skyn weer helder. Die boom skitter in die sonlig omdat hy nat is van die druppels wat aan sy blare hang. Die geboue en ander dinge skitter glad nie en word gou droog. Vader sê dit is ook SY liefde en weereens herken die liefdeloses dit nie. Die boom, wat die is met liefde vir Vader, het SY liefde herken en skitter daardeur. Jahshua sê ook dat die boom HY is. Daar is 'n deur in die muur om die stad en ek vra Jahshua wat dit beteken. HY sê dit is die enigste deur waardeur jy in die wêreld kan ingaan. Met ander woorde, die deur stel die liggaamlike geboorte voor en terwyl jy in die stad (op aarde) is moet jy sorg dat jy jou by die Boom kom skaar. Jy moet jou weg deur die stad baan tot jy by die Boom (Jahshua) kom. Dan sal jy ook gered word as die stad verbrand word.

**Vader dikteer:**

EK gee aan julle MY reine, ware liefde en daar is bittermin mense wat dit herken en ook terug beantwoord. Die meeste is so besig met hulle aardse fortuine dat hulle skaars MY liefde vir hulle opmerk. Maar MY boom, My enigste groen boom, merk dit en groei verder terwyl die stad onder hom besig is om te vergaan van onheil. Julle wat MY liefhet is die boom wat in MY liefde staan en julle gedy daarin. Die stad sal nie verder "groei" nie en sal in die dooie materie bly waarin hy is. Die kluistering is wat hulle verkies en sal dan nooit uit hulle hartsbegeerte verlos word nie. EK gee aan almal wat hulle graag wil hê. Julle, as MY reine

boom, smag na MY liefde en EK sal dit aan julle gee. EK gee ook MY liefde aan die wêreldmens, maar hy merk dit nie en sal daarom aangaan in sy wêreld van woeker en winste. Laat die wat dood is en dit so verkies, dan maar so bly. Is dit ‘n onreg wat iemand aangedoen word as jy hom gee wat hy vra? Nee, volstrek nie. Ek gee aan julle alles wat julle van MY vra en aan hulle wat hulle wil hê. Hulle sien nie MY groot liefde daarin raak nie. As hulle MY liefde in alles raakgesien het, soos wat die boom MY liefde in die wind gemerk het, sou hulle hulleself ook aan MY kom gee het. Maar nou sien hulle niks en verkies dit so. Hoe baie maal het EK nie ook boodskappers uit die Hemel gestuur om hulle te bearbei nie? Die resultaat was dan altyd een van traak-my-nie-agtigheid. EK kan daar niks aan doen nie en dit is nie ongenadig van MY om sulke mense net te los waar hulle is nie. Maar Ek gaan voort met die wat wel MY liefde in die wind sien en MY barmhartigheid en seën in die reën. Met hulle gaan Ek aan en hulle sal groei en gedy in MY liefde. Dit is dan ook net regverdig van MY om die groen boom te verwyder voordat EK die stad wat van onheil oorloop verwoes. EK kan eerder ‘n nuwe plek vir die boom skep sodat hy sy saad kan laat groei in vrugbare grond. Daar is nie nou veel plek vir die boom nie en die wêreld en sy magte beplan dan ook om die boom met wortels en al af te kap en te verwyder. Dit sal nie geduld word nie en Ek sal MY boom self verplant en die wat die boom wil vernietig sal dan self vernietig word. Dit is MY liefde vir julle wat MY ook liefhet en deel wil wees van MY boom. Geen hand sal aan julle geslaan word nie. Julle sal wel voel dat daar ‘n aanslag teen julle gemaak word en dat daar planne teen julle beraam word, maar Ek sal ingryp en MY boom sal bly staan. Julle moet hierdie stuk met julle harte lees, dan sal julle verstaan wat EK hiermee wil sê. Die verstand sal nie verstaan wat EK probeer weergee aan julle nie en sal dit afmaak as die grootste bog wat bestaan, maar die wat die uit liefde vir MY lees, sal elke vorm van beeldspraak hierin baie goed verstaan. Dink na hieroor en jy sal dan weet of jy deel is van MY boom en of jy nog deel is van die stad. Maak jou weg na die boom en kom skaar jou by MY boom en jy sal bly leef terwyl die aarde wankel. Amen.

# Hoofstuk 37

*30 Des. 2007 06:00*

Ek is saam met Jahshua op 'n pragtige grasvlakte en HY wys my die son en vra of ek in die son kan kyk sonder dat my oë seer word. Ek kyk en my oë word nie seer nie. HY wys my hoe die son die blomme om ons verlig en die mooi kleure van die blomme uitbring. HY sê dat Ons na 'n nabygeleë watervalletjie moet gaan en ek hardloop vooruit, net soos 'n klein dogtertjie wat baie bly is. Ek het baie lief geword vir hierdie watervalletjie. Ek draai om, om te kyk waar Jahshua is en voel sleg omdat ek sommer net gehardloop het. HY is nie agter my nie en toe ek by die watervalletjie kyk, sien ek HY is reeds daar met 'n glimlag op SY gesig. HY sê ek moet oor die water na HOM kom, en ek is skielik in SY arms. HY vra my wat ek in die poeletjie sien en ek kyk, maar kan eers nie mooi sien nie. Dit is dieselfde stad wat ek nou al 'n paar keer gesien het. Jahshua gee my geen verduideliking nie en sê dat ek moet kom tik wat ek gesien het.

**Vader dikteer:**

Deur julle liefde vir MY laat ek die son oor julle skyn. EK is die son wat oor julle skyn en die wat MY nie liefhet nie, wil graag in die grootste duisternis lewe. MY kinders, kom staan in die Son sodat EK julle ware kleure kan uitbring en julle harte soos diamante kan skyn en alles om julle kan verlig met julle helder kleure. EK het julle baie lief en nooi julle uit om na MY te kom sodat EK julle almal se harte kan verander in die mooiste diamant. EK wil julle laat skitter in die Son en julle so mooi maak dat julle ander na julle aantrek met julle mooi kleure. Die kleure wat julle sal uitstraal sal die volgende wees. Rooi - dit staan vir liefde en niemand kan liefde weerstaan nie. Oranje - dit staan vir vrolikheid van hart. Wie hou nie van 'n vrolike persoon nie? Geel - dit beteken die uithouvermoë en lydsaamheid. Dit sal julle self baie nodig hê in die tyd wat kom en wanneer ander julle lydsaamheid sien sonder om te kla, sal dit hulle aanspoor om ook alles te kan verdra wat EK op hulle pad bring. Groen - dit is die geloof. Glo alles wat EK julle leer en julle sal ander ook aanspoor

om in die geloof te volhard. Blou - Dit is die vrede wat in jou hart heers oor alles wat nog gaan kom en wat reeds besig is om te gebeur. As ander die vrede in jou en in jou huis sien sal dit hulle ook rustiger stem, al is hulle nog bang vir die toekoms. Indigo - dit is die vriendelikheid wat sag uitgestraal moet word na ander wat ook ly en wat jou kom vra vir iets wat hy nodig het. Gee, MY kinders, gee aan almal wat iets nodig het, al is dit jou laaste stukkie kos. EK sal mildelik voorsien. EK het net gister vir MY skryfkneg wat iets nodig gehad het, gesê dat sy nie altyd geld nodig het vir dit wat sy nodig het nie. Voor die dag om was het sy dít gehad waarvoor sy MY vroeër die dag gevra het. EK hou alles in MY hande en dit sluit enige voedsel ook in. Violet - Dit is die wonderlike eienskap van geduld. EK is geduldig en sal nooit MY geduld verloor met iemand wat MY probeer kwaad maak of selfs uittart nie. EK sal nie op so ‘n persoon skree en hom beledig nie. Selfs nie eers die satan het die vermoë om MY uit te lok om MY geduld te verloor nie. Wat wel gebeur is dat EK net daardie persoon van sy eie medisyne teruggee met die grootste liefde in MY hart omdat EK hom wil leer. Hy leer dan gou om MY nie aan te sien as sy speelmaat nie en kry vinnig respek wat dan ook later kan omsit in liefde vir MY. Dit hang van daardie persoon self af. Maar dit is nooit uit humeurigheid dat EK iets doen nie. Humeurigheid is iets wat glad nie by enige iemand hoort nie. EK is julle voorbeeld van hoe julle moet leef en as julle geen slegte humeur by MY bespeur nie, moet julle self ook nie ‘n slegte humeur hê nie. Dit geld vir enige ander eienskap ook. As julle vind dat julle nie hierdie sewe pragtige eienskappe besit nie, kom dan na MY sodat EK jou onder MY waterval van liefde kan reinig, en jy sonder smet en met al die pragtige eienskappe wat EK hier genoem het, voort kan gaan. Die aarde sal ook so deur MY in die reinigende water skoon gemaak word, sodat sy weer ‘n geskikte, gereinigde plek sal wees vir die uitverkorenes van die nuwe aarde. Julle weet nie wat vir julle voorlê op die nuwe aarde nie en sal stom van verbasing wees as julle dit kan aanskou. Gee alles vir MY sodat Ek dit vir julle nuut kan maak, en julle dit in die beste orde kan terugkry. Vertrou MY met alles en wees net geduldig, EK maak alles nuut. Amen.

# Hoofstuk 38

*31 Des. 2007 03:58*

Ek is by Jahshua en vra vir HOM of ek HOM werklik sien en of dit nie net my verbeelding is nie. Ek sien Hom skielik nie meer voor my nie en hoor Hom direk agter my praat. Toe ek omkyk, is ek verbaas om te sien dat HY nie direk agter my is nie, maar op 'n hoë berg baie ver van my. HY sê dat ek na HOM moet kom. Ek is skielik digby HOM. HY is so mooi en dit lyk of daar duisende silwer sterretjies oral op HOM is. Van bo tot onder en selfs Jahshua se kleed blink van die sterretjies. HY is so eenvoudig en vriendelik en daar is niks aan HOM wat jou laat dink dat HY beter is as ander nie. Maar HY is net liefde en dit straal uit HOM uit. HY sê dat ek na onder moet kyk. Ek kry die idee dat ons op 'n baie hoë bergreeks is, amper soos die Drakensberge. En Jahshua sê dat ons baie hoog is. Tussen twee berge is 'n gelykte wat baie groen is en die omgewing is pragtig. Die gelykte is baie hoog bo seespieël. Daar is 'n skip op die gelykte en ek wonder of dit Noag se ark is, want dit is 'n outydse skip, maar lyk nie soos die prentjies van die ark wat ek al gesien het nie. Jahshua sê dat dit nie Noag se ark is nie, maar dat dit netsowel kon gewees het. Daar klim mense uit en ek sien dis baie bekendes wat Jahshua aanbid. Hulle is baie gelukkig en hulle maak orals klein vuurtjies en braai vleis. Orals is rook wat opgaan. Hulle sing vir Vader 'n bekende lied wat ons self sing, -"Kom sing 'n nuwe lied vir HOM" is die lied se naam. Later sien ek eenvoudige berghuisies met rook uit die skoorstene. Daar heers 'n atmosfeer van geluk en vrede. Toe loop ek en Jahshua tussen die huisies deur en my een kind kom na Jahshua toe aangehardloop en HY tel hom op. Ek word gesê om alles te kom tik.

**Vader dikteer:**

Julle wat MY liefhet sal in MY ark na veiligheid gebring word. Terwyl die storms om julle sal slaan en die hordes mekaar en díe wat MY haat, sal uitmoor, sal MY ark met julle almal in veiligheid land op die bestemming wat EK julle aanwys. Julle sal daar in geluk leef vir 'n tyd en daar sal MY vrede oor julle heers. Met

geluk sal julle julle weg gaan sonder dat die een hoef te vrees dat die ander hom skade sal bring, en julle sal bymekaar woon tot EK tussen julle inkom en daar onder julle rondloop soos ‘n broer tussen sy medebroers. Julle sal weet wie EK is en sal bly wees dat EK dit aan julle gedoen het. Vrees nie die barbare wat op julle sal afstorm nie, want julle is veilig en geborge in MY ark. Julle sal veilig by julle bestemming aankom. EK sal julle leier en aanvoerder wees. Wees net vol vertroue in MY en gaan jou gang sonder vrees. EK het nog nooit iemand wat in MY vertroue het, versaak nie. Dit sal nou ook so wees. Elke mens wat in nederigheid en liefde na MY sal kom, sal deur MY bewaar en beskerm word, maar wee die een wat MY bespot en sy bed by die ander nasies gemaak het. Hy sal inderhaas vlug om nie vêr te kom nie. MY ark se deur sal gesluit wees, want EK roep al lank voor die tyd. Die ongehoorsames en meinediges sal nie wegkom nie, want EK wil hierdie land suiwer, sodat EK hier kan kom woon saam met julle en julle MY sal sien en herken. Dit is ‘n belofte. Het EK al ooit ‘n belofte gemaak wat EK nie gestand gedoen het nie? Kyk na die sterretjies oral op MY. Dit is ‘n aanduiding dat EK waar en eg is en dat EK niemand sal verlaat nie. Net soos wat die sterre aan die hemel flikker en elke aand daar is, so sal EK ook by julle wees. Elke sekonde van die dag en nag. MY skryfkneg het MY nog nooit gesien met sterretjies wat op MY blink nie en was dan ook verseker dat sy MY werklik sien. Julle moet MY glo, sonder dat EK altyd vir julle ‘n bewys moet gee van MY teenwoordigheid. Glo onvoorwaardelik, dan sal julle loon soveel groter wees. Dink nie dat alles wat hier neergetik word, net sommer versinsels uit iemand se verbeelding is nie. Dit is die waarheid en deel van MY plan om julle almal na MY te laat soek, soos wat MY skryfkneg na MY gesoek het. Julle sal almal dit kan regkry wat EK haar laat regkry het, as julle MY baie liefhet en MY elke sekonde van die dag kom soek. EK sal dan tussen julle almal wees en julle sal MY kan aanskou en ook die wonders wat EK vir julle gaan doen, daar waar EK julle gaan vergader. Julle sal juig en bly wees en aan MY lof bring. Julle almal sal MY met offers uit die hart loof en prys en niemand sal die ander beswadder of skade toebring nie. Dit sal julle almal beleef wat MY opreg liefhet. En daar sal EK na julle kom en tussen julle wees.

Daar sal die grootste vreugde en vrede heers. Julle diamante sal skitter in die son en MY volk sal vir MY gereinig wees, sodat EK daar by julle kan wees en julle MY kan aanskou sonder om te beswyk. Geen onreinheid sal daar kan standhou nie, omdat onreinheid nie naby MY kan kom nie. Reinig jouself van al jou sondes en jy sal ook daar saam met jou mede-volksgenote kan vergader. Mense, as julle weet wat EK vir julle berei het en wat nog vir julle voorlê, sal julle nie meer tyd verspil aan aardse dinge wat jou niks in die sak sal bring nie. Gee alles in MY hande oor en EK sal jou lewe rig. EK sal voorsien in al jou behoeftes, sonder dat jy jouself moeg werk. EK sê nie dat jy geen aardse arbeid meer mag verrig nie, maar wat EK vra, is dat jy alles van jou af sal werp wat onnodig is en waaraan jy vasklou omdat jy meen dit vir jou ‘n groter inkomste kan inbring. Doen net die nodigste en moenie jou tyd en aandag aan wêreldse nietighede meer wy nie. Kom onvoorwaardelik na MY en EK sal aan jou, jou daaglikse brood en arbeid gee. Jy sal uit MY hande uit eet. Gaan toets MY en kyk of EK dit nie sal doen nie. Maar jy moet ook bereid wees om van jou aardse gemak ook af te sien. Jy kan nie aan jou gees werk in die grootste gemak nie, want dan word jy gemaksugtig en wil nie meer van jou liggaam skei nie. Wees tevrede met eenvoud en jy sal voortleef sonder om aan jou liggaam gekluister te wees.

Amen.

# Hoofstuk 39

*31 Des. 2007 04:51*

Jahshua sê in my hart dat ek in die gees na HOM moet kom. Ek is bewus van duisternis waarin ek verkeer, maar ek is nie bang nie, want ek sien Jahshua vir my wag aan die einde van ‘n baie donker gang. Ook was SY lig rondom my gewees terwyl ek geloop het. HY sê dat ek links en regs moet kyk. Daar is oë in die donker en ek kan sien dit is monsters en gedrogte wat my wil aanval. Ek sien ook ‘n groot kwaai hond aan ‘n ketting wat op my afstrorm. Dit lyk soos die hond wat altyd op die moderne klere is waarop daar staan “POWER HOUSE”. Ek deins nie eers terug nie en ervaar geen vrees nie. Hy kan nie naby my kom nie en al die gedrogte wat bo en onder my is ook nie. Dit is asof hulle nie deur die lig kan kom wat my omstraal nie. Ek kom aan die einde van die gang en is by Jahshua en HY vra my of ek bang was om deur die gang van duisternis te loop. Ek sê dat ek niks bang was nie, omdat ek HOM gesien het aan die einde van die gang, maar dat ek wel bang sou gewees het as HY nie daar was nie. Ek moet weer alles kom tik.

**Vader dikteer:**

Geen duisternis of dood kan julle van MY skei nie en tussen hordes van satan se werktuie sal EK julle deur bring tot by MY, waar julle in vrede aan MY voete sal rus. EK sal die wat op MY vertrou, nooit verlaat nie en al dreig die onheil en die dood om julle te verswelg, sal julle sonder enige gevaar anderkant uitkom. EK het my kneg met MY lig omstraal en die duisende demone en swart hordes kon haar niks aandoen nie. Sy weet nie dat sy regtig in die diepte van die hel was nie en dink dat dit net iets was wat EK haar gewys het. Sonder om te vrees het sy na MY gekyk en reguit, sonder om eers eenmaal deur die demone bedreig te voel, na MY toe aangestap gekom. Dit is die soort toetse wat EK op elkeen van julle se pad ook gaan bring. Tussen die wolwe en jakkalse sal julle moet deurgaan en julle sal veilig by julle bestemming aankom, sonder dat julle gevrees het. EK sal julle deur alles met My lig omgewe en julle sal nie deur die swart

hordes of enige ander demoon aangeval kan word nie. MY lig is om julle. Soos MY kneg, sal julle ook bewus wees van die duisternis om julle, maar julle hoef niks te vrees nie. Wees MY net in alles gehoorsaam en EK sal julle uitlei in MY land van vrede. Dit is die waarheid en niemand wat nog ooit vir MY iets gevra het uit ‘n opregte hart, is nog ooit deur MY teleurgestel of verlaat nie. Baie keer voel dit vir julle ook of daar ‘n bedreiging naby is en dan vrees julle so ‘n bietjie. Wanneer jy vrees, verminder MY lig om jou en die bose kan dan nader kom. As jy met vertroue en moed voortgaan, is MY lig baie skerp om jou en die bose bly dan vêr weg. Julle almal weet dat die bose bang is vir die lig en dit nie sal waag om nader te kom nie. Vrees hulle nie, want hulle kan jou niks doen nie. EK, MY liewe kinders, is elke oomblik by julle en sal julle veilig by die bestemming uit laat kom en julle sal bly wees omdat julle op MY vertrou het. Dit sê EK vir julle, omdat EK julle wil versterk vir die komende tye wat baie duister en dreigend gaan wees. EK sê dit omdat EK weet hoe naby die probleme in julle land is en EK julle nou al wil verseker van MY teenwoordigheid om julle. Moenie vrees vir die swart hordes nie, hulle kan julle niks doen nie, al dreig hulle om julle te kom vermoor. Hulle is so skadeloos soos ‘n vlieg, vir die wat by MY kom skuil. Maar vir die wat vrees en huigelagtig met hulle saamgaan, sal dit nie so maklik wees nie en hulle sal deur hulle oorrompel en verswelg word. EK het julle genoeg tyd gegee om julle by MY te kom skaar en laat die wat dan nie wil nie, uit vrees vir die bose, dan maar aan hulle hande val. Dit is hulle eie keuse. Kom skaar julle by MY, sodat julle gered kan word. Dit sê EK in al MY liefde aan julle, MY getroue skapies.

Amen.

# Hoofstuk 40

*31Des. 2007 05:29*

Jahshua hou MY in SY arms vas en vra my wat ek sien. Ek sien ‘n groot koepel van wit glas wat oor ‘n area is. Jahshua vat my na die koepel en Ons kyk deur die glas na onder. Ek sien dit is dieselfde gelykte tussen die berge waar Ons net-nou was. Jahshua daal neer en SY arms word lank en omvou al die huisies. Ek sien dat al die mense skielik in SY arms is en ek dink daar is nie plek vir my nie. Ek klou aan SY voete vas en toe ek weer sien is ek ook in SY arms waar HY almal tegelyk vashou. HY sê vir my dat HY altyd plek het om almal gelyk vas te hou. HY vaar op met almal in SY arms en sit baie mense neer op die blinkende berg wat ek in vorige kere gesien het. Die ander vat HY saam met HOM en hulle word weer op ‘n ander plek neergesit. Die leë huisies is al wat oorbly.

**Vader dikteer :**

Ek kan almal gelyk in MY groot Vaderarms hou en sal nie een van julle agterlaat nie. Moet nooit dink dat EK die een liewer het as die ander nie, want EK het vir julle almal dieselfde lyding deurgegaan. EK het nie vir die een minder gely as vir die ander nie. Julle moet almal glo dat julle elkeen spesiaal vir MY is en EK het elkeen gemaak soos wat EK hom/haar wil hê. Julle sal almal, afgesien van julle verskillende karaktertrekke, deur MY opgetel word en op die regte bestemming neergesit word. EK is in beheer van alles en weet wie waar moet kom. Elke een van julle het in julle harte ‘n spesiale plek vir MY en daarom het EK ook ‘n spesiale plek vir julle berei. Gee jouself net aan MY oor en wees nie bang dat jy nie ook ‘n plekkie sal kry nie. My Vaderarms is so wyd dat die ooste en die weste heeltemal in MY arms sal kan wegraak. Julle moet net weet dat julle na die regte plek gaan wat EK vir julle berei het en dit weet EK alleen, waar dit die beste vir elke een is. Julle sal nie ontevrede wees met julle lot nie, want EK het julle opgetel en julle sal geluksalig in MY arms wees tot EK julle na die regte bestemming vat. Kom sit op MY arm sodat EK jou kan vertroetel en jy sal nie omgee na waar EK jou neem nie.

Wat vir jou die beste en lekkerste is, sal EK vir jou gee, want EK is die beste Vader met die meeste liefde vir SY kinders. Laat MY net toe om jou op te tel en jy sal nie spyt wees nie. Dit sê EK, julle liefdevolle Vader wat daarna uitsien om julle in MY arms vas te hou.

Amen.

# Hoofstuk 41

*31 Des. 2007 6:27*

My baba het wakker geword en ek het by hom gaan lê en sy melk gegee. Vader het my gemaan om nie weer aan die slaap te raak nie. Vader het vir MY gesê dat ek HOM nie sal sien as ek weer aan die slaap raak nie. Dit was koud toe ek weer opstaan en ek moes die kombuisdeur oopmaak waar ek moes staan en in die gees na Jahshua gaan. Daar was 'n koue trek wat op my gewaai het en ek het na die warm bed verlang. Ek het na Jahshua in die gees gegaan en HY het my na 'n watervalletjie gevat en gesê dat ek in die poeletjie moes induik. Die water het vir my baie koud gelyk maar ek het ingeduik. Die water was heerlik warm en HY het my op SY skoot getel en my iets warms gegee om te drink HY het SY Vaderarms om my gesit net soos 'n klein kindjie op haar pa se skoot. Toe sê HY aan my dat ek nie die warmte van die bed moes opsoek nie, maar my warmte by HOM moes kom kry. HY sal ons warm hou in die tye dat dit koud is.

**Vader dikteer:**

Ja MY kinders, soos MY skryfkneg, is julle almal lief vir julle warm beddens en sal alles gee om nog 'n bietjie langer te kan slaap. Maar EK sê vir julle dat julle MY nie sal sien as julle nog langer sal slaap nie. Klim uit julle beddens en kom soek na MY en EK sal julle MY laat vind, soos wat EK ook aan MY skryfkneg gewys het. Dit is baie lekker om te slaap, maar julle moet dit oorwin en liewer julle warmte en rus by MY kom soek. MY skryfkneg het glad nie meer koud gekry nie, ten spyte van die koue windjie wat oor haar gewaai het en in die gees het EK haar warm gehou, wat dan ook die gevolg gehad het dat haar liggaam ook nie koud gekry het nie. Lê julle aardse liggame en die plesiere daarvan af en EK sal julle iets beters gee as dit. Elke ding wat julle aflê ter wille van MY, bring julle nader aan die eenwording met MY en dit sal vir julle bespoedig word, hoe meer julle daarvan afsien. Dit het EK al 'n week gelede aan MY skryfkneg gesê toe EK haar gesê het om enige lekkerny te vermy. Die lekkernye hou baie van die bose sieledeeltjies in waarvan julle weet, en dit maak julle onrein

en maak dat julle langer vat om deur MY gereinig te word. Die eenwording met MY word ook dan tot later uitgestel. Die van julle wat baie ernstig is om so gou as moontlik met MY te verenig, sal dan ook hierdie les baie ernstig opneem en dit ook getrou nakom. Vra MY wat geskik is om te eet en te drink en EK sal jou daarmee help. Vir die van julle wat nie die nodigheid daarvan insien nie, wil EK sê: Moenie met hartseer toekyk hoe jou naaste met MY verenig is en jy nog nie, omdat dit dan net jou eie skuld sal wees. Kom vra MY om met jou te wees en EK sal jou deur al die versoekings help.

Amen.

# Hoofstuk 42

*1 Jan. 2008 06:19*

Ek staan met Jahshua en HY sê vir my om om my te kyk. Daar is hoë golwe om ons, maar in die middel waar ons staan, is dit kurkdroog. Die golwe is seker omtrent 15m hoog na alle kante toe. Jahshua vra my of daar enige uitkoms uit hierdie golwe is. Ek sê nee, nie na enige kant toe nie. HY tel my op en vaar reguit in die lug op. Net by HOM is daar uitkoms. HY sê dat ek weer om my moet kyk en ek sien dat ek in 'n baie droë gebied is. Dit is 'n baie uitgestrekte plat stuk aarde en daar groei niks nie. Daar is net klippe en dit is baie droog. Die son is baie warm en enige iets wat begin groei word onmiddellik verskroei. Jahshua vra my of ek hier deur sal kon loop en sê dat ek na my voete moet kyk. Ek het nie skoene aan nie en sê nee. Die plek is te vol klippe. Jahshua wys my en ek sien dat ek skielik die hele wapenrusting aan het en lyk soos 'n Romeinse soldaat op pad slagveld toe. Ek sien dat daar op my rug spierwit vlerke uitgroei en ek kan vlieg. Jahshua sê ek moet rondvlieg en enige groen dingetjie na HOM bring. Ek sien 'n baie klein groenigheidjie en ek grou die plantjie versigtig uit sodat daar nog van sy grond aan sy worteltjies vassit en hy nie heeltemal uitdroog nie. Jahshua vat die plantjie en plant hom tussen ander groen plante op 'n ander plek en die ander plante buig terug sodat hy ook van die sonlig kan kry. Hy groei baie vinnig om net so groot soos die ander te word. Ek moet weer oor die dorre aarde vlieg en ek sien iemand daar lê wat amper dood is. Ek vat haar na Jahshua. Ek gee vir haar water uit 'n kalbassie en sy kry bietjie lewe in haar oë. Ek sien dat sy 'n wond op haar knie het en versorg die wond. Haar arm is ook snaaks gedraai en ek spalk die arm.

**Vader dikteer:**

Op hierdie aardbodem is daar verskillende plekke waar daar nie 'n lewe moontlik is nie. Die dorre woestyn is een van daardie plekke. Net so is dit in die geesteswêreld onmoontlik om daar te leef. Die woestyn beteken dat daar baie geestelike armoede heers en dit is 'n liefdelose area. MY kinders, julle moet ongelukkig op hierdie tydstip nog in die woestyn verkeer om ander wat daar vasgevang sit, uit te help. Julle is die redders in die woestyn, wat met MY krag ander te hulp snel. Wees gereed sodat EK jou enige tyd kan uitstuur en jy

iemand wat amper dood is, kan gaan red. Die nuwe plantjies wat tussen die dorre droë klippe opkom, sal deur MY verwyder word, sodat hulle kan groei en gedy in MY lig en lewe. Julle moet julle almal bereid kom verklaar om MY arbeid te verrig en EK wil niemand dwing wat dit nie wil doen nie. Maar as jy jouself oorgee in MY diens, sal EK jou van alles voorsien wat jy nodig het om jou werk in die warm woestyn te kan verrig. EK het aan MY skryfkneg gesê dat sy siek mense of gewondes sal moet help tydens die groot stryd wat vir julle voorlê in hierdie land en EK sal aan haar alles gee. Sy weet niks van noodhulp af nie, maar EK sal haar alles skenk om mense te hulp te snel en hulle na MY te bring. So sal EK ook aan almal die gawes skenk wat hulle nodig het om arbeid te verrig in MY wingerd. Niemand wat met die bereidheid voor MY kom staan, sal afgekeur word nie en julle sal elkeen 'n werkie kry om te doen, afgesien van die groot werk wat julle nog in MY wingerd ook moet verrig. Die werk in die wingerd is die heel belangrikste, omdat die siel van die een wat ly gered moet word. Die aardse lewe het geen doel as dit nie na MY lei nie. Iemand wat met sukses geleef het, is iemand wat MY leer ken het en nie iemand wat 'n groot sakebedryf het nie. Dit is absoluut niks werd nie en sal nie eers deur MY as arbeid gereken word nie. Dit is arbeid in die wind, wat alles wegwaai. Laat MY toe om jou siel te verander deur MY kragvolle inwerking en moenie MY probeer keer, omdat jy jou aardse belange eerste stel nie. EK kom altyd eerste, omdat alles uit MY is. EK kan jou in alles seën, of EK kan dat jy alles verloor. Daarom moet jou lewe en strewe na MY wees en nie na jou aardse dinge nie. Jy leef dan in die woestyn en sal omkom van die dors en die vreeslike warm son. Maar as daar iemand in die woestyn is wat nog effense lewe in hom/haar het, sal EK MY arbeiders instuur om hom/haar te gaan haal. MY arbeiders sal in baie kwaai omstandighede te werk moet gaan, maar EK sal hulle krag gee, sodat die warm woestyn nie op hulle neerkom en hulle ook sonder krag op die grond neerval nie. Dit is wat EK doen vir die een wat bereid is om vir MY te werk. Onthou, dit moet gewillige werk wees en die arbeider word nooit gedwing nie. Kom, gee jouself ook aan MY oor sodat EK vir jou die nodige gee en jy vir MY en jou naaste wat nog in die woestyn lê, kan gaan arbei.

Amen.

# Hoofstuk 43

*1 Jan. 2008 06:53*

Jahshua hou my vas en ons staan op ‘n strand. Ek sien ‘n kleinerige seilskippie aankom wat probeer om na die kus te kom. Daar is skielik ‘n baie grot kolk of maalgat reg voor die skippie en die skippie vaar reg bo-oor sonder om te sink. Die skippie word ook nie van koers afgebring nie, maar word tog bietjie deur die kolk geraak. Die skippie vaar verder en daar kom ‘n groot walvis en probeer die skippie met sy stert slaan, maar as hy sy stert oplig om te slaan, stoot die water die skippie weg van die walvis en dan slaan hy mis. Die skippie word ook die minimum daardeur geroer en vaar verder tot amper by die strand. Daar is groot rotse in die pad, maar die skippie vaar mooi netjies tussen die rotse deur en strand veilig. Ek sien dat ek weereens in Jahshua se arms staan en HY sê dat dit my lewenskippie is. Die kolk, walvis en rotse stel sekere dinge in my lewe voor waarvan Jahshua my al in die verlede vertel het. Dit sal swaar laste wees wat ek moet dra, maar HY het my verseker dat HY my sal help as ek net SY las optel. HY sal myne dra.

**Vader dikteer:**

Julle almal het laste wat vir julle te swaar sal wees om te dra. Julle sal dit nie baas kan raak as julle MY nie liefhet nie. Vrees nie die toekoms nie, want die toekoms is in MY hande. EK heel met MY hande en sal nie een van MY skapies swaar laat dra en seerkry nie. Daar sal voorwaar vir julle elkeen iets gegee word om te dra, omdat dit jou sterk maak en dit die eenwording met MY sal bespoedig. MY lyding aan die kruis het die gevolg gehad dat MY hele liggaam in die Gees oorgegaan het en dit sal dieselfde vir julle ook wees. Die kwaai lyding wat julle sal moet deurmaak, sal julle reinig en julle liggame sal dan heeltemal vergeestelik sodat jy nie meer vlees sal wees nie, al het jy nog ‘n liggaam. Dit is ook ‘n baie belangrike gebeurtenis, omdat die sieledeeltjies wat in jou liggaam vassit, daardeur gehelp word om te vergeestelik. Die sieledeeltjies sal dan ook krag verleen aan die persoon aan wie die sieledeeltjies behoort. Onthou, jou

liggaamsieledeeltjies is nog onryp sieledeeltjies wat nog ook hulle voltooiing oor die aardoppervlak moet voltooi. Is die deeltjies al vergeestlik, sal dit dan die persoon of persone geestelik baie help en wanneer hy dan sy lewe oor die aarde moet voltooi, dit dan vir hom baie makliker sal wees om sy weg na MY te vind. Daarom is julle lyding ook voordelig vir die siele wat nog bymekaar moet kom en mens word. Julle sal almal deur MY gedra word en die wat MY nie liefhet nie, sal stom van verbasing staan en toekyk hoedat julle nie omkom van die honger nie. Julle sal deur MY gevoed word en aan die lewe gehou word in omstandighede waar ander sal beswyk. Julle sal met krag aan kan gaan en vrolik wees ten spyte van die leed wat die Antichris julle sal aandoen. Daar sal baie van hulle gered word deur julle lyding en hulle sal hulle by julle kom skaar om hulle weg na MY te vind. Dink aan jou naaste en dit sal ook vir jou baie moed gee om aan te gaan. As jy weet dat jou lyding iemand uit die kloue van die bose sal red, sal jou lyding ook vir jou meer draaglik wees. EK sal julle help deur alles, MY kinders en julle moenie vir iets bang wees nie, want EK is hier by julle en nie vêr nie. EK sal julle vashou, sodat julle skippies ook veilig op die strand kan land en julle in MY arms sal sit. Dit is ‘n belofte aan elkeen van julle wat na MY kom.

Amen.

# Hoofstuk 44

*1 Jan. 2007 07:28*

Ek sit op Jahshua se skoot en HY wys my SY pragtige hande. Ek sien die buitenste ruimte in SY hand en kan orals sterre en planete sien. Ons aarde is ook daar en HY sê vir my dat HY alles in SY hande hou. Dit lyk baie klein in Jahshua se hand. Die buitenste ruimte lê net in SY een handpalm. HY maak SY hand toe en die ruimte is weg. HY sê dat ek na HOM in SY gesig moet kyk. HY is vol van liefde en SY oë is so sag en liefdevol. HY het weer sterretjies in SY gesig en hare. Jahshua sê dat HY behae in my het en ek sê aan HOM dat ek vol sonde is. HY sê dat HY elke sonde van ons afwas en ons reinig. HY sê dat HY behae in my het, omdat ek bereid is om vir HOM te ly. Ek wil HOM vra om vir my krag te gee, omdat ek swak is en dit nie self sal kan doen nie, maar voor ek kan vra, antwoord HY my en sê dat ek krag sal kry en dat ek tot op die einde getrou sal bly aan HOM. HY sê dat ek alles moet kom tik.

**Jahshua dikteer:**

Ja, MY kindertjies, EK wil met elke een van julle so sit en julle koester en met liefde wil EK met julle praat. EK wil julle versterk, soos wat EK haar nou-net versterk het. Haar liefde vir MY word groter en groter en dit sal maak dat sy MY een-van-die-dae in die persoon met haar liggaamlike oë sal kan aanskou. Dit moet elkeen van julle se begeerte ook wees en dit wil EK vir elkeen van julle ook gee. Kom, MY kleintjies, kom sit op MY skoot, sodat EK ook met jou so kan praat en jy MY nog liewer kry. MY skryfkneg is niks beter as enige een van julle nie en EK het haar net uitgekies om vir julle te wys wat EK aan iemand kan doen wat MY opreg en uit die diepte van sy hart liefhet. Dit sal vir elkeen van julle ook moontlik gemaak word en julle sal almal dit kan bereik. Weet julle dat EK baie sag praat en met baie liefde? Weet julle dat EK nie dink aan jou sondes nie? EK praat met MY skryfkneg so sag, dat dit vir haar voel of EK fluister, maar sy kan MY baie duidelik hoor. EK is vir elke kind van MY ewe lief en het nie een wat beter is as die ander een nie. Die een wat dink hy is

beter as die ander een sal nie so deur MY opgetel word nie, nie voordat hy van sy hoogmoedstroontjie afgeklim het nie. Wat EK wil hê is nederigheid en die nederiges van hart sal deur MY vertroetel word. Moenie dat jaloesie, hoogmoed, naywer en soortgelyke duiwelse vrugte julle belemmer om ook so op MY skoot te sit nie. Werp dit van julle af en kom soek na MY en EK sal MY deur jou laat vind en jy sal ook op MY skoot sit. Die een wat op MY skoot sit, wil nie afklim nie en dit is ook nie nodig nie, want jy kan jou aardse gang gaan terwyl jy op MY skoot sit en in die Gees met MY kommunikeer. Terwyl jy met ander praat en dinge doen, sal jy dan tegelykertyd by MY kan wees en met MY gesels. Dit is heeltemal moontlik en MY skryfkneg kry baie oefening daarin. Sy sukkel nog, maar sal deur uit te hou, dit heeltemal vervolmaak, want EK sal haar die krag daarvoor gee. MY lieflingkinders, EK wil julle aanspoor deur hierdie boodskap wat EK vandag vir julle bring. Moenie dink dat EK een wil verhef bo die ander nie. Sy is net so ‘n mens soos julle. Dit is alles net MY krag alleen.

Amen.

# Hoofstuk 45

*1 Jan. 2008 15:00*

Ek is aangesê om na die rivier, ‘n ent onder ons huis, te gaan en daar in afsondering en stilte na Jahshua in die gees te kom. Jahshua het gesê dat ek weereens baie hard moes konsentreer en met my geestesoog die hele tyd op HOM gerig die hele tyd vir HOM moes kyk, omdat HY dan my aardse oog ook oop wil maak, sodat ek HOM in die vlees kan aanskou. Ek het dit gedoen en gesien dat Jahshua voor my staan en my hande vashou en agteruit loop. Hy het my gelei oor ‘n gebied wat ek nie eintlik kan beskryf nie. Dit was ‘n goudbruin oppervlak en ek het baie gesukkel om by Jahshua te bly, aangesien ek moeg geword het van die konsentrasie en inspanning van baie kyk. Maar HY het my aanhoudend aangepor om verder te gaan en nie te rus nie. Ek het bewus geword van twee engele wat aan weerskante van my geloop het en my ook gehelp het. Die een was my oorlede oupa. Ek het ook gesien dat die einde van die goudbruin oppervlak ‘n ent verder is en Jahshua het gesê dat as ek daardie eindstreep oor tree, ek HOM sal kan sien in die vlees ook. Ek het gesien dat die einde naby kom en het ‘n oomblik getwyfel, dadelik het ek weer terug geskuif verder van die streep. Jahshua het gesê dat ek nie moet twyfel nie, omdat dit my terugsit. HY het weer met my geloop en ek het oor die streep gegaan, maar nog steeds nie vir Jahshua met my aardse oog gesien nie. Jahshua het gesê dat ek dit nie nou sal kan verdra nie en dat HY aan my sal verskyn op ‘n baie onverwagse tyd en dan ook net vir ‘n vlietende sekonde. HY sal so met my werk tot ek HOM ‘n bietjie langer kan sien en dan heelwat later, die heeltyd kan aanskou. Ek het saam met Jahshua by die wenstreep gestaan en HY het aan my ‘n rooi roos en ‘n wit roos gegee. HY het gesê die rooi roos beteken liefde en die wit roos beteken reinheid. Die omgewing was van goud en Jahshua het gesê ek moet op my knieë gaan en kyk wat dit is wat so goud is. Dit was gras wat so pragtig was en dit het gelyk asof die gras “metalliek” goud was. Die gras lewe en lyk nie soos gras wat byvoorbeeld uit goud gegiet word nie. Ek het skielik weer getwyfel en die hele area en die rose het alles grasgroen geword. Ek kon nie meer die gras onderskei nie, en dit was net ‘n plat groen vlak.

Jahshua het gesê dit staan vir geloof en dat dit so sal bly tot ek weer glo. Dit was bewys genoeg vir my en ek het geglo. Alles het weer na die vorige kleure teruggekeer.

**Vader dikteer:**

EK het MY kleine kind gelei na ‘n plek van goud en haar gewys dat daar ‘n ander wêreld lê waar sy MY sal kan sien. EK het haar egter blind gehou vir MY, omdat EK geweet het dat sy dit nie op daardie stadium sou kon verdra om MY met haar aardse oog hier reg voor haar te sien staan nie. Sy was teleurgesteld en het sommer ook dadelik begin twyfel in die egtheid van dit wat sy gesien het. MY kinders, EK sal julle nooit op ‘n dwaalspoor sit nie en sal julle veilig lei na ‘n land waar julle die goue gras sal kan sien. Dit beteken dat julle MY in die vlees sal kan sien. EK is die goue weg en julle moet op MY wandel. EK is die goue gras waarop my kneg gestaan het. Sy verstaan nog nie wat met haar gebeur het nie en wonder nog steeds oor dit alles omdat sy nog geen verandering in haarself opgemerk het nie. Maar sy hoef nie bevrees te wees nie, EK sal na haar kom wanneer sy dit die minste verwag en EK sal sorg dat sy MY net vir ‘n breukdeel van ‘n sekonde te siene kry. So sal EK herhaaldelik aan haar verskyn met tussenposes totdat sy sterker is en MY vir ‘n bietjie langer kan aanskou. Sy sal so gewoond gemaak word tot sy MY later heeltemal kan aanskou. Dit sal nie so lank vat as wat sy dink nie en voor sy self weet is sy gereed om MY te kan sien. EK wil My kneg as voorbeeld vir julle almal gebruik, sodat julle ook daar kan kom waar sy nou is. Met liefde in julle harte moet julle na MY kom en aan MY vra om ook dieselfde in jou lewe te doen. EK sal dit vir ‘n ieder en elk moontlik maak, omdat EK julle liefhet en julle almal so na MY wil trek soos MY skryfkneg. Dit is nie onmoontlik nie en EK bewys aan julle dat dit moontlik is, terwyl jy nog in jou aardse liggaam is. Vrees nie, MY kinders, en vertrou ten volle op MY en julle sal ook so gelei word. EK het elkeen lief en wil hê dat julle die geestelike eenwording met MY sal bereik. Hierdie is alles stappe wat MY skryfkneg deurmaak in die eenwording met MY. So sal EK haar lei tot sy een is met MY en EK sal julle elke keer vertel hoe dit gedoen word, sodat julle dit ook kan bereik. Julle moet net glo. Dit is dan die verklaring van hierdie gebeurtenis van MY kneg. Amen.

# Hoofstuk 46

*2 Jan. 2007 05:37*

Jahshua sê dat ek in SY arms moet kom sit en ek wil HOM nog vra om asseblief vandag die bose van my af weg te hou. Nog voordat ek kan vra, antwoord HY my en sê dat HY sal. Ek sê aan HOM dat ek ongehoorsaam was en sonde gedoen het en dat ek dan gewoonlik deur satan aangeval word as ek ongehoorsaam was. HY sê dat HY die bose van my sal weghou vandag en ek sien dat daar alreeds in die verte 'n vieslike lomp draak aangewaggel kom na Jahshua om my by HOM te kom aankla. Jahshua lig net SY regterhand op en uit SY handpalm gaan 'n wit straal uit wat die draak tref. Die draak draai dadelik om en gaan haastig weg. Jahshua sê ek moet hierdie gebeurtenis kom tik.

**Vader dikteer:**

Elke keer dat julle 'n sonde begaan, al is dit hoe klein, word julle by MY aangekla deur die bose. EK weet wanneer iemand werklik berou het en wanneer EK dit sien, sal EK hom nie by MY kom laat aankla nie. Die bose satan is 'n regte nuusdraer en daarom waarsku EK julle ook altyd teen praatjies van watter aard ook al. Hou enige "lekker brokkie" nuus vir jouself, want jy weet nie altyd of dit wat jy kom oorvertel regtig die waarheid is nie. Baie maal is die nuusbrokkie al soveel keer oorvertel en daar is al soveel bygelas dat dit heeltemal uit verband geruk word en die betrokke persoon in 'n heel verkeerde lig stel. My kinders, wees in alles getrou aan MY en moenie dinge wat aan jou vertel is in die geheim, aan ander bekend maak nie. Dit is 'n euwel en bewys dat jy dan met niks vertrou kan word nie. As jy nie 'n geheim kan hou nie, hoe kan jy dan met iets groter vertrou word? Die satan is die breker van geheime en kom kla julle gedurig aan, omdat hy meen dat EK julle moet straf en hom vrye toegang tot julle moet gee. EK is regverdig en sal dit aan hom toestaan as julle nie in berou kom om vergifnis vra nie. Kom na MY, sodat EK jou kan reinig van jou sondes en met jou reiniging het satan niks te make nie. Dit is 'n saak tussen MY en jou. Maar dit moet 'n berouvolle hart wees, anders beteken dit niks en is dit net nog iets waarop satan

julle kan aanval. Kom gee jou sondes in MY hande oor en laat MY toe om jou te reinig en jy sal skoon wees. Dink daarna nie weer aan jou sondes nie, omdat EK dit vergeet. As EK iets doen, moet julle MY in alles navolg en niks nalaat om te doen wat EK doen nie. As EK nie meer aan julle sondes dink nie, moet julle ook nie julle sondes die hele tyd voor oë hou nie. Dit is dan ook waarom julle ook nie "sappige brokkies" moet oordra nie, omdat jy nie weet of die persoon waarvan daar gepraat word, nie dalk al berou kom toon het en deur MY vergewe is nie. Wanneer julle dan daaroor praat word dit nie vergeet nie, terwyl EK dit lankal vergeet het. Die sonde word dan joune en vir jou as ongeregtigheid gereken. Dit moet julle altyd onthou en MY groot liefde vir julle elkeen in alles sien. Ook in die vergewing van ander se sondes.

Amen.

# Hoofstuk 47

*2 Jan. 2008 06:02*

Ek staan in Jahshua se arms en daar is groot berge voor ons. Daar kom mense vanuit die berge na Jahshua aangestap. Hulle kom uit alle rigtings. Jahshua draai om en wys my ‘n groep mense baie vêr agter ons. Dit is die mense in Suid-Afrika. Die mense wat uit die berge kom, kom tot by Jahshua en vra of hulle ook saam met HOM na SY volk kan gaan. Jahshua loop voor en lei die mense tot by die groep in Suid-Afrika. Daar sien ek die mense staan almal teen mekaar en vorm ‘n sirkel. Daar kom ‘n tou en bind almal saam vas soos ‘n gerf en die mense word een groot gerf. Daar kom ‘n groot hand, tel die gerf op en dra hom na ‘n skuur. Ek sien sakke vol koring. Die berge gaan in vuur op en brand.

**Jahshua dikteer:**

Vanuit die wêreldlande gaan MY volkie aankom na MY uitverkorenes hier aan die suidpunt van Afrika. Dit sal ‘n blye dag wees wanneer EK hulle almal gaan vergader. Niemand sal agterbly en vergete in ‘n ander land sit nie. Julle sal dit sien en bly wees, omdat dit ook deel van MY volk is wat nog verstrooi is en na MY ander kinders gebring moet word, sodat hulle MY almal in die vlees kan aanskou. Die koring word dan finaal van die kaf geskei en die onkruid is dan gereed om gebrand te word. Sorg dat jy jou by die koring skaar en nie die kaf nie. EK sal al die onreine van die aarde af brand, sodat die aarde weer nuut en rein sal wees en EK weer MY koring kan saai en hulle veelvoudig vrug kan lewer. My kinders, julle sal almal deur MY na Migdol gedra word en julle hoef nie te vrees en te wonder hoe julle daar sal kom nie. Dit alles lê in MY mag en EK sal nie een van julle agterlaat nie. Nadat almal van regoor die wêreld hier by julle vergader is, sal EK kom en julle sal MY almal in die vlees kan aanskou. Daar sal die onder julle wees wat MY dadelik herken, maar daar sal ook wees wat MY nie sal herken nie en eers later sal besef wie EK is. Wees rein, sodat jy MY sal kan herken en dadelik in MY arms sal kan staan. EK sal voorwaar elke liewe een

van julle daar vashou en versterk vir die toekoms, maar die laaste een wat deur MY vasgehou sal word, sal teleurgesteld wees omdat hy MY nie dadelik herken het nie. Sorg daarom ook dat jy die pad na die eenwoding met MY stap en sodoende MY voor die tyd kan sien. Dit is baie groot genade van MY kant af omdat julle net mense is wat vol sonde is en EK uit liefde alles in MY vermöe doen om julle rein te maak sodat julle MY kan sien. Daar is min tyd daarvoor oor en daarom maan EK julle om julle aardse dinge af te lê en julle op MY toe te spits. Wanneer julle te besig is met aardse besighede en dinge wat jou aandag van MY aftrek, sal julle baie langer vat om met MY een te word. Los alles wat nie hoort nie liewer uit en laat MY ook toe om jou te reinig en jy sal vinnig een met MY word. Julle is MY volkie waarvoor EK so lief is en na wie EK sal kom. Selfs nie eers die Israeliete van ouds kon MY aanskou soos wat julle MY nou binnekort gaan aanskou nie en dit sal vir julle tot groot seën wees wanneer EK sigbaar in julle midde sal wees. Oefen julle daarom in die gees sodat julle fiks kan wees en nie moeg sal word nie. Dit sê EK, Jahshua en God van die leërskare aan die nageslag van Israel wat EK uit die woestyn tot in die Beloofde Land ingelei het. Julle is weer op pad uit die woestyn na die Beloofde Land en sal hierdie keer deur MY Self gelei word. EK is julle Moses en sal MY volk na veiligheid bring waar EK die hele tyd by julle sal wees en julle nooit ooit weer van MY geskei sal word nie. Anders as Moses sal EK julle self in die Beloofde Land inlei en met julle daar wees. Daar sal nooit weer ‘n traan vloei nie en die grootste geluk en liefde is al wat daar sal heers, omdat MY Gees daar sal heers. Kom nou na MY en volg MY en EK sal jou inlei na die Land wat EK aan julle beloof het.

Amen.

# Hoofstuk 48

*2 Jan. 200706:41*

Jahshua wys my dat my handpalms groen is. HY wys my ook dat my hele lyf al die kleure van die reënboog is. Ek sien my kop is rooi, my bors geel ens. Later verwissel die kleure en dan is MY bors weer rooi en MY bene geel, my voete blou en so gaan dit aan. My rug is wit. Jahshua sê dat ek moet kyk na die opkomende son en daar is groen gras wat nat is van die dou. Die son verlig die dou en daar gaan duisende reënboogkleure vanuit die gras op. Jahshua sê dat ek die reënboogkleure nie net in my hart moet berg nie, maar dat ek dit moet uitleef ook.

**Jahshua dikteer:**

Ja julle is MY reënboogkinders, omdat daar in julle elkeen die reënboog is waarvan EK julle in ‘n vorige hoofstuk vertel het. Al daardie eienskappe heers in julle harte en moet ook uitgeleef word,sodat julle julle naaste kan liefhê en dien. Wanneer jy nie jou kleure uitleef nie, is dit net soos die lig wat onder die maatemmer versteek word. Moenie jou liefde wegsteek nie. Leef dit uit. Gee aan ander van die liefde in jou hart en deel jou vriendelikheid met ander. Moenie eenkant op ‘n hopie sit nie, want dan is die kanse dat iemand jou lig sien skyn, baie skraal. Kom in die Son in, sodat jou kleure kan uitkom en jy ander na jou sal trek. Daar is ekstroverte en introverte, maar EK sal aan elkeen die regte weg wys wat hy moet gaan en hy sal sy vissies vang deur die mooi kleure wat hy uitstraal. Kom vra MY en EK sal jou eienskappe verlig sodat jy nie in duisternis sit en vergaan nie. Julle moet deurgaans skyn en MY bely en ander sal na julle kom om ook van die lig te ontvang wat julle het. Dit is ‘n belofte aan MY kinders wat EK sal nakom en julle sal so verlig word dat daar tot van die ander volke van ander lande na julle oorstroom. Hulle sal almal vra om net die kleed van ‘n Boer te mag aanraak omdat hulle MY in julle sal sien. Daarom moet julle nie een oomblik van duisternis in julle toelaat nie, omdat jou naaste baie na MY soek en MY by jou sal vind. Vermeerder die Lig in jou en jy sal nog helderder skyn tot voordeel van die om jou en hulle sal deur jou

onbaatsugtige lig en reënboogkleure gered word. Dit sal die lot wees van almal wat na julle lyding as volkie sal kyk. Ten spyte van die lyding wat julle sal moet deurmaak, sal julle skyn en MY Aangesig sal EK oor julle verhef en julle laat blink tot voordeel van baie ander nasies wat nog verstrooid is. Hulle sal dan almal hierheen wil kom om MY te vind omdat hulle MY in julle kleure gewaar en sal dan so deur julle gered word. Daarom moet jy in MY lig leef en jy sal straal te midde van groot wêreldse duisternis. Dit is ‘n uitnodiging aan almal wat vir MY wil skyn.

Amen.

# Hoofstuk 49

*3 Jan. 2008 Die middag*

Ek staan weereens by Jahshua en HY wys my iets groot en wit/ geel. Ek kon eers nie sien wat dit was nie, maar kyk toe links en regs en sien dat dit 'n baie groot bal is.Ek staan ook skielik saam met Jahshua op die bal. Die bal verander van kleur en word later groen. Ek begin agterkom dat dit die aarde is. Ek sien die skepping vanuit die lug en sien die see en bosse soos die Amasone oral op die aarde. Vader sê dat dit is hoe die aarde gelyk het in die tyd van Adam-hulle. Ongeskonde. Later begin die water opstoot en oordek groot gebiede, maar nie alles nie. Jahshua sê dat dit die sondvloed was. Ek sien dat die aarde weer normaal lyk, maar oral begin daar toe bruin/swart kolle uitslaan. Amper soos 'n bedorwe vrug. Dit lyk of die aarde besig is om vrot te word. Jahshua vat my nader en ek sien op elke vrot kol 'n ding soos 'n olieboor of 'n mynskag staan. Ek kry die indruk dat daar duisternis rondom die kolle is, sodat jy nie mooi kan sien wat werklik daar aangaan nie. Die water van die see en riviere, asook die wolke, word 'n siek vuilgeel kleur. Ek staan weer saam met Jahshua op die aardbol en HY sê vir my dat die aarde binnekort blou gaan word en dit beteken dat daar vrede gaan heers. Maar eers moet die aarde vernuwe word.

**Vader dikteer:**

Soos julle almal weet was daar sekere prosesse waardeur die aarde moes gaan, voordat die aardbodem geskik was om mense te kon dra. Dit was dan die betekenis van die wit en geel kleure. EK het in MY alwysheid besluit om die plantegroei in groen te hul en dit was dan die rede dat alles groen gelyk het. MY kinders, julle sal nooit kan raai wat alles moes gebeur voordat julle hierop kon tuisgaan nie en menige wetenskaplike maak die grootste foute met hulle berekenings en wiskundige teorieë. EK alleen weet wat nodig was en hoeveel jaar dit geduur het en niemand wat op aarde leef kan eers die getal jare tel nie. Dit was onmeetlike tye en daar moes ongelooflik baie aanpassings gedoen word om julle hier te kan huisves. Daar is baie teorieë oor

die diere wat geleef het in die oertye en baie is ook verkeerd. So word daar byvoorbeeld gespekuleer dat die dinosourusse miljoene jare gelede gelewe het. Dit is nie so nie en julle sal nog steeds lewende diere kry wat in die onherbergsame gebiede van Afrika rondloop en verwoesting saai sover hulle gaan. Daar is net geen mens om dit raak te sien nie en dit is hoe EK dit wil hê, omdat daardie dier ook sy doel op aarde het. Duisende bose geeste is saamgevat in daardie diere wat nog leef en sodra die mense hulle te siene kry, sal hulle doodgemaak word en die bose geeste sal dan vry wees om te maak wat hulle wil, terwyl hulle nou nog in ‘n liggaam gekluister is, waaruit hulle nie kan kom nie. EK hou hulle ook vas, sodat die diere nie kan kom en mense vernietig nie. Daar is wel al mense wat deur hulle opgevreet is en het ‘n wrede dood gesterf, maar hulle kan net bly waar EK hulle toelaat om te bly. In die tyd wat gaan kom, sal hulle egter meer vry kan rondbeweeg en hulle sal ook deel hê aan die verwoesting van die mensdom. Niemand sal die komende tyd vryspring wat oor die aarde gaan kom nie en daar sal baie doodgaan in die reiniging van die aardbodem. Miljoene is tans besig om te sterf weens die waterbesoedeling en niemand weet waarom daar allerhande pessiektes uitbreek nie. EK sê vir julle dat dit die skuld is van vooruitgang en dat die geldmagnate deeglik bewus daarvan is, maar hulle nie daaraan steur nie. Die gevolge van die boor van olie, mynbou en enige aanleg wat daartoe bydra om die aarde te vernietig en die skepping te skend, is enorm en die aarde sal nie meer langer vir die bewoners ‘n veilige plek kan wees nie. Daar is duisende mense wat omkom aan longkanker wat hulle deur die mynbou opgedoen het. Velprobleme, pessiektes en vele meer kan direk daaraan toegeskryf word. MY kinders, hê geen deel aan die vernietiging van MY skepping nie en kom na MY, sodat EK julle kan dra in MY groot Vaderarms. Kom uit Babilon en EK sal vir julle sorg. Moenie julle liggame met die pessiektes besmet wat oral rondgaan nie. Deur nie ag te slaan op MY woord nie, word julle besmet en sal baie moeilik daarvan gesond kom. EK sal die aarde kom reinig, sodat julle weer in veiligheid sal kan woon en daar sal nie een siekte wees nie. Nie eers griep of ‘n verkoue nie. Deurdat julle net op MY vertrou vir julle inkomste, sal julle geseënd wees en sal julle dan

nie deel hê aan die besoedeling van die aarde nie. Daar is ‘n verskil tussen die bewerking van die aarde en die omwerking van die aarde. Die bewerking geskied soos wat EK dit aan julle voorgeskryf het en behels die bewerking van grond om ‘n oes daaruit te kry sodat julle kan eet. Maar die omwerking van grond is ‘n groot euwel omdat daar giftige gasse diep in die aarde uitkom wat dan daartoe bydra dat mense siek word en bome doodgaan. MY kinders, julle weet nie wat werklik gebeur nie en die geldwolwe weerhou al hierdie inligting aan julle, terwyl hulle dit lankal weet, maar net op winsbejag uit is. Dit skeel hulle min of mense pigmentasieprobleme opdoen en hulle het regtig nie ‘n saak met die mynwerker of die oliewerker nie. Die skyn van veiligheid wat hulle julle voor oë hou is maar net om hulle finansieel te beskerm en is glad nie omdat hulle omgee vir hulle werknemers nie. Maar daar sal ‘n einde gemaak word aan die goedkoop manier wat hulle met menselewens omgaan en EK sal hulle met hulle eie bose siektes tref en daar sal vir hulle geen genesing wees nie. Bly aan MY klou en Ek sal julle almal help, sodat julle op ‘n nuwe gereinigde aardbodem kan leef in die grootste vreugde en vrede saam met MY, Jahshua, julle Verlosser en Skepper van alles. EK sal julle in MY Vaderarms kom haal en julle na veiligheid dra, terwyl die aardbodem gaan kreun onder die reiniging van MY hand. Daar sal ‘n geween wees en ‘n gekners van tande wanneer EK kom om die aarde te reinig en die geldmagnate sal saam met hulle geld in die diepte van die aarde verdwyn om vir ‘n baie lang ruk daar te sit in die grootste pyn. Dit sal hulle loon wees, omdat hulle MY skepping die grootste pyn aangedoen het. Hulle wat glo dat daar nie ‘n God is nie, sal tot die groot skok kom en sal dan bid vir genade, maar MY stem sal stil wees, net soos hulle stemme stil was vir elke hongerige wat kom aanklop het om hulp. MY stem sal stil wees soos hulle stem stil was vir elke weduwee wat haar man verloor het weens hulle ongeregtigheid en MY stem sal stil wees soos hulle stemme stil was vir elke kind wat sy pa verloor het. So harteloos soos wat hulle was, so harteloos sal EK hulle behandel en sal hulle net gee wat hulle altyd wou gehad het. EK sal elkeen begenadig wat voor daardie tyd na MY kom en vergifnis vra en as EK sien dat hy werklik sy lewe verbeter en hom op die versorging

van armes toespits, sal hy ook deur MY gehelp word in die tyd van nood. Julle wat MY liefhet, het niks te vrees nie en Ek spoor julle tot groter liefde aan. MY liefling kinders, bewys liefde en genade aan ander, sodat EK dieselfde aan julle kan bewys. Dit wat jy saai, sal jy maai en jy sal kry wat jy aan ‘n ander gedoen het en daarom wil EK julle aanraai om in die grootste liefde te leef. Hierdie is ‘n waarskuwing aan almal wat MY nie liefhet nie en ‘n aansporing aan die wat MY liefhet.

Amen.

# Hoofstuk 50

*4 Jan.2008 6:20*

Ek staan by Jahshua en daar skyn ‘n mooi lig soos die vroeë môre son op HOM. Skielik is dit pikdonker om ons en Jahshua sê dat ek net na HOM moet kyk. Ek kyk na HOM en is glad nie bang nie. HY sê ek moet luister en sê wat ek hoor. Ek hoor die haastige voetstappe van swartes en hoor hulle gedemp praat. Hulle is baie haastig. Ek hoor vensters wat breek en deure wat met geweld oopgeskop word. Dan hoor ek hulle hard skree en praat en ek hoor mense gil. Ek hoor ‘n meisie gil en die aanvallers wat brul en onaardse geluide maak terwyl hulle die mense in die huis aanval en vermoor. Daar is verwoesting in daardie huis en ek hoor dat hulle goed breek. Jahshua sê dat ek saam met HOM in die huis in moet gaan. Ek is nie een vir geweld nie en vra HOM of dit werklik nodig is, omdat ek alreeds ‘n prentjie daarvan gevorm het, maar HY sê dat ek saam moet kom. HY is die hele tyd by my en wys alles wat daar gebeur het vir my. In die eerste kamer waar ons kom lê ‘n meisie op die grond en haar keel is afgesny en sy is onteer. Haar kaste se deure is stukkend geskop, maar niks is uit die kaste nie. Haar radio wat op die bedkassie gestaan het, is weg. Daar lê ‘n mes vol bloed op die vloer. Jahshua vat my na haar ouers se kamer en ek sien hulle lê nog in hulle beddens maar die beddegoed is heeltemal stukkend gekap en jy sien net bloed. Hulle is dwarsdeur die beddegoed in stukke gekap. Die spieël is stukkend en die kaste is ook net stukkend geskop. Daar is ‘n badkamer aan die kamer en daar is ook verwoesting gesaai. Ek het net een geweerskoot gehoor klap toe hulle in die huis ingegaan het en Jahshua sê dat hulle nie die mense wil skiet nie, omdat hulle ons so haat en hulle woede op ons wil uithaal deur net te kap en kap en kap. Jahshua sê dat die mense nie na SY waarskuwings wou luister nie. HY wys my hoe dit by die mense lyk wat HOM liefhet en SY waarskuwings ter harte geneem het. Ek sien daar is ook swartes en hulle staan buite die huis, maar kan nie inkom nie. Die mense slaap ook. Elke keer probeer een om deur te breek en dan gaan daar iets soos skokke deur sy liggaam en hy word agtertoe gegooi en hy skree van pyn. Hulle kan glad nie deurkom nie en

word deur Vader se engele weerhou daarvan. Vader sê dat ons wat HOM liefhet, beskerm sal word, hoewel ons ook aardse dinge gaan verloor, maar ons voertuie sal ook beskerm word.

**Vader dikteer:**

Hierdie is ‘n voorstelling van wat gaan gebeur in julle land. Dit sal net so gebeur in honderde huise en mense gaan links en regs deur julle verdrukkers vermoor word, maar MY kinders, wees nie bevrees nie. EK sal julle beskerm, net soos wat EK aan MY skryfkneg gewys het en EK sal julle deur al die gevare dra. Niemand sal geskaad word wat MY liefhet nie en EK sal persoonlik na elke een van julle omsien. Maar MY kinders, julle moet dit julle taak maak om MY elke dag te soek in die stilte van jou binnekamer en MY lief te hê. EK is nie net iemand om op terug te val wanneer jy in die moeilikheid is nie. EK is jou Vader en jou Vader moet jy liefhê. Julle staan onder geen dwang om MY lief te hê nie en EK wil nie outomate hê wat MY aanbid nie, maar vir julle eie beswil moet julle julle na MY haas met spoed, omdat hierdie dinge nie meer vêr is nie. EK weet wat in elke een se hart aangaan en weet ook wat die vyand in die geheim bespreek en beplan. EK waarsku julle dat die vyand buitengewoon wreed is en nie eers ‘n babatjie sal ontsien nie. MY skryfkneg is geskok en voel nie lekker hieroor nie en wil graag van MY weet wat sy moet doen met die mense wat nie wil hoor nie. EK het aan haar gesê dat EK haar net díe sal wys wat na MY woorde sal luister. Sy ken mense wat geen ag hierop slaan nie en wil ook hê dat EK hulle moet help, maar EK het aan haar gesê dat hulle van al hierdie dinge kennis dra, maar dit afmaak as praatjies. MY kinders, EK weet dat julle almal sulke mense ken en ook bekommerd oor hulle is, maar EK wil julle gerus stel deur te sê dat hulle dit so verkies. Hulle verkies om nie na MY waarskuwings te luister nie en sal die vrugte daarvan moet pluk. Elke een sal kry wat hy graag wil hê en as jy reg kies, is dit niemand se skuld as jou buurman verkeerd kies nie. MY kinders, EK wil elke een van julle na MY roep en julle versterk vir die tyd wat kom en EK wil julle verseker dat diegene wat op MY bly wag, niks sal oorkom nie. Die ander mense wat wel sal omkom omdat

hulle nie wil luister nie, sal ook deur MY begenadig word in die hiernamaals en dit sal vir hulle iets wees wat hulle moet deurgaan om gesuiwer te word. Onthou, die aardse lewe is nie die spil waarom alles draai nie en EK is bekommerd oor elke een se siel. Deurdat EK dit toelaat, sal hulle ook na MY begin roep en EK sal hulle te hulp snel, maar eers in die lewe hierna. Dit sal die enigste manier wees waarop EK nog ‘n bedorwe geslag kan red en hulle sal MY ook leer ken.Dit lyk vir julle wreed en onregverdig omdat EK gesê het dat julle nie meer met die wat nie wil hoor nie, moet praat nie, maar dit is hulle keuse en julle mag ook niemand dwing nie, omdat EK niemand dwing nie. EK is ewig genadig en sal hulle ook genade bewys op die regte tyd. Hier op aarde in hulle aardse liggame is egter nie die regte tyd nie en hulle sal eers deur diep waters moet gaan sodat hulle gereinig kan word. Dit is ook deel van die reiniging van MY volk en EK sal elke liewe mens reinig, al bly hy leef in die duister tyd wat kom. Julle sal almal ‘n swaar tyd tegemoet gaan en sal daardeur van alle onsuiwerhede in julle gesuiwer word. Dit is nie net die ongehoorsames wat gesuiwer moet word nie en EK sal met elke een werk. Julle besef nie julle eie onreinheid nie en sal eers daarvan bewus word, terwyl EK julle skoonmaak. Maar een ding moet julle onthou en dit is, dat alles wat EK doen, net uit die grootste liefde gedoen word en dit julle almal, selfs die wat wreed vermoor word, tot voordeel sal strek. EK wil julle almal eendag teen MY bors vasdruk en sal dit nie nou kan doen terwyl julle so onrein is nie. Sien MY liefde in die reiniging en julle sal bly leef. Gee julle aan MY oor en die reiniging sal dan ook op die sagste manier geskied. Die wat hulle nie aan MY reiniging wil oorgee nie, sal op die harde manier gereinig word en moenie MY beskuldig van hardheid nie, omdat EK net moet doen wat vir hulle sieleheil die beste is. Daar is die onder julle wat alreeds die reiniging ondergaan en sal daarvan kan getuig dat EK baie sag te werk gaan wanneer alles net so in MY hande oorgegee word. MY kinders, EK moet julle bad, want julle is vol modder en julle kan dan nie op MY skoot sit nie. As jy stilsit terwyl EK jou bad, is dit vinnig oor en jy sal rein wees om op MY skoot te sit, maar aan die wat nie wil stilsit nie, wil EK sê “Dit sal jou eie skuld wees as EK harder moet werk om jou skoon te maak.” EK sê hierdie nie aan julle om julle bang te maak nie, maar omdat EK julle goeie raad wil gee.

Amen.

# Hoofstuk 51

*4 Jan.2008 22.45*

Jahshua het ‘n klont in SY regterhand en HY maak SY hand toe. Toe HY SY hand oopmaak is daar niks in SY hand nie, maar ek weet HY het die klont fyn gemaak. HY sê ek moet om my kyk en ek sien ek staan in ‘n land. Die grond is ook vol klonte. Terwyl ek nog kyk, word die grond gelyk en die saadbed is perfek om in geplant te word. Ek sien daar kom voortjies en die land is beplant. Terwyl ek so kyk, kom daar sprietjies van koring tevoorskyn en die koring groei baie mooi. Toe hulle hoog was en vol are, vra Jahshua vir my of hulle gereed is om geoes te word. Ek sê nee, omdat dit nog grasgroen is. Jahshua vra my wat hulle nodig het om ryp te word. Ek antwoord HOM – droogte of koue – ek ken nie koring so goed nie, maar weet dat dit die regte weersomstandighede nodig het. Die koring word skielik ryp en daar is rooi stropers in die land besig om die oes af te haal. Jahshua sê dat in die verlede, dit ‘n baie tydsame proses was om die koring af te haal - maaiers wat sny en gerwe bind. Dan moes dit na die skuur gedra word. Daarna kon die koring en die kaf eers geskei word. Maar nou gaan Vader dit alles met een slag doen soos ‘n stroper alles gelyk doen. Ek sien die koring in sakke. Ek vra vir Jahshua of die rooi kleur van die stropers iets beteken en HY sê dit beteken dat daar baie bloedvergieting gaan plaasvind. Jahshua vra my wat ‘n mens doen met koring wat nie vrug dra nie en ek sê dat mens dit weer terugploeg in die aarde. Jahshua sê dat dit is wat HY met die goddeloses, wat nie vir HOM vrug dra nie, gaan doen. HY gaan hulle almal weer terugploeg in die aarde. HY sê dat HY weer die lande gaan bewerk en beplant en dat HY nie weer die lande gaan oes nie. HY gaan die koring net so op die land los om saad te maak en die saad sal dan weer opkom. Die koring sal dan veelvuldig vrug dra. HY sê ook dat HY nie nodig het om die koring in te samel nie, omdat daar nie voëls of iets sal wees om SY koring te vernietig nie. Dit is die mense van die nuwe aarde en hulle sal vrug dra en daar sal niks wees wat hulle sal bedreig of bedorwe maak nie. Daar sal vrede op die nuwe aarde wees. Jahshua sê HY is die landbouer.

**Vader dikteer:**

EK is die ware Landbouer wat weet wanneer om te plant en wanneer om te oes. Die oes is al amper gereed om ingebring te word en EK sal MY stropers instuur om onder MY koring te maai. MY stropers sal EK instuur en hulle sal net die suiwer koring na MY bring waar EK hulle sal weeg en in sakke sit. Die kaf sal agter uitwaai en deur die wind verstrooi word en daarna sal EK kom met MY implemente en weer die land omploeg. Al die kaf en die wat nie vrug gedra het nie, sal dan weer in die aarde in teruggeploeg word. Is dit wreed? Is dit onregverdig van ‘n boer om die kaf weer terug te ploeg in die aarde in? Wat moet hy daarmee maak, as hy dit in sakke gegooi het? Is dit goed vir enige iets anders as om verbrand of terug geploeg te word? Nee, MY kinders dit is onbruikbaar en kan net gebruik word om die grond weer vrugbaar te maak. EK sal nie ophou om MY lande te bewerk nie en sal daarna weer MY lande beplant en hierdie keer sal al die voëls gebind wees en in hokke gegooi word, sodat hulle nie MY koring kan opvreet en beskadig nie. Daar sal ook geen slegte weersomstandighede wees wat dit tot niet kan maak nie. Dink na oor hierdie beeldspraak van MY en weet dat dit die einde van tye is. Die tye gaan buitengewoon fel wees en net die egte koring gaan in die stroperbak agterbly. Sorg daarom dat jy begin vrug dra, omdat die oestyd baie naby is.

Amen.

Dit is die einde van die boek van “***Die bevryding***” en EK sal julle nog steeds voed met ander geskrifte. Dink nie dat dit die einde van MY Woorde aan julle is nie, omdat EK oneindig is en alles aan julle bekend wil maak wat julle nodig het om vir MY vrug te dra. Niemand kan sê dat hy nie geweet het nie en niemand kan sê dat EK nie genadig is nie, omdat EK MY weer oor julle ontferm en julle sál gered word. MY kinders, wees net getrou en eet MY Brood wat EK aan julle gee, want dit gaan vir julle die lewe gee.

Amen.

**DIE EINDE**